U.O.V.S
Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0135595
111044605902220000010

12/117

# GODSDIENS IN DIE BATHO-LOKASIE

deur

MATTHÉÜS GERHARDUS FOURIE

Voorgelê

ter vervulling van 'n deel

van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

In die Fakulteit van

Lettere en Wysbegeerte,

Universiteit van die

Oranje-Vrystaat,

B L O E M F O N T E I N.

DESEMBER 1971.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

1 5- 5- 1977

KLAS No. T 299.6831 Fou

No. 135595

BIBLIOTEEK

# VOORWOORD.

Die skrywer wil graag sy dank en waardering betuig teenoor:

(a) Prof. Dr. F.J. Language wat ingewillig het om as studieleier op te tree en in besonder vir die ondubbelsinnige leiding wat van hom ontvang is.

(b) Die leraars van die Blanke kerke van Bloemfontein, sowel as van die Bantoekerke in Batho wat my behulpsaam was.

(c) Die beamptes van die kantoor van die Bestuurder van die Departement van Nie-blanke Administrasie van die Stadsraad van Bloemfontein.

(d) Mej. M. Delport wat die verhandeling getik het.

(e) My vrou vir haar onvermoeide aansporing.

(f) My Hemelse Vader vir sy leiding en hulp waarsonder ek nie in staat sou wees om hierdie verhandeling te skryf en te voltooi nie.

M.G. FOURIE.

BLOEMFONTEIN.
DESEMBER 1971.

## I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

HOOFSTUK I: INLEIDING.

1. Die Keuse van die onderwerp:............ 1
2. Doelstelling:......................... 2
3. Metode:............................... 3
4. Woordbepaling:........................ 5

HOOFSTUK II: DIE BATHO-LOKASIE EN SY INWONERS.

1. Die Woonbuurt self:.................... 6
2. Behuisingskemas:...................... 10
3. Die aanhou van diere:................. 14
4. Gesondheid:........................... 15
5. Handel dryf:.......................... 16
6. Werksomstandighede:................... 17
7. Onderwys:............................. 18
8. Die alledaagse lewe van die inwoners:... 19
9. Departementele Organisasie:............ 22
10. Handhawing van Wet en Orde:............ 24
11. Voorwaardes vir inwoning in die lokasie; 24

HOOFSTUK III: DIE TRADISIONELE GODSDIENS VAN DIE INWONERS VAN DIE BATHO-LOKASIE.

1. Inleiding:............................ 28
2. Persoonlike Supernaturalisme:.......... 30
   - (a) Oppergodsgedagte: ................ 30
   - (b) Die geloof in Voorvadergeeste: .... 32
     - (i) Die bestaan van die geeste: .. 32
     - (ii) Die verering van die geeste: . 34
   - (c) Die aanbidding van heldefigure: ... 36
3. Onpersoonlike Supernaturalisme (Magie):. 37
   - (a) Wat is Magie: .................... 37
   - (b) Waar vertoef dit: ................ 41
   - (c) Aanwending van hierdie krag: ...... 42
     - (i) „Wit" of goedwillige towerkuns: 42
       - (aa) Genesing van siektes: ... 43
       - (bb) Beskerming teen gevare: . 44
       - (cc) Versekering van voorspoed: 45
     - (ii) „Swart" of kwaadwillige tower= kuns: ...................... 45
   - (d) Persone wat hierdie krag hanteer: . 48
     - (i) Die roeping van die dokters: . 48
     - (ii) Groepe van toordokters: ...... 49

Hoofstuk III (vervolg) - ii -

HOOFSTUK III (Vervolg)

Bladsy

(aa) Die Medisynedokters: .... 49
(bb) Die Divinasiedokters: ... 49
(cc) Die Geestesmedia ........ 50
(iii) Toormiddels: ................ 50
4. Taboe: ................................ 51
5. Magie en godsdiens-verhouding: ......... 51
6. Bantoegodsdiens en die res van die kul= tuurpatroon: ........................ 52
(a) Ekonomiese organisasie en aktiwi= teite: ......................... 53
(b) Reg en regeringstelsel: .......... 54
(c) Sosiale organisasie: ............. 54
(d) Opvoedkundige stelsel: ........... 55
(e) Taal: ............................ 55
(f) Tegniese en skoonheidskeppinge: ... 56

HOOFSTUK IV: DIE BEOEFENING VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS IN DIE BATHO-LOKASIE.

1. Inleiding: ............................ 57
2. Die geskiedenis van die Sendingaksie: .. 62
3. Die huidige posisie i.v.m. die toelating van leraars en evangeliste tot Bantoe= woongebiede en die toekenning van per= sele vir hierdie doel: ................ 65
4. Kerklike denominasies in Batho: ........ 68
5. Die opleiding van Bantoeleraars en -prie= sters: ................................ 70
6. Die Verantwoordelikhede en invloed van die Bantoeleraars en -priesters: ....... 73
7. Kerkgeboue en ander geriewe: ........... 76
8. Kerkregering: .......................... 77
9. Finansiering van die kerke: ............ 80
10. Die getuienis na buite (selfuitbreiding): 82
11. Kerklike lewe: ......................... 84
(a) Die Lidmate: ...................... 84
(b) Die Jeug: ......................... 90
(c) Die Kerkdienste: .................. 94
(i) Die toerusting van die kerke:. 94
(ii) Aantal dienste: .............. 95
(iii) Die aard en liturgie van die kerkdienste: ................. 98
(aa) Doop: .................. 102
(bb) Gesondmaking (Geloofsge= nesing): ............... 103
(cc) Die droom: ............. 104
(d) Interkerklike verhoudinge: ........ 105
12. Die kerke en die algemene struikelblokke in verband met hul werk: ............... 106

HOOFSTUK IV (vervolg

Bladsy


(a) Die misbruik van sterk drank: ...... 108
(b) Misdaad, Bendes, Dagga en Dobbel: .. 111
(c) Onsedelikheid: .................... 112
(d) Literatuur: ....................... 115

13. Die breëre beïnvloeding van die inwoners van Batho op godsdienstige vlak: ........ 116

HOOFSTUK V: DIE HUIDIGE BEOEFENING VAN DIE TRADISIONELE GODSDIENS VAN DIE BANTOE DEUR DIE INWONERS VAN BATHO:

1. Inleiding: ............................ 118
2. Voorouerverering:...................... 121
3. Magie: ................................ 124

(a) Tydens hofsake: ................... 125
(b) Tydens siekte: .................... 126
(c) Tydens eksamens: .................. 126
(d) Tydens begrafnisse: ............... 127
(e) Tydens die huwelikslewe: .......... 127
(f) In verband met werk: .............. 127
(g) In verband met sport: ............. 128

4. Sinkretisme: .......................... 128
5. Die breëre beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe deur die inwoners van Batho: .................... 130

(a) Inisiasie: ........................ 130
(b) Bogadi: ........................... 132
(c) Huwelik: .......................... 134
(d) Poligamie: ........................ 135

6. Taboe: ................................ 137

HOOFSTUK VI: DIE CHRISTELIKE IDEAAL:

1. Inleiding: ............................ 139
2. Die godsdienstige klimaat in Batho: ..... 140

(a) Die aanvaarde Christene: .......... 141

(i) Die Liggaamlike: ............. 142
(ii) Die Intellektuele: ........... 143
(iii) Die Morele: .................. 143
(iv) Die Gesinslewe: .............. 144
(v) Die Stam en Staatkundige lewe: 144
(vi) Rasseverhoudinge: ............ 145
(vii) Christen-Bantoe vergeleke met die nie-Christen-Bantoe: ...... 145

(b) Die Tradisionaliste: .............. 146
(c) Die Tussengroep: .................. 149

HOOFSTUK VI (vervolg)

Bladsy

(i) Die onaktiewe kerklidmate: .... 149
(ii) Die Parallelklas: ............ 150

3. Die Betekenis van die verskillende kerk=like denominasies vir die Bantoe-Chris=tene van Batho: ........................ 151
4. Stremmende faktore: .................... 153

(a) Omstandigheids- of Primêre faktore: 153

(i) Die separatistiese kerke: ..... 154
(ii) Die verskeidenheid en verskeurd=heid van die kerke: ........... 155

(b) Omgewings- of Sekondêre faktore: ... 157

(i) Oorbewoning: .................. 157
(ii) Armoede en die geldjag: ....... 158
(iii) Die invloed van die Blankes: .. 159
(iv) Gebrek aan aansluiting (aanpas=sing) by die Bantoekultuur: ... 161

HOOFSTUK VII: SLOT: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS:

1. Gevolgtrekkings: ........................ 168
2. Aanbevelings: ........................... 172

BIBLIOGRAFIE: ............................................. 179

BYLAE A: .................................................. 181

## HOOFSTUK I.

## INLEIDING.

1. Die keuse van die Onderwerp:-

Wat die belangrikheid van 'n studie oor die godsdiens van 'n volk betref, kan ek maar net verwys na wat Malefÿt daaroor te sê het:

> „Religion is one of the most important aspects of culture studied by anthropologists and other social scientists. Not only is it found in every known human society, it also significantly interacts with other cultural institutions. It finds expression in material culture, in human behavior, and in value systems, morals and ethics. It interacts with systems of family organization, marriage, economic, law, and politics; it enters into the realms of medicine, science, and technology; and it has inspired rebel= lions and wars as well as sublime works of art".[1)]

Die opheffing en ontwikkeling van die Bantoe van Suid-Afrika is die Godgegewe roeping en verantwoordelikheid van elke Blanke, en meer be= paald van die kerke. As Christen is elke lid van ons Volk geroep tot die amp van Profeet, Priester en Koning. In sy profeetskap lê sy sending= roeping opgesluit. Elke Christen is dus 'n sendeling, nie kragtens 'n spesiale roeping nie, maar kragtens sy Christenskap. Hieruit vloei dit dus vanselfsprekend voort dat hierdie studie ook van belang sal wees vir alle ware Christene en die Kerke wat erns maak met hul roeping.

Die keuse van die Batho-lokasie, wat ongeveer 'n 1/3 deel van die hele lokasie van Bloemfontein uitmaak, as studieterrein, was om verskeie redes, waarvan die volgende die belangrikste is:

(a) Batho is die oudste bestaande lokasie van Bloemfontein wat meebring dat ons hier te doen het nie slegs met 'n gevestigde woonbuurt nie, maar hier ook Bantoes, enkelinge en gesinne aan= tref wat in die lokasie gebore en opgegroei het en wat gevolglik langer as diegene in die ander lokasies onder die intensiewe be= arbeiding van die kerke staan.

---

1) Malefÿt, A. De Waal, Religion and Culture, p.1

2/.....

(b) Dit is 'n feit dat hoe kleiner die terrein van navorsing is, hoe intensiewer kan navorsing gedoen word en gevolglik is die gegewens ook meer betroubaar.

(c) Die laaste rede hang saam met die feit dat ek tydens hierdie studie te Bloemfontein werksaam was. Dit het die voordeel gehad dat ek gedurig by die terrein, waarin die navorsing gedoen moes word, was wat op sigself baie vanselfsprekende voordele ingehou het.

2. Doelstelling:

Dit moet onmiddellik duidelik gestel word dat hierdie nie bedoel is om 'n akkulturasiestudie te wees nie. Dit is slegs 'n poging om iets, hoe onvolledig en beperk ook al, by te dra tot 'n beter begrip van die manier waarop die Stadsbantoe godsdiens beoefen, en dan gods= diens in die breëre sin van die woord wat sowel die beoefening van die Christelike Godsdiens as die tradisionele godsdiens van die Bantoe in= sluit. Dit is m.a.w. 'n poging om die veranderinge wat daar op die gebied van die godsdiensbeoefening ingetree het a.g.v. die beïnvloeding van die verskillende kerklike denominasies as die draers van die Christelike Boodskap weer te gee en te evalueer.

Die uitwerking wat hierdie beïnvloeding op die breëre lewenspatroon van die inwoners van Batho het, is implisiet in die beskrywing vervat.

Hierdie studie het dus ten doel om 'n diens te lewer aan die Volkekunde. Daarom is dit nie primêr 'n studie vir die Christelike sending nie. Uiteraard sal sodanige gegewens nie ontbreek nie omdat die aktiwiteite en invloed van die verskillende kerklike denominasies onder die Stadsbantoe belig word.

Omdat die beïnvloeding van die inwoners van Batho op godsdienstige gebied nie net aan die verskillende kerklike denominasies gewyt word nie, is die lig ook laat val op die invloed wat daar op hierdie ge= bied van die kant van die Blankes van die Stad uitgaan.

3. Metode:

Hierdie is 'n volkekundige studie gebaseer op empiriese navorsing. Hoofstukke II en III, waarin die algemene lewenswyse en die tradisionele godsdiens van die inwoners van Batho onderskeidelik breedvoerig behandel word, dien eintlik net as agtergrond vir Hoofstukke IV, V en VI waar die tema van hierdie verhandeling eintlik ontplooi word.

Dit geskied op die volgende wyse:

Hoofstuk IV: 'n Gedetailleerde beskrywing van die beoefening van die Christelike Godsdiens deur die inwoners van Batho.

Hoofstuk V: 'n Beskrywing van die beoefening van sekere elemente van die tradisionele godsdiens wat nog oorgebly het.

Hoofstuk VI: Hierdie hoofstuk is 'n verdere uitbouing van die feite soos verstrek in hoofstukke IV en V. Dit is, gemeet aan die Christelike ideaal, 'n evaluering van die geestelike klimaat in Batho waar die lig ook laat val word op die vernaamste stremmende faktore in die uitbreiding van die invloed van die Christendom en die kerke. Hierna volg die slot en enkele aanbevelings.

Navorsing oor hierdie onderwerp is gedoen gedurende die tydperk Januarie 1970 tot Desember 1971. Daar is van verskeie metodes gebruik gemaak ten einde so veel inligting as moontlik te bekom. So is gebruik gemaak van 'n uitvoerige vraelys wat so goed as moontlik versprei is, nie net onder Bantoeleraars, -priesters en ander kerkleiers nie, maar ook onder Blanke leraars van kerke wat in 'n noue verband staan met die erkende Bantoekerke in Batho. Die vraelyste wat Bantoeleraars ingevul het is ook so ver moontlik gekontroleer deur die Blanke leraars onder wie se toesig en leiding die Bantoekerke ressorteer.

Naas die gebruikmaking van vraelyste is daar ook met die volgende persone en verteenwoordigers van instansies onderhoude gevoer:

(a) verskeie Blankes en Nie-blankes verbonde aan die S.A. Polisie;

(b) verskeie sendelinge en sendingkundiges met jarelange ondervinding van die sendingwerk in die lokasie van Bloemfontein;

(c) byna al die Bantoeleraars en -priesters van die erkende kerke in Batho;

(d) die Bantoe maatskaplike werker van die munisipale Bantoe-admini= strasie;

(e) verskeie Blanke beamptes van die kantoor van die munisipale Bantoe-administrasie;

(f) die Blanke geestelike werkster onder die Bantoe van die N.G. Kerk;

(g) verskeie gewone lidmate van kerke in Batho.

Ek het ook vir 'n paar weke van die dienste van 'n Bantoe, wat sy studies as leraar voltooi het en onder beroep na 'n gemeente gestaan het, gebruik gemaak. Daar is egter meesal van hom gebruik gemaak om voorbereidingswerk by die Bantoeleraars, -priesters en leiers van die verskillende kerke te maak vir die latere onderhoude wat ek persoonlik met hulle gevoer het.

Wat die onderhoude betref moet egter steeds onthou word dat, hoe eg en nou hierdie kontak ook al was, ek in die laaste instansie Witman is en 'n buitestaander. Daarom het ek my nie bloot op my eie waar= nemings verlaat nie, maar ook onderhoude gevoer met andere wat, vanweë jarelange ondervinding, 'n wye kennis het van sake van hierdie aard.

Ten slotte is ook, naas my eie waarneming tydens besoeke in Batho, dankbaar gebruik gemaak van bestaande werke wat oor die Bantoe in die Stad handel. Maar ook hier het ek slegs van gegewens gebruik gemaak wanneer dit geblyk het dat dit ooreenstem met die situasie in Batho. Ek moet egter in hierdie verband spesiaal melding maak van die feit dat ek my, wat die separatistiese kerke betref, tot 'n groot mate, maar dan steeds oordeelkundig en so ver as moontlik getrou aan die werklike situasie in Batho, laat lei het deur die boek van B.G.M. Sundkler: Bantu Prophets in South Africa (Second Edition).

Nogtans is ek daarvan bewus dat, uit die aard van die gekompliseerde situasie van die Bantoe in die stad, afleidings en waarnemings kan gemaak gewees het wat die kol mis. Maar dit is 'n waagstuk wat enige skrywer, wat so 'n onderwerp wil aanpak, moet neem.

5/.....

4. Woordbepaling:-

(a) „Erkende Kerke": Vir die doeleindes van hierdie verhandeling beteken „erkende kerke" dié kerke wat in 'n noue verband staan met een of ander Blanke kerk. M.a.w. dié kerke in Batho wie se be= staan voortgevloei het uit die sendingywer van Blanke kerke. Die „erkende kerke" word dan onderskei van die separatistiese kerke, nl. dié kerke wat onder die Bantoe self ontstaan het a.g.v. afskeiding van die erkende kerke om in baie gevalle maar net later weer op te splits in verdere groepe met ander name.

(b) „Poligamie": Met „poligamie" word deurgaans slegs veelwywery bedoel.

NOTA: BLADSYNOMMER 46 ONTBREEK.

# HOOFSTUK II

## DIE BATHO-LOKASIE EN SY INWONERS.

1. Die Woonbuurt self:-

Alhoewel Bloemfontein nie bekend is as 'n groot industriële sentrum of nywerheidstad nie, is die totale Bantoebevolking in die lokasie ongeveer 65 000. Die lokasie is aan die ooste- en suid-oostelike kant van die stad geleë. Die Batho-lokasie, die terrein waarin navorsing gedoen is, is een van vier woonbuurtes vir die Bantoe wat deur die Bloemfonteinse munisipaliteit daargestel is en is ook die oudste van die vier. Die ander drie staan bekend as Phahameng, Bochabela en Rocklands (kagisanong). Die woonbuurtes is egter so in een gestrengel dat geen definitiewe skeidslyne be= staan nie. Die hele lokasie is egter tot een groot Bantoegebied geproklameer. Die verskillende name is dus slegs wyke van hierdie gebied. Hiernaas is daar ook die Spoorwegbantoekampong waarin meer as 3 000 Bantoemans gehuisves word. Hierdie kampong is egter buite die grense van die lokasie, teen die westelike grens daarvan geleë, en slegs Bantoemans wat in diens van S.A.S. en H. is, kan hier tuis= gaan.

Ten einde 'n volledige idee te kry, kan daar nie nagelaat word om te noem nie dat uit die hele lokasie meer as 8 500 Bantoebediendes, wat as huis- en tuinbediendes in die blankegebiede werk, deur hul werkgewers in hul agterplase gehuisves word. Eintlik vorm hierdie tuin- en huisbediendes dan 'n afsonderlike groep.

Die Batho-lokasie het ontstaan nadat die munisipaliteit besluit het om die inwoners van Waaihoek, die ou woonbuurt wat nader aan die stad geleë was, oor te plaas na Batho in die jare ± 1928 - 1930.

Batho is ongeveer 2.5 kilometer van die middestad van Bloemfontein geleë en kan dus redelik maklik bereik word per teerpad. Die munisi= paliteit stel gereelde busdienste tot die beskikking van die inwoners en dié word meesal deur die vroue gebruik. Die meeste mans ry per fiets of stap na hulle werk.

Die inwoners van Batho, wat (volgens statistiek Desember 1970) 18 704 tel, is soos volg saamgestel:

TABEL A.

| | Mans bo 18 jr. | Mans onder 18 jr. | Vroue bo 18 jr. | Vroue onder 18 jr. | Totaal | In persen= tasie tot die naaste |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tswana | 3 264 | 2 149 | 4 325 | 2 146 | 11 884 | 64% |
| Suid-Sotho | 1 141 | 779 | 1 339 | 771 | 4 030 | 21% |
| Noord-Sotho | 20 | 8 | 8 | 9 | 45 | ,24% |
| Xhosa | 429 | 327 | 589 | 337 | 1 682 | 9% |
| Swazi | 4 | 4 | 15 | 10 | 33 | ,18% |
| Zoeloe | 83 | 63 | 92 | 63 | 301 | 1,61% |
| Venda | 1 | 4 | - | 3 | 8 | ,04% |
| Ander | 197 | 117 | 299 | 108 | 721 | 3,86% |
| Totaal | 5 139 | 3 451 | 6 667 | 3 447 | 18 704 | |

In Batho is daar geen sprake van etniese groepering nie en mense wat verteenwoordigers is van verskillende Bantoestamme woon hier deurmekaar. Volledigheidshalwe moet gemeld word dat daar ten spyte van die feit dat daar 'n aparte woonbuurt vir kleurlinge bestaan, tans nog kleurlinge in Batho woon, maar baie min in getal.

Die 18 704 inwoners van Batho bestaan uit 3 962 gesinne waarvan 2 104 gesinne (d.w.s. 10 663 persone) in huise woon en 1 858 gesinne (d.w.s. 6 927 persone) loseer. Die totaal enkellopende persone beloop 1 114 waarvan 931 loseer en die res in huise woon. Die loseerders loseer òf in die een groot hostel wat in Batho geleë is, òf by ander gesinne in huise.

Soos ek later breedvoeriger sal aantoon, het ons in Batho hoofsaaklik veral met twee tipes van woonhuise te doen nl. munisi= pale eenhede, d.w.s. woonhuise deur die munisipaliteit opgerig, en eienaarseenhede, d.w.s. woonhuise deur die Bantoes self opgerig.

Ten einde 'n beeld te kan vorm van die bewoningsyfer per eenheid in Batho, volg hieronder 'n uiteensetting van die aantal huise, vertrekke en getal persone wat dit bewoon. Alvorens ons egter daarby stilstaan, dien dit daarop gewys te word dat die hele ge= proklameerde Bantoewoonbuurt van Bloemfontein vir administrasie= doeleindes in 3 groot dele verdeel is. Dit bring mee dat die Batho-lokasie saam met ± 1/3 deel van Bochabela-lokasie administreer

word en dus een van die drie groot dele vorm. Die getalle wat ek dus hieronder sal verstrek, het nie slegs betrekking op Batho nie, maar sluit ± 1/3 deel van Bochabela in. Dit bring 'n addisio= nele 9 255 persone in berekening met 'n totaal van 27 959 persone teenoor die 18 704 wat binne die grense van Batho woon (Volgens statistiek Desember 1970). Dit behoort egter geensins te verhinder om 'n duidelike beeld te kry van die gemiddelde bewoningsyfer per eenheid van Batho nie.

TABEL B.

| | 1 ver= trek | 2 ver= trekke | 3 ver= trekke | 4 ver= trekke | 5 of meer vertrekke | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| (a)(i) Aantal Munisi= pale-eenhede met | | 122 | 65 | 173 | 27 | 387 |
| (a)(ii) Aantal persone wat bogenoemde bewoon | | 336 | 281 | 4 466 | 850 | 5 933 |
| (b)(i) Aantal Eienaars= eenhede | 1 | 113 | 177 | 716 | 662 | 1 669 |
| (b)(ii) Aantal persone wat bogenoemde bewoon. | 13 | 1 236 | 1 697 | 8 140 | 10 940 | 22 026 |

Gevolgtrekkings:

Die 387 eenhede of huise genoem onder (a)(i) hierbo bestaan uit 1 166 vertrekke wat bewoon word deur 5 933 persone. Dit bring mee dat minstens 5 persone in een vertrek woon. Die 1 669 eenhede of huise genoem onder (b)(i) hierbo bestaan uit 6 932 vertrekke wat bewoon word deur 22 026 persone. Dit het ook weer tot gevolg dat daar gemiddeld 3,2 persone 'n enkele vertrek bewoon. 'n Verdere afleiding wat gemaak kan word is dat 27 959 mense in 2 076 eenhede of huise gehuisves word, afgesien van besoekers wat daar kom slaap of kuier. Dit gee 'n gemiddelde inwoningsyfer van 13,5 mense per huis. Dit is 'n buitengewone hoë syfer as ons in aanmerking neem dat die oorgrote meerderheid huise drie of vier vertrekke het.

In Batho is daar 'n groot probleem van oorbewoning en in baie gevalle tref ons in een huis 'n drie-generasie-huishouding aan, d.w.s. grootouers, ouers en kinders. Baie ongetroude moeders bly met hul kind(ers) by hul ouers.

9/.....

Aangesien die woonbuurt min of meer veertig jaar gelede aangelê is, is die meeste geboue oud en dit skep nie meer so 'n netjiese indruk nie. Die meeste mense in Batho besit hulle eie standplase, aangesien die munisipaliteit se bouskema eers in die aangrensende woonbuurt, Bochabela, wat later as Batho aangelê is, begin het.

Die algemene grootte van die erwe is 50 x 100 voet. In die meeste erwe is daar wonings wat van enige soort materiaal aanmekaar geslaan is waarin huurders woon. Verder word 'n mens getref deur die enerse boustyl van die steenwonings. Oor die algemeen is die huise in Batho nie van 'n baie swak gehalte nie, hoewel groot getalle wonings verweer, onhuislik en onnet daar uitsien. Met onnet en onhuislik word ook die binnekant van die woning, soos swak meubilering, oorbewoning en die algemene lewenstandaard van die mense bedoel.[1)]

Die meeste huise in Batho bestaan uit twee, drie of vier vertrekke. Huise deur die munisipaliteit gebou, bestaan meesal uit twee vertrekke. Hierdie huise mag nie onderverhuur word nie.

Die erwe is baie klein en die meeste van hulle bevat, benewens die latrine en een of ander verhuurders-„huis" ook ou rommel soos hoenderhokke, duiwehokke of ou motors. Die strate is baie keer onnet en byna onrybaar en die plekke waar water verkry word, staan met groot plasse water. Afgesien van die feit dat daar vullisblikke aangebring word deur die munisipaliteit, gooi mense nog partykeer hulle vullis in die strate. Die strate waar so baie kinders heeldag gesien word, is tewens nie die gewenste plek van saamverkeer nie.

Al die speletjies van kinders is ongekontroleerd en vind meestal in die strate plaas, omdat die erwe geen ruimte bied daarvoor nie en omdat daar in Batho geen speelpark is nie. Die speelpark wat die munisipaliteit wel daar tot stand gebring het, was sonder 'n toesighoudende persoon en spoedig is al die geriewe daar verniel en gebreek. Die woonbuurt se strate is hul vernaamste speelplek

---

1) Kruger, P.J.H., Die lewenspatroon van die Bantoekinders in die Bantoewoonbuurt Batho - Bloemfontein (1963)

en is daar letterlik honderde kinders op straat gedurende die dag - klein kinders sowel as jong mense. 2)

Waterkrane is op min of meer ewe-ver plekke van mekaar langs die strate geplaas. Die inwoners mag egter nie hulleself of hul wasgoed by die krane was nie, maar net by hul tuistes.

2. Behuisingskemas:-

Alhoewel die enigste behuisingskema wat tans deur die munisi= paliteit voorsien word dié is waar die plaaslike owerheid die huise bou en dan aan die Bantoe verhuur, was dit egter nie altyd die geval nie omdat daar met die totstandkoming van Batho ander skemas in werking was, sal ek kortliks daarby stilstaan.

Sedert die stigting van die Bloemfónteinse naturellelokasie in 1861 was dit deurgaans die beleid van die Raad om naturelle toe te laat om hulle eie huise op te rig. Selfbou- of hulpbouskema is aan= vaar as die primêre behuisingsmetode. Munisipale behuising het alleen 'n aanvullende rol vervul en die inwoners is aangemoedig om hulle eie huise te bou. Indien hulle finansieel nie sterk genoeg is om op eie inisiatief die koste daarvan te dra nie, het die Raad 'n skema in die lewe geroep waarvolgens hy hulp aan sulke persone verleen. 3)

Die Raad het dan ook van tyd tot tyd standplase vir hierdie doel daargestel wat nie kleiner mag gewees het as 50 x 50 voet nie. Die finansiële hulpverlening het sy oorsprong in 1923 gehad. Die del= gingstydperk van hierdie lening het oor 25 jaar gestrek. Die lenings wat deur die Raad aan die Bantoes voorgeskiet is, het nie bestaan uit kontantvoorskotte nie, maar in die uitreiking van boumateriaal wat deur die Raad in groot hoeveelhede aangekoop is. Die voorwaardes waaronder die materiaal uitgereik is, het van tyd tot tyd gewissel. Dit het egter daarop neergekom dat 'n persentasie

---

2) Kruger, P.J.H., op cit. p.37

3) Taljaard, J.C., Die Naturelle-Administrasie van die Stad Bloemfontein (1953)

van die koopprys kontant betaal moes word en dat die res van die balans in maandelikse paaiemente, wat gewissel het van R1 tot R2, betaal moes word. So was die rente op die lening op 'n stadium bereken teen 5% per jaar. 4)

Aanvanklik is slegs boumateriaal vir die oprigting van twee vertrekke voorsien (R150 nie te bowe gaande nie). Na voltooiing van hierdie vertrekke tot bevrediging van die Bestuur en na 'n aanmerklike vermindering van die skuld, kon 'n tweede lening van die applikant oorweeg word. Enige gebou waarmee daar 'n aanvang gemaak is, moes klaar gebou en binne nege kalendermaande voltooi wees. Geen persoon aan wie 'n voorskot uitgereik was, het die reg gehad om sonder die skriftelike toestemming van die Bestuurder sodanige gebou te verkoop of sy eiendomsreg en belang daarin af te staan of te sedeer aan enige persoon solank as die voorskot nog uitstaande was nie.5)

Enige persoon wat in gebrekegebly het of geweier het om enige som waarvoor hy verantwoordelik was binne drie maande vanaf die verval= dag te betaal, kon deur die Bestuurder gelas word om hom onverwyld uit die lokasie te verwyder. Enige persoon wat in gebreke gebly het om sodanige opdrag uit te voer sou aan 'n oortreding skuldig wees en die hof kon, behalwe die oplegging van 'n boete, gelas het dat so 'n persoon uit die lokasie verwyder word.6)

Die planne van die huise is in oorleg met die bouklerk opge= stel en deur die Bestuurder en die gesondheidsinspekteur goedgekeur. Die huise is van klip, stene of beton gebou met meesal sinkdakke. Geen perseel is bewoon alvorens daar nie 'n latrine opgerig was nie. Alle geboue voor aan 'n straat moes van spitsdakke voorsien wees. Die huise moes behoorlik in stand gehou word. Skriftelike magtiging van die Bestuurder, wat elke 6 maande hernu moes word, moes verkry word indien kamers verhuur is. Die meeste standplaashouers verhuur dan ook kamers aan andere. Die huurder verskaf eie meubels en moet self sorg vir sy etes.7)

---

4) Taljaard, J.C., op cit.

5) Ibid

6) Ibid

7) Ibid

Die kwalifikasies wat gegeld het vir die toekenning van 'n stand= plaas was soos volg: Elke persoon bo die ouderdom van 18 jaar wat begerig was om in die lokasie te woon en vir dié doel 'n woning op te rig, kon, op die voorgeskrewe vorm, by die Bestuurder aansoek doen vir die toekenning van 'n standplaas. As die Bestuurder oortuig was dat die applikant 'n geskikte persoon is om in die lokasie te woon, kon hy, nadat voldoende bewys deur die applikant verskaf was dat hy vir 'n onafgebroke tydperk van een jaar in die munisipale ge= bied in diens was en dat hy op die datum van sy aansoek nog in diens is en dat hy oor genoegsame middele beskik het om binne afsien= bare tyd 'n geskikte woning daarop op te rig, aan so 'n applikant 'n standplaas toesê. Geen persoon was geregtig op die registrasie in sy naam van meer as een standplaas nie.[8)]

Na die uitreiking van 'n standplaaspermit was die eienaar ver= antwoordelik om maandeliks aan die Raad 'n bedrag van R1 te betaal vir grondhuur, water, gesondheids-, mediese-, sanitêre- en reinigings= dienste.

Indien 'n woning nie binne nege maande vanaf die datum van toe= wysing van die standplaas opgerig is nie, kon die Bestuurder die toe= wysing kanselleer. Die vervreemding van die verbeteringe op so 'n standplaas kon aan 'n ander verkoop word met toestemming van die Bestuurder. 'n Oordragsfooi van 50 sent is deur die koper betaal. Die Raad het egter steeds die eienaar van die standplaas gebly.[9)]

Daar moet egter duidelik onderskeid gemaak word tussen die selfbou= skema - iemand wat finansieel sterk genoeg was om op uitsluitlik eie koste 'n huis op 'n standplaas op te rig, en die hulpbouskema - iemand wat van die Raad geldelike hulp verkry het om hom in staat te stel om 'n huis op te rig.[10)]

In die lokasie het die Raad ook, naas bogemelde skemas, op ekonomiese en sub-ekonomiese basis huisvesting aan Bantoes verskaf. Hierdie huise, wat as een-, twee-, of vierkamereenhede verhuur word,

---

8) Taljaard, J.C., op cit.

9) Ibid.

10) Ibid.

is òf deur die Raad se eie bouwerkers opgerig (d.w.s. volgens departementele boustelsel), òf op 'n tenderbasis deur private Bantoebouers gebou.[11]

Bogemelde skemas is tans nie meer in werking nie, aangesien die finansiële posisie van die Bantoe baie verbeter het.

Die steengroewe, waar dié Bantoes wat self hulle huise gebou het vir hulle stene gemaak het, is tans ook verbied. Dit hang natuurlik saam met die afskaffing van die selfbouskema. Omdat dit egter ook 'n gebruik was wat in werking was tydens die tot= standkoming van die Batho-lokasie, sal ek kortliks daarby stil= staan.

Vanweë die talle Bantoes wat hul eie huise gebou het en die groot vraag na stene wat daar ontstaan het, is daar gedurende 1928 toestemming aan 'n Bantoe gegee om 'n steenmakery te beheer. Voorheen was die Bantoes geheel en al afhanklik van blanke bouers. Later was daar tot 20 Bantoes wat hierdie bedryf beoefen het. Aansoek vir die toekenning van 'n plot vir die maak van stene moes aan die Bestuurder gerig word wat dan 'n lisensie uitgereik het en 'n gebied daarvoor beskikbaar gestel het.[12]

'n Standplaashouer kon wel stene op sy standplaas maak, maar hulle moes die Bestuurder tevrede stel dat geen oormatige uit= grawings op die standplaas gemaak sou word nie en dat gate wat mag ontstaan deeglik opgevul sou word.[13]

Gedurende 1947 het die Raad oorgegaan tot die oprigting van 'n hostel. Tans bestaan die hostel uit 204 kamers wat deur 8 persone per kamer bewoon word. 'n Totaal dus van 1 632 persone. Elke inwoner word voorsien van 'n ysterbed, matras, draadklerekas en -koskas. Elke eenheid het onder andere twee eetsale, betontafels, houtbanke, kombuis met opwasbakke, spoellatrines, stortbaddens, wasgeriewe en stryktafel. Die hostelterrein is omhein met die hekke

---

11) Taljaard, J.C., op cit.

12) Ibid. p.183

13) Ibid. p.183

direk voor die Administrasie kantoor. Die Raad verskaf slegs inwoning. Elke inwoner moet sy eie voedsel koop en voorberei.[14)]

Gedurende 1949 is daar oorgegaan tot die oprigting van 'n te= huis vir oumense in die Bochabela-lokasie. Dit maak voorsiening vir die huisvesting van 50 persone: 25 kamers vir twee persone per kamer. 'n Bantoepersoneel is verantwoordelik vir alle kosvoorbe= reiding. Die Bestuurder, in oorleg met die sekretaris van die Bantoe-liefdadigheidsfonds, verleen toestemming tot inwoning.[15)] Daar is dus ook voorsiening gemaak vir die oues van dae.

„Elke houer van 'n standplaas- en verblyfpermit moet die huis en gebou op die standplaas in 'n goeie toestand hou. Geen persoon moet toelaat dat enige vuilgoed, mis, afval of puin op die standplaas versamel word nie. Ook mag hy geen hout, voer, leë kiste, strooi of ander ontvlambare materiaal in sulke hoeveelhede of op so 'n wyse op die standplaas aanhou of stoor dat dit 'n oorlas of bron van ongerief of gevaar is nie. Enige persoon wat na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing deur die Bestuurder uitgereik, in gebreke bly om sodanige oorlas of bron van gevaar of ophoping te verwyder, is aan 'n oortreding skuldig."[16)]

Daar moet voorts 'n latrine wees vir elke 8 persone wat op die standplaas woon.

3. <u>Die aanhou van Diere</u>.

Geen perde, donkies, muile of enige horingvee mag in die lokasie aangehou word nie, tensy die diere by die kantoor van die Lokasiesuperintendent geregistreer is. Elke standplaas- of ver= blyfpermithouer mag met die toestemming van die Lokasiesuperintendent twee koeie en hul kalwers onder die ouderdom van een jaar, kosteloos laat wei in 'n kamp wat aan die Raad behoort en wat onder beheer van die Departement staan. Hierdie gebruik word tans egter sterk ont= moedig, aangesien weiding skaars is. Dit word dan ook verwag dat hierdie vergunning binne afsienbare tyd teruggetrek sal word.

---

14) Taljaard, J.C., op cit.

15) Ibid.

16) Ibid. p.159

Sodra 'n koei nie meer gemelk word nie of as die kalwers ouer as een jaar word, dan mag hulle nie meer kosteloos wei nie en moet die nodige toestemming van die superintendent verkry word vir toelating tot die algemene kamp. Indien sodanige toestemming verleen word, moet die eienaar 25 sent per maand ten opsigte van elke stuk vee betaal. Dit geld alleenlik beeste.

Die aanhou van enige skape, bokke of varke is verbied, asook die aanhou van enige bulle. Laasgenoemde word deur die Raad voor= sien en diegene wat daarvan gebruik maak moet 50 sent per dekking betaal.

Honde kan aangehou word mits hulle nie 'n oorlas is nie. Alle hondebelasting moet by die betrokke lokasiekantoor betaal word.

4. Gesondheid:-

Alle Bantoes van die lokasie word in die Provinsiale hospitaal opgeneem indien hulle behandeling nodig het. Behandeling vir ligte beserings, raad en advies, ens., kan sommer by die kliniek verkry word.

„In die Raadsnotule van 10 Desember 1900 word vermeld dat op aanbeveling van die Militêre Besettingsowerheid, 'n mediese beampte vir die lokasie aangestel moet word. Die pligte van hierdie beampte sou wees om daagliks by 'n plek in of naby die lokasie ter beskikking van die naturelle te wees en om ondersoek in te stel na enige vreemde geval van siekte wat by hom aangemeld mag word. Alle medisyne moes deur homself aangemaak word uit voorrade wat deur die Raad aangekoop sou word."[17)]

„Om vir hierdie diens voorsiening te maak is elke geregistreerde standplaashouer met 'n verdere 1 sjieling per maand belas."[18)]

Op die oomblik emplojeer die Raad by die kliniek in die lokasie een Mediese beampte, 1 Blanke verpleegster en 8 Bantoeverpleegsters. Hierdie dienste word deur die Stad se Gesondheidsafdeling geadmini= streer, alhoewel die Bantoe-inkomsterekening alle koste i.v.m. ge= sondheidsdienste in die lokasie dra. Die onderstaande dienste word by die kliniek verskaf:

---

17) Taljaard, J.C., op cit p.223

18) Ibid. p.224

16/.....

Kraamgevalle word behartig teen betaling van R2 (indien die pasiënt dit kan bekostig). Hierdie diens sluit ook in alle behandeling voor en na bevalling. Babakosse kan teen kosprys gekoop word. Voorligting in verband met gesinsbeplanning, voorbehoedmiddels, ens., word ook verstrek.

Inspuitings teen die volgende siektes word gratis gegee: veneriese siektes, witseerkeel en dermontsteking („enteritis").[19]

Enige ander mediese behandeling word gegee teen betaling van 35 sent per ondersoek. In gevalle waar 'n Raadslid van die Stedelike Bantoeraad sertifiseer dat die pasiënt nie vir hierdie behandeling kan betaal nie, word dié ook gratis verskaf. Alle teringgevalle word na die munisipale afsonderingshospitaal gestuur.

5. Handel dryf:-

Die Raad kan persele in die lokasie afsonder vir die toekenning aan Bantoes om besigheid of handel daarop te dryf. Geen ander perseel kan daarvoor gebruik word nie. Daar is tans 43 besigheids= persele in Batho waarvan 28 varsproduktehandelaars is. Die fooie wat die betrokke persone wat op hierdie persele handel dryf, betaal, wissel van R2,88 tot R15,00 per maand. Sommige geboue op hierdie persele is deur die Raad opgerig terwyl die ander deur die handelaars self opgerig is.

Smousery was eers toegelaat, maar is tans verbied a.g.v. die genoegsame handelspersele wat goed versprei is oor die lokasie.

Geen handelaar mag op enige statutêre vakansiedag of Sondag sy besigheid dryf nie. Die ure waarop besigheid gedurende weeksdae gedryf kan word is vanaf 8 vm tot 7.30 nm en gedurende Saterdae van 8 vm tot 3 nm. Die besighede in die lokasie bly later oop as dié in die blanke gebiede ten einde die werkers wat terugkeer na die lokasie in staat te stel om hul inkopies by hul eie mense te doen.

Enige Bantoe bo die ouderdom van 21 jaar, wat kwalifiseer vir woonreg in die lokasie, en wat begerig is om handel in die lokasie te dryf, moet skriftelik daarvoor by die Bestuurder aansoek doen wat dan ook jaarliks hernieu moet word. So 'n handelaar mag egter nie

---

19) Taljaard, J.C., op cit p.224

met die volgende ware handel dryf nie: vis, velle, huide, lewende hawe. Slaghuise, varsprodukte- en kledingstowwehandelaars was eers ook verbied, maar word tans toegelaat. Daar is tans ook melkdepot's opgerig wat gebottelde melk verkoop wat gelewer word deur geregi= streerde melkerye.

Gedurende 1930 het die Raad dit doenlik geag om voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n Bantoemark in die lokasie. 'n Gebou (marklokaal) is opgerig wat bestaan uit 'n aantal stalletjies en slagterstoonbanke. Elke stalhouer betaal daagliks 'n bedrag van 15 sent per stal of toonbank en die mark word die hele week oopgehou. 'n Ingeboude koelkamer word tot beskikking van stalhouers gestel. Die stalhouers was uitsluitlik afhanklik van produkte wat hulle op die blankemark in die stad gekoop het.

Gedurende 1950 het die Raad besluit om 'n buitemark in die lokasie op te rig. Hierdie gebou staan op dieselfde perseel as die binnemark. Dit bied aan stalhouers die geleentheid om produkte wat hulle op die buitemark koop sonder veel moeite en vermors van tyd na hulle stalletjies in die binnemark te verskuif, en terself= dertyd bied dit aan enige persoon die geleentheid om produkte wat te koop aangebied word, direk van die afslaer te koop. 'n Blanke markmeester, bygestaan deur Bantoehulp, staan in bevel van beide die binne- en buitemark.

Daar bestaan ook eethuise in die lokasie. Hulle besigheid kan moontlik vergelyk word met 'n kafee. As gevolg van die Res= taurant- en Varsproduktehandelaarslisensies het Eethuise egter baie verminder.

6. <u>Werksomstandighede</u>:-

Die werksomstandighede waaronder die Bantoe in die Stad vandag verkeer, is heeltemal verskillend van dié in sy stamverband. Daar het 'n klemverskuiwing plaasgevind van hom as werkgewer na hom as werknemer.

In die stamverband was die Bantoe sy eie werkgewer en sy eie baas. Derhalwe was hy genoodsaak om verantwoordelikheid te aan= vaar by die uitvoering van sy daaglikse pligte. Die ontstamde stads=

18/.....

Bantoe is vandag egter bloot 'n werknemer. En omdat daar vir hom geen aanduidings is dat daar binne afsienbare tyd 'n verandering in hierdie toestand gaan kom nie, is dit voor die hand liggend dat hy vandag nie meer dieselfde belangstelling in sy werk het as in die verlede nie. As blote werknemer, het hy baie min medeseggenskap in die bepaling van sy werksaktiwiteite. In diens van die blanke werkgewer doen hy alleenlik die werk wat vir hom voorgeskryf word omdat daar weinig inisiatief aan homself oorgelaat word.

Onder sulke omstandighede kan dus verstaan word waarom die Bantoe nie meer in sy werk dieselfde verantwoordelikheid kan aanvaar as wat in sy stamverband die geval was nie. Hy is vandag in die hande van sy blanke werkgewer bloot 'n instrument wat sy klein deeltjie moet doen binne 'n breë werksprogram. Hierdie toedrag van sake het natuurlik baie nadelige gevolge op die karakter van die Bantoe. Sy inisiatief en ambisies word in sy nuwe werksom= standighede tot 'n minimum beperk en sy gevoel van eie waarde ly geweldig baie skade daardeur. [20)]

7. Onderwys:-

Daar is 3 laer- en 2 hoërskole in die Batho-lokasie wat vol= doende fasiliteite bied om in die behoeftes te voorsien. Sommige skole hou twee sessies (in oggend en middag) per dag skool om die getalle te kan hanteer. Volledigheidshalwe kan ook genoem word dat die Strydom-opleidingskollege onderwysers oplei en voorsiening maak vir dag- en aandstudente.

Die Bantoekinders is egter nie verplig om die skool by te woon nie en heelwat doen dit dan ook nie. Van die min of meer 7 000 kinders in Batho onder die ouderdom van 18 jaar is slegs ongeveer 5 000 op skool waarvan 1 656 op hoërskool en 3 272 op laerskool is. Dit bring mee dat ongeveer 2 000 kinders, waarvan 'n groot deel egter nog onder skoolgaande ouderdom (7 jaar) is, nie op skool is nie.

---

20) Hanekom, C., Ontspanning en Vryetydsbesteding by die Bantoe van Suid-Afrika. p.67

19/......

Daar is in Batho ook 'n kleuterskool - die „Susanna Ollemans" kleuterskool - wat deur die munisipaliteit bestuur en deur die Departement van Bantoe-administrasie gesubsidieer word. Die getalle kinders wissel van 270 - 300. Slegs kinders wat onder 7 jaar oud is word hier opgeneem.

8. Die alledaagse lewe van die inwoners:-

Die daaglikse lewe van die Stambantoe bestaan uit 'n goed af= geronde en bepaalde roetine. Elke lid van die gemeenskap het sy plig, sy werk, sy afleiding of ontspanning.

Die vrouens se pligte bestaan uit veelvuldige huishoudelike aangeleenthede; die vervulling van die plig as moeder, die bewerking van landerye, ens. Die pligte van die man is miskien minder-afgebaken en georden, maar in sy hoedanigheid as gesinshoof weet hy ook presies wat van hom verwag word. Wanneer sy pligte nie vereis dat hy van sy huis afwesig moet wees nie, neem hy aan "kgotla"-besprekings deel of kuier hy by sy bure. Ook die kinders is deeglik bewus van die regsverhouding binne die huisgesin en ook hulle het veeleisende pligte.

Naas die pligte van man en vrou, vader en moeder en kinders teenoor mekaar, teenoor die familiehuishouding en teenoor vreemde= linge, maak die Bantoestruktuur ook voorsiening vir ontspanning en kanalisering van oormatige energie. Die meeste van hierdie ont= spanningswyses bly egter steeds gemik op voorbereiding van die deelnemer om sy regmatige plek in die samelewing in te neem, en dikwels is die strekking van die meeste sport- en sosiale aangeleent= hede gemik op bevordering van die opvatting dat 'n mens nie alleen leef nie, maar dat jy 'n deel van die gemeenskap is en dat jou eie belang nie tot nadeel van jou groepsgenote uitgeleef mag word nie.

In hierdie fynbeplande organisme is ook deeglik rekening daar= mee gehou dat ontspanning nie ten koste van werk beoefen moet word nie - en omgekeerd.

Met die trek van die Bantoe na die stede, het daar 'n algehele veranderde lewenspatroon vir hierdie voorheen landelike gemeenskap ontstaan. As gevolg van die beperkte woonruimte en ander meer noodsaaklike dienste, soos bv. behuising, is daar in die verlede min

tyd en geld bestee aan die Bantoe se vrye tyd; bepaaldelik die beplanning daarvan.

Vandag kan daar egter verklaar word dat die meeste stedelike plaaslike besture reeds besef dat planmatige ontspannings en sosiale dienste, die daarstelling van geriewe en persone om leiding te gee, by uitstek die beste hulpmiddel is ter bevordering van rus en orde in enige lokasie en Bantoedorp.[21] Die ses weervaste tennisbane in Batho, waar die nasionale nie-blanke kampioenskappe ook beslis word, is 'n treffende voorbeeld hiervan.

In Batho is daar dan ook 'n Bantoe maatskaplike sentrum wat aan die stadsraad van Bloemfontein behoort. Hier word 'n verskeiden= heid van sportsoorte beoefen asook danspartye gehou. Dit huisves ook 'n biblioteek en leeskamer.

Verder is daar ook 'n Bioskoop in die aangrensende woonbuurt, binne loopafstand van Batho, en films word Donderdagmiddae en -aande en Saterdagmiddae en -aande vertoon. Dit word goed bygewoon deur persone van alle ouderdomme. Die toegang is slegs 5 sent vir kinders en 10 sent vir Volwassenes. Prente wat vertoon word, word gesensureer deur die Sensorraad en goedgekeurde nie-blanke films word ook vertoon.[22]

Daar was ook eers 'n swembad wat aan die munisipaliteit behoort het en waar almal gratis kon swem. Dit bestaan egter nie meer nie.

Ons tref ook verskeie organisasies in Batho aan waarvan ons slegs 'n paar noem:

(a) Daar bestaan 'n paar dans-organisasies in die lokasie en periodiek word ritteldanse in die Gemeenskapsaal en Magasa-saal gehou. Die „Gay Rhythm Swingsters", 'n dansorkes in die lokasie, reël ook gewoonlik een keer per week 'n ritteldans in Batho sowel as Bochabela. „Ball-room" danse kom ook in 'n mindere mate voor. Laasgenoemde word deur die meer ont= wikkelde Bantoe bygewoon. Almal is netjies aangetrek en alles

---

21) Taljaard, J.C., op cit. p.207

22) Kruger, P.J.H., p.42

gaan ordelik daaraan toe. Hier word daar geen „jazz"-musiek gespeel nie en ook geen ritteldanse toegelaat nie. Wat eersgenoemde betref gaan dit heelwat vroliker en uit=spattiger en word deur groot getalle bygewoon.[23)]

(b) Die „Independent Order of True Templars":- Hierdie organisasie wat sy lede verplig om hul geheel-en-al van die gebruik van sterk drank te onthou, is heeltemal in die hande van Bantoes. Die invloed van hierdie organisasie word deur inwoners van die lokasie as lofwaardig bestempel.[24)]

(c) Magasa-beweging:- Hierdie vereniging het homself ten doel gestel die insameling van fondse waardeur hulp aan behoef=tiges verleen word. So. bv. het hierdie vereniging 'n saal wat hy aan ander verenigings verhuur.[25)]

Dit dien hier net gemeld te word dat daar ook verskeie kerk=like bewegings en klubs bestaan waarby ons egter in 'n latere hoofstuk sal stilstaan.

Daar word ook dikwels konserte gehou en een van die opvallend=ste kenmerke in hierdie verband is die besondere verhoogspersoon=likheid wat die deelnemers aan die dag lê. Die sogenaamde planke=koors wat blankes somtyds oorval as hulle in die openbaar moet optree, is by die Bantoe totaal afwesig. Dit kan miskien toegeskryf word aan daardie ou inherente begeerte van die Bantoe om homself te vertoon.[26)]

„Enige persoon of groep van persone wat begerig is om 'n ver=gadering of byeenkoms in die stadsgebied saam te roep, te hou of te lei, moet skriftelik by die Bestuurder en Distrikskommandant van Polisie aansoek doen om so 'n vergadering of byeenkoms saam te roep, te hou of te lei, nie minder as twee-en-sewentig uur voor die aanvang van die vergadering of byeenkoms nie. Elke aansoek moet melding maak van die aard en doel van die vergadering, sake wat bespreek sal word en die datum en plek waar die vergadering gehou sal word."[27)]

---

23) Hanekom, C., op cit. p.84

24) Taljaard, J.C., op cit. p.210

25) Ibid. p.211

26) Hanekom, C., op cit. p.97

27) Taljaard, J.C., op cit. p.168

Kooruitvoerings bied ook aan die Bantoe die geleentheid om as 'n groep sosiaal bymekaar te kom. Omdat hierdie uitvoerings meesal in kerke plaasvind, trek die Bantoes wat daarna gaan luister gewoonlik hulle beste klere aan. Die Bantoe hou daarvan om te spog met netjiese en mooi klere, en byeenkomstes van hierdie aard bied dan ook aan hulle 'n goeie geleentheid hiervoor.[28)]

Vroue wat tuis bly, doen die huiswerk, kook kos, versorg kinders, ens., maar 'n vrou wat werk in die stad, het min kans om iets tuis te doen sodat sy eintlik net Sondag het waarop sy die kinders se klere kan regkry, 'n volle ete kan kook, was en stryk, stop en lap, ens., want saans is hierdie mense gewoonlik moeg en kom laat tuis ook a.g.v. beperkte busdienste.

Die mans gaan kuier gewoonlik sonder hulle vroue en veral naweke is hulle by vriende waar bier gedrink word. Die intieme saamleef van die gesin maak in die meeste gevalle nie deel uit van die daaglikse lewe nie.

Baie min van die mense wat werk, gaan met verlof en baie neem selfs nooit verlof nie, behalwe dié wat in die staatsdepartemente en Onderwysdepartemente werksaam is. Vir ons is dit duidelik dat daar dus 'n eentonige roetine is vir die meeste Bantoewerkers(sters). Die klein erwe maak tuinmaak byna onmoontlik en ook dat mense nie die nodige ruimte het vir houtwerk, ens. nie.[29)]

Vir die gerief van die inwoners is daar ook 'n poskantoor in Batho daargestel.

9. Departementele Organisasie:-

Die magte van die blanke amptenare wat belas is met die administrasie van die lokasie, berus geensins op 'n diktatoriale magsafdwinging nie, maar is grotendeels daarop toegespits om soveel as moontlik leiding te gee en om die Bantoes of hulle verteenwoordigers ook tot 'n mate met sekere administratiewe pligte te belas. So bv. is alle lede van die Stedelike Bantoeraad gemagtig om sake van huis=

---

28) Hanekom, C., op cit. p.99

29) Kruger, P.J.H., op cit. p.70

houdelike aard tussen inwoners van die lokasie te besleg. Slegs wanneer 'n lid van hierdie Raad nie 'n bevredigende op= lossing kan vind nie, word dit na die blanke amptenare verwys. Die Stedelike Bantoeraad bestaan uit 10 lede deur die inwoners verkies volgens die etniese proporsie van die inwoners. Dit bestaan uit 5 Tswanas, 3 Suid-Sothos en 2 Xhosas.

Die voorsitter is 'n Bantoe en blanke amptenare woon net vergaderinge by in adviserende hoedanigheid en het geen stemreg nie. Die lede van hierdie Raad staan bekend as Raadslede. Oplossings van probleme vind dus nou op 'n etniese basis plaas en nie meer soseer op 'n wyksbasis nie. Sekere uitvoerende magte kan deur die Stadsraad aan hierdie Raad gedelegeer word met goed= keuring van die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en na raadpleging van die Administrateur. Elke Raadslid ontvang jaarliks 'n besoldiging van R36. Die Raadslid is die Stadsraad se verteenwoordiger by die inwoners en hy beskerm die belange van die inwoners.

„Vanaf die totstandkoming van die Bloemfonteinse naturelle= lokasie in 1859 tot in 1913 het die administrasie van hierdie gebied hoofsaaklik onder beheer van die Raad se afdelings vir Gesondheid en Publieke Werke geval. Alle geldelike aangeleenthede is deur die Finansiële Komitee behartig.

In die Raadsnotule van 5 Junie 1913 is die eerste aanduiding gevind van 'n behoefte aan 'n afsonderlike afdeling en komitee van die Raad, wat belas sou wees met alle naturelle-aangeleenthede."30)

Om die een of ander onverklaarbare rede is die Komitee ge= durende 1916 afgeskaf, maar in 1917 is dit heringestel en vir talle jare daarna het die Naturelle-administrasiedepartement gefungeer onder beheer van 'n afsonderlike Naturelle-sakekomitee van die Raad, wat uit vier Raadslede en die Burgemeester (ex officio) bestaan.31)

---

30) Taljaard, J.C., op cit. p.7

31) Ibid. p.8

Alle Raadskomitees is tans egter vervang deur 'n sentrale Komitee wat genoem word die Bestuurskomitee van die Stadsraad. Dit bestaan uit 'n Voorsitter en 4 lede (almal blankes) en is 'n onderkomitee van die Stadsraad aan wie sekere magte gedelegeer is. Hierdie Komitee ontvang maandeliks 'n verslag van die Bestuurder oor die werksaamhede van sy afdeling asook oor beleid= sake ens. Besluite wat deur die Komitee geneem word is onder= hewig aan die goedkeuring van die Raad.

Die kantore van die Bantoe-administrasiedepartement is aan die kant van die stad geleë, 'n deel van die kantore ongeveer vierhonderd tree vanaf die naaste ingang van die lokasie, en 'n ander op die hoek van Harveyweg en Bastionstraat. Die lokasie is nie omhein nie, maar daar is slegs drie paaie wat toegang tot die lokasie verleen.

Die beleid van hierdie Departement is om te alle tye 'n tevrede en rustige atmosfeer onder die Bantoe-inwoners van die Stadsgebied te bevorder. Bantoes word tans nie slegs vir minderbelangrike werk in diens geneem nie, maar hulle beklee ook baie meer verant= woordelike poste soos bv. kassiers, senior klerke, superintendente van drankwinkels, ens. Die algemene neiging is om Bantoes op te lei om meer verantwoordelike poste te beklee.

10. <u>Handhawing van Wet en Orde</u>:-

Die handhawing van wet en orde in die lokasie is in die eerste plek die plig van die Lokasiesuperintendent, bygestaan deur sy assistent en 'n paar Bantoekonstabels. In die uitvoering van hulle pligte word hulle bygestaan deur die S.A. Polisie waarvan daar 'n kantoor in Batho is. Daar bestaan ook spesiale geriewe ('n hofsaal) in Batho vir die verhoor van die meeste kleinere sake waarby inwoners aangekla word. Hierdie Polisiestasie word groten= deels deur Bantoes beman.

11. <u>Voorwaardes vir inwoning in die lokasie</u>:-

Hierdie voorwaardes is neergelê onder artikel 10 van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, No. 25 van 1945 wat soos volg lees:

„10. Bepaling op reg van Bantoes om in sekere gebiede te bly.-
(1) Geen Bantoe mag langer dan twee-en-sewentig uur in 'n voor= geskrewe gebied bly nie, tensy hy bewys op die voorgeskrewe wyse lewer dat -

(a) hy, vanaf geboorte, onafgebroke in daardie gebied woonagtig was; of

(b) hy in daardie gebied vir een werkgewer vir 'n onafgebroke tydperk van minstens tien jaar gewerk het of wettiglik in daardie gebied woonagtig was vir 'n onafgebroke tydperk van minstens vyftien jaar, en daarna aangehou het om in daardie gebied te woon en nie buite daardie gebied werksaam is nie en nie gedurende enige van beide tydperke of daarna veroor= deel is tot 'n boete van meer as honderd rand of tot ge= vangenisstraf vir 'n tydperk van meer as ses maande nie; of

(c) sodanige Bantoe die vrou, ongetroude dogter of seun onder die ouderdom waarop hy aanspreeklik word vir algemene be= lasting kragtens die „Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925" (Wet No. 41 van 1925), is van 'n in paragraaf (a) of (b) van hierdie sub-artikel bedoelde Bantoe en na 'n wettige binnekoms in daardie voorgeskrewe gebied, gewoonlik by daar= die Bantoe in daardie gebied woon; of

(d) in die geval van 'n ander Bantoe, vergunning om aldus te bly deur 'n beampte aangestel om 'n arbeidsburo te bestuur, aan hom ingevolge die bepalings van paragraaf (a) van sub-artikel (6) van artikel een-en-twintig ter van die „Bantoe-arbeid Regelingswet, 1911" (Wet No. 15 van 1911), verleen is, met behoorlike inagneming van die beskikbaarheid van huisvesting in 'n Bantoe-woongebied:

Met dien verstande dat wanneer 'n Bantoe wat kragtens hierdie sub-artikel bevoegd is om binne bedoelde gebied vir 'n tydperk van langer as twee-en-sewentig uur te bly, onbevoegd raak om aldus te bly en nie binne bedoelde gebied of enige ander sodanige ge= bied of buite sodanige gebied maar buite 'n in die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), omskrewe afgesonderde Bantoegebied of oopgestelde gebied werk en akkommodasie vir homself, sy vrou en kinders, indien enige, kan verkry nie, die Minister, indien oortuig dat daardie Bantoe nie aldus werk en

sodanige akkommodasie kan verkry nie, daardie Bantoe van 'n woonperseel binne so 'n afgesonderde Bantoegebied of so 'n oopgestelde gebied moet voorsien.

(Sub-a. (1) gewysig by a.30(a) van Wet No. 36 van 1957 en vervang by a.47(a) van Wet No. 42 van 1964).

(1) bis ...........

(Sub-a (1) bis ingevoeg by a.5(a) van Wet No. 16 van 1955, gewysig by a.30(b) van Wet No. 36 van 1957 en geskrap by a.47(b) van Wet No. 42 van 1964).

(2) Aan 'n Bantoe aan wie kragtens paragraaf (d) van sub-artikel (1) vergunning verleen is om in 'n voorgeskrewe ge= bied te bly, word 'n permit (wat by wyse van 'n endossement in of op 'n in die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördi= nering van Dokumente) Wet, 1952 (Wet No. 67 van 1952), be= doelde bewysboek of uitkenbewys kan wees) uitgereik wat die doel waarvoor en die tydperk waartydens daardie Bantoe in daar= die gebied mag bly, die persoon deur wie en die klas werk, indien enige, waarin daardie Bantoe in diens geneem mag word en enige ander voorwaardes wat by die verlening van sodanige vergunning opgelê is, aantoon.

(Sub-a.(2) gewysig by a.5(b) en (c) van Wet No. 16 van 1955 en by a.30(c) van Wet No. 36 van 1957 en vervang by a.47(c) van Wet No. 42 van 1964).

(3) 'n Bantoe wat binne 'n in sub-artikel (1) bedoelde gebied werk gekry het en aan wie vergunning om in daardie gebied te bly geweier is, kan teen die weiering appèl aanteken by die Hoof= bantoesakekommissaris van die betrokke gebied, wie se beslissing op so 'n appèl afdoende is, en die Bantoesakekommissaris wat in daardie gebied regsbevoeg is, kan, waar so 'n appèl ingedien word, na goeddunke aan die betrokke Bantoe vergunning verleen om, in afwagting van bedoelde Hoofbantoesakekommissaris se beslissing oor die appèl, in die betrokke gebied te bly.

(Sub-a.(3) gewysig by a.47(d) van Wet No. 42 van 1964).

(4) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, of wat in 'n gebied bly vir 'n ander doel as die waarvoor vergunning om aldus te bly aan hom verleen is, is aan 'n misdryf skuldig.

(5) By 'n strafsaak teen 'n Bantoe weens 'n oortreding van die bepalings van hierdie artikel, word dit veronderstel, totdat die teendeel bewys word, dat daardie Bantoe langer as twee-en-

sewentig uur in die betrokke gebied gebly het en dat daardie Bantoe nie vergunning ingevolge sub-artikel (1) het om in daardie gebied te wees nie.

(Sub-a.(5) vervang by a.47(e) van Wet No. 42 van 1964).

(6) .............

(A.10 vervang by a.27 van Wet No. 54 van 1952. Sub-a (6) geskrap by a.47(f) van Wet No. 42 van 1964)."[32]

Afgesien van bogemelde, is daar ook Tydelike Verblyfpermitte beskikbaar vir diegene wat nie kragtens die bepalinge van genoemde artikel kwalifiseer nie.

Aan Bantoes wat die lokasie wil binnegaan met die doel om besoek daarin af te lê, word 'n verlofbrief, bekend as 'n Besoekerspermit, by die Lokasiesuperintendent verkrygbaar, uitge= reik. Hierdie verlofbrief magtig die houer daarvan om vir 'n periode van hoogstens 14 dae in die geproklameerde gebied te wees met 'n ander doel as om werk daarin te soek.

Ten slotte wil ek opmerk dat bogemelde gegewens, veral met betrekking tot die alledaagse lewe, gewoontes en gebruike van die Bantoe in die Batho-lokasie, geensins bedoel is om 'n volledige beeld te wees nie. Verskeie aspekte in hierdie verband, soos bv. die brou en gebruik van bier, huwelikslewe, inisiasieskole, ver= volgings wat teen oortreders ingestel is, leesstof, gesinslewe, sek= suele lewe, siekte, dood, ens., is hier met opset verswyg, aangesien ek dit in 'n volgende hoofstuk, waar die godsdienstige lewe van die inwoners van Batho in besonderhede toegelig sal word, van naderby sal behandel.

Die godsdienstige lewe van die Bantoe is buitendien, in 'n nog veel groter mate as by die Blankes, ten nouste verbonde met hulle alledaagse lewe.

---

32) Wette van die Republiek van Suid-Afrika - Bantoes.

28/.....

# HOOFSTUK III

## DIE TRADISIONELE GODSDIENS VAN DIE IN= WONERS VAN DIE BATHO-LOKASIE.

### 1. Inleiding:-

Godsdiens het betrekking op die mens en sy verhouding tot die bonatuurlike en word in een of ander vorm onder alle volke ter wêreld aangetref. Dit is voorts ook bekend dat al die godsdienste van alle volke van alle tye gekenmerk word deur 'n paar fundamentele eienskappe, nl.:

(a) 'n bepaalde geloof in 'n krag of kragte wat beide in die skepping sowel binne as buite die mens aanwesig is. Die eienskap van hierdie krag of kragte is dat dit altyd bonatuurlik van aard is;

(b) die geloof dat hierdie kragte die mens se lewe of ten goede of ten kwade beïnvloed, en dat dit ook 'n besliste invloed het op die natuur;

(c) alle mense het 'n sekere houding, of staan in 'n sekere verhouding teenoor die bepaalde krag of kragte.

Volgens Coertze is dit duidelik dat godsdiens verband hou met die mens se lewe en voortbestaan en as sodanig 'n algemeen menslike grondslag moet hê.

Vir hom lê die grondslag van godsdiens opgesluit in die wesen= like aard van die mens. Op geestelike vlak - net soos die fisiese - het die mens ook ervarings opgedoen wat die grondslag vorm van sy denke en handelinge. Die mens (geestelike wese) het die bestaan van die Al-geestelike nie alleen aangevoel nie, maar die werking sowel as sy afhanklikheid daarvan ervaar. By die mens is daar 'n verlange om in die regte verhouding te wees tot die krag of kragte waarvan hy die bestaan kan aanvoel maar nie met volkome begrip kan ken nie aangesien die betrokke wêreld buite sy bewuste kenveld en begrips= vermoëns lê. Die mens maak egter vir homself 'n voorstelling van die aard van hierdie bonatuurlike wêreld en die krag of kragte wat daarin werksaam is en hy besluit ook hoe hy hom moet gedra (d.w.s.

ontwerping van handelinge) ten einde in die regte verhouding teenoor genoemde kragte te bly.[1]

Die grondslag van godsdiens lê dus vir Coertze nie in allerlei nuttigheidsoorwegings in krisisomstandighede of in filosofiese bespiegelings nie maar wel in die ervaringsveld van die mens en dit hou verband met wat hy is en waarmee hy in aanraking is.

Coertze definieer godsdiens dan ook soos volg: „Godsdiens staan in verband met die bonatuurlike en is die uitvloeisel van die mens se strewende verlange om in die regte en harmonieuse verhouding te wees teenoor die bonatuurlike krag of kragte wat binne en buite die heelal gemanifesteer is en waarvan die mens die bestaan aanvoel." [2]

Coertze voeg ook by dat die godsdiens van 'n volk met alles wat dit insluit deel is van sy kultuur en as sodanig ingeweef is in sy hele kultuurpatroon.

Die huidige stand van volkekundige navorsing klassifiseer primitiewe godsdiens in twee hoof kategorieë, met 'n aantal onder= afdelings wat ook op die Bantoegodsdiens van toepassing is.

Eerstens, Persoonlike Supernaturalisme wat gedefinieer kan word as daardie aspek in die Bantoegodsdiens, wat godsdiensvorme omvat wat saamhang met die geloof in persoonlike bonatuurlike kragte en wat as selfwillende wesens die lewe van die mens op aarde kan be= ïnvloed.[3]

Op sy beurt word Persoonlike Supernaturalisme in soverre as wat dit op die Bantoe betrekking het, verdeel in:

(a) Voorouerverering of manisme. Dit is die geloof in menslike geestelike wesens wat hulle lewe na die dood voortsit en nog invloed het oor hulle nakomelinge.

(b) Naturalisme of natuuraanbidding. Hieronder verstaan ons dat diere, bome, berge, riviere en ander natuurverskynsels, wat as persoonlike bonatuurlike kragte gesien en aanbid word.

---

1) Coertze, P.J., Inleiding tot die Algemene Volkekunde, p.181

2) Ibid, p.181

3) Ibid, p.183

(c) Monoteïsme. Dit is die geloof in 'n enkele opperwese.

(d) Politeïsme. Hier het ons te doen met die aanbidding van meer as een god.[4)]

Tweedens tref ons Onpersoonlike Supernaturalisme aan waar ons te doen het met 'n geloof in 'n krag wat ook bonatuurlik van aard is, maar wat nie 'n godheid of gees is nie. Dit is 'n blote krag sonder 'n eie wil wat nie uit homself kan optree nie, maar uitsluitlik en alleen onder die wil van die mens staan, d.w.s. persone wat die vermoë besit om daardie krag te hanteer en dit of ten goede of ten kwade van die mens aan te wend.

Bogenoemde verdeling word, in die woorde van Coertze, vir doel= eindes van behandeling gemaak en word dit gedoen met die wete dat dit 'n verdeling is wat gerieflikheidshalwe gedoen word, aangesien dit nie altyd moontlik is om hierdie onderskeiding so strak te trek nie. Dikwels word bv. gevind dat 'n bonatuurlike krag nou as persoonlik en dan as onpersoonlik voorgestel en behandel word.[5)] Dit sal die veiligste wees om die twee voorstellingswyses van die bonatuurlike eerder as twee pole van dieselfde verskynsel dan as twee radikaal verskillende soorte bonatuurlikhede te sien. In hul uiterste ge= daantes verskil hulle wel deeglik van mekaar maar daar is 'n tussen= veld waar hulle mekaar soms oorvleuel en waar 'n mens nie altyd seker is tot welke van die twee 'n bepaalde handeling met betrekking tot 'n bonatuurlike krag behoort nie.[6)]

In die volgende afdeling word naderby ingegaan op die bogenoemde aspekte van die Bantoegodsdiens.

2. Persoonlike Supernaturalisme:-

(a) Oppergodsgedagte:

Die Suidelike Bantoe glo in die bestaan van persoonlike bo= natuurlike magte wat elk 'n afsonderlike bestaan het, wat 'n eie wil het en selfstandig uit homself kan optree. Die houding

---

4) Coertze, P.J., op cit., p.181

5) Ibid., p.183

6) Ibid., p.183

van die mens teenoor sulke bonatuurlike persoonlike magte is gewoonlik een van eerbied en onderdanigheid. Gunste word dan ook van sulke kragte afgesmeek deur gebede en offerhandes, maar dit hang uitsluitlik van die wil van die krag af hoe dit sal reageer. Vir die Suidelike Bantoe is hierdie mag gesetel in die besef van 'n opperwese. Behalwe vir uitsonderlike gevalle is daar feitlik geen rituele handeling wat in direkte verband met die begrip van die Opperwese staan nie. Hy word beskou as synde afgetrokke en verwyder van die mens, met sy setel êrens in die lug of die hemelruim. Hy openbaar hom alleen d.m.v. indrukwekkende natuurverskynsels, soos die weerlig, donderweer, hael en reën. Hy word beskou as die skepper van alle dinge. Hy staan afsydig van die mens, maar kan die aarde teister deur storms, droogte en pestilensie.[7] Sy magte is hoofsaaklik gedelegeer aan die Voorvadergeeste.

Die geloof in een enkele Opperwese, d.w.s. Monoteïsme, kom bykans by al die Suidelike Bantoestamme voor wat by hierdie studie betrek word. Ons kan miskien net let op die verskillen= de benaminge wat hierdie stamme vir hul Oppergod het.

By die Zoeloe is die Opperwese bekend as „Unkulunkulu". Krige beweer dat „Unkulunkulu is the First Cause and the creator of all things."[8] Die Sothovolke dui die Opperwese as „Modimo" aan.[9] Net soos die Sotho dui die Tswana hul oppergod ook as „Modimo" aan.[10] Die Xhosa praat in hierdie verband van „Uthixo".

Tweedens tref ons ook vorms van Politeïsme aan; die aanbidding van meer as een god. Die Zoeloe het nie 'n suiwer monoteïstiese godsdiens nie, want benewens die „Unkulunkulu" is daar ook nog „Nomkhubulwana", die dogter (inkosazana) van „Unkulunkulu".

---

7) Coertze, P.J., Op.Cit., p.183

8) Krige, E.J., The Social System of the Zulus, p.281

9) Bruwer, J.P., Die Bantoe van S.A., (1963), p.122.

10) Schapera, J., The Tswana, p.59

„Inkosazana, or the Princess of Heaven, as she is sometimes called, presides over the growth of the corn and there are the relics of some old worship to be seen in the „Nomkhubulwana" ceremonies of springtimes when songs in honour of this goddess are sung".[11] Verder is daar vir die Zoeloe sekere priesters wat 'n rein lewe voer en nou verbonde aan „Unkulunkulu" staan. Deur hom kan hulle weerverskynsels beïnvloed of daarstel. Hulle is die „wagters van die hemel". Na hierdie hemelgod word ook as „Umbelingangi" verwys.[12]

Behalwe hulle besef van en beskouings aangaande 'n opperwese, maak die religieuse stelsel van die Bantoe ook voorsiening vir die geloof in ander bonatuurlike wesens wat nie dieselfde is as voorouergeeste nie. Hierdie bonatuurlike wesens is oorwegend vreesinboesend en word voorgestel as demigode.

Al hierdie geeste en wesens is kwaadwillig en veroorsaak die dood van almal wat hulle ontmoet. Baie dikwels vind ons ook dat hierdie geestelike wesens verbind word met sekere voorwerpe wat deur die mens self vervaardig word. Dit kan geeste wees wat òf afkomstig is van afgestorwe mense òf uit hulself bestaan.

(b) Die geloof in Voorvadergeeste:

(i) Die bestaan van die geeste:-

Die oppergod word gewoonlik ook as té verhewe beskou om hom direk te nader. Gevolglik word die voorvadergeeste gebruik as tussengangers. Ons vind dus geen direkte diens aan die oppergod nie. Voorouerverering het deur die jare al meer op die voorgrond getree terwyl die godsbegrip al meer ver=vaag het. Die geloof in die voorvadergeeste is van baie meer aktuele betekenis in die lewe van die Bantoe. Dit is voorts ook 'n wêreldwye verskynsel. In die geval van die Bantoe is dit die sentrale punt van hul geloof wat saamhang met die mens se samestelling.

Dit is 'n algemene verskynsel dat die mens se samestelling as tweeledig gesien word nl. die gees en liggaam.

---

11) Krige, E.J., op cit., p.283

12) Bruwer, J.P., op cit., (1963), p.122.

Die voorstelling is ook aanwesig by die Bantoe wat die mens se siel of gees as 'n skaduwee, lug, wind, beskou. Soos 'n mens kan verwag is hulle idee van wat die siel, wind,ens. mag wees, 'n baie vae een. Hulle glo dat die siel nooit vergaan nie en dat by die dood van 'n persoon die siel die liggaam ontvlug en voortaan in 'n geesteswêreld sal lewe. Daar word ook geglo dat die siel gedurende die mens se leeftyd die liggaam tydelik kan verlaat, bv. wanneer 'n mens slaap of in 'n floute verval, en dat dit by dié geleentheid sekere dinge kan beleef. Dit is dus gevaarlik om iemand wat slaap skielik te wek, aangesien die siel moontlik nog buite die liggaam kan dwaal. Wanneer 'n persoon sterf het die siel 'n eie persoonlikheid wat in 'n geesteswêreld as bonatuurlike wesens voortbestaan.

Daar word ook geglo dat die geeste bedeeld is met bonatuur=like kragte en gedurig in kontak met die lewendes bly. Die geeste behou die kenmerke wat hulle ten tye van hul aardse lewe geopenbaar het, bv. 'n persoon wat in lewe 'n besondere goeie geneesheer was, sal dan ook as gees aange=roep word in tye van siekte. Sommige glo dat die plek waarna die geeste gaan êrens in die hemelruimte is terwyl andere weer glo dat dit ondergronds is. Daar word dan geglo dat die geeste in grotte woon, dat hulle trou en beeste aanhou en origens 'n lewe voer soos 'n lewende per=soon. In die breë behou die Voorvadergeeste hulle karak=tertrekke.

'n Verdere belangrike funksie van die voorvadergeeste is dat hulle die tradisies en algemene volksgewoontes kan be=skerm indien enige afwykinge daarvan sou voorkom. Hieruit vloei dan voort die groot mate van konserwatisme wat ons by die Bantoe aantref sodra dit om 'n wysiging of afwyking van hulle gewoontes gaan. Die straf van die voorvader=geeste sal, so glo hulle, outomaties volg. Indien hulle egter volgens hul stamtradisies leef, kan hulle staatmaak op die seën en beskerming van die voorvadergeeste.

Daar word ook geglo dat die geeste op die mens 'n bepaalde invloed uitoefen en dat daar weë is waarby die afgestorwenes hulleself aan die agterblywendes kan toon en hulle wense aan hulle kan opdring. In dié geval word veral geglo dat geeste hulleself kan openbaar wanneer 'n persoon droom, maar dan glo die Bantoe ook dat die geeste hulleself kan openbaar in die vorm van sekere diere, veral slange, en ander gedaantes. Die verskyning is gevrees omdat dit 'n teken sou wees dat so 'n gees ontevrede is en dit word met die grootste eerbied en respek behandel. Dit is taboe om hulle te dood. „If a disease breaks out in die village the bones may reveal that someone in the hut has hurt the gods, and a sacrifice will be required in order to appease them."[13]

(ii) Die verering van die geeste:-

Behalwe in die geval van bepaalde rituele seremonies wat op besondere tye uitgevoer word, is die verering van of skakeling met die voorouergeeste nie 'n alledaagse gebeure nie. Weliswaar word die geeste gedurig onthou d.m.v. besondere reëls wat gehandhaaf word om nie hulle misnoeë te wek nie. Die religieuse uiting van animisme, of skakeling met die geeste, is veel meer 'n geleentheidsaksie wat veral in krisistye sterk op die voorgrond tree.

Van die mens word daar sekere handelinge verwag teenoor die geeste en nalatigheid op hierdie gebied kan meebring dat die voorouergeeste ontevrede raak. So kan genoem word dat daar by die afsterwe van 'n persoon sekere seremonies van die agterblywendes verwag word wat die gees in staat sou stel om in die omgewing van die graf te bly. Dan kan ook klein offerhandes genoem word soos bier, water of ander voedsel waarvan eers 'n klein bietjie op die grond gestort word voordat dit normaalweg gebruik word.

In tye van siekte of nood moet met die geeste kontak gemaak word, want die waarsêer sal hulle dikwels aanwys as die oorsaak van die beproewing. Ook moet met hulle geskakel word

---

13) Junod, H.A., The life of a S.A. Tribe, p.384

as hulle seën noodsaaklik is vir veiligheid of sukses. Hierdie skakeling met die geeste gaan gewoonlik gepaard met offerandes.

Die hoof van 'n familie of van 'n verwantskapslinie tree op as priester vir sy groep, terwyl die opperhoof vir die hele stam by die voorouergeeste intree. Die eintlike geeste wat aangeroep word, is ook die van die vorige leiers. Die familiehoof sal die geeste van sy eie voorvaders aanroep, terwyl die opperhoof ten behoewe van die stam skakel met die geeste van vroeëre opperhoofde, d.w.s. sy voorgangers. Hulle word bedank vir hulle seën of gesmeek om genade en hulp te betoon. Hoewel die nodige respek altyd daar is, beteken die verering en skakeling nie primêr aanbidding nie. Dit is veel meer 'n eerbiedige ontmoeting tussen afhank=likes en hulle voogde in die geesteswêreld. Dit is 'n ver=houding van sosiale intimiteit gesakraliseer deur die bo=natuurlike aard van die voorouergroep, wat nog altyd deel vorm van die gemeenskap, maar nou omsluier is deur die on=aantasbare mag van die geesteswêreld.

'n Mens kan onderskei tussen private offerandes en offerandes van 'n nasionale aard. Eersgenoemde word deur individue of kleinere groepe mense, soos bv. binne 'n verwantskaps=groep, geoffer. Laasgenoemde staan in verband met een of ander groot gebeurtenis wat die stam as geheel mag raak. Die belangrikste hiervan is die rituele gebruike wat in ver=band staan met die reën, saaityd en die Fees van die Eerste Vrugte as die oeste ingesamel is. Hierdie seremonies staan dus in noue verband met die Landboubedryf en dra die karakter van magiese versekering van goeie oeste en dank=feeste vir die voedselvoorrade wat ontvang is. In hierdie seremonies is die magiese en offer-elemente ten nouste ineenge=weef. Dit is ook die seremonies waarin 'n moontlike verband tussen die begrippe en beskouinge aangaande die voorouergeeste en die vae besef van 'n Opperwese die sterkste na vore tree in die religie van die Bantoe. Die moontlikheid dat die geeste, volgens Bantoebeskouing, in hierdie seremonies optree as bemiddelaars tussen die mens en die hemelmagte is nie uit=

36/......

gesluit nie. Die seremonies beklemtoon ook die uiters belangrike posisie van die opperhoof as uiteindelike priester van sy volk.

Ons vind dus offerandes wat aan die voorouergeeste ge= bring word uit dankbaarheid vir seëninge ontvang, maar dan ook offerandes wanneer die stam deur een of ander ongeluk getref word, bv. in tye van droogte, oorlog, siekte, en die voorvadergeeste word in sulke tye aangeroep en om hulp gesmeek. By dergelike geleenthede moet onthou word dat die geloof in onpersoonlike supernaturalisme, wat ek later sal behandel, 'n baie belangrike rol speel. Dit is dik= wels moeilik om te bepaal waar presies die geloof in toordery begin en waar dit ophou. Dit is trouens 'n kenmerk van die primitiewe religie dat hierdie twee vorme ten nouste met mekaar geïntegreer is.

In die geval van belangrike offerseremonies word egter altyd gebruik gemaak van een of ander dier. Beeste speel hier 'n belangrike rol, maar skape en bokke is ook algemene offerdiere.

Die prosedure wat gevolg word met betrekking tot offerandes in die algemeen, verskil natuurlik ietwat van stam tot stam. Onder die Sothovolke is die graf die belangrikste plek vir offerhandelinge. Die Zoeloe se vernaamste altaar is die platformpie agter in die woonhut. Dit is 'n plek wat as't ware aan die voorvadergeeste opgedra en geheilig is. Offers word dan hier neergeplaas.

Die hele diens aan die voorvadergeeste is 'n baie wye een. Die prosedure hang dikwels af van die spesiale omstandighede of toestande waarin die mens verkeer. In die breë sou mens die stelling kon maak dat daar in tye van nood, siekte en ander rampe dikwels meer pertinent aan die voorvadergeeste gedink word as in tye van voorspoed.

(c) <u>Die aanbidding van heldefigure:-</u>

Die aanbidding en verering van sekere persoonlikhede van legen= dariese aard kom dikwels voor. Sulke figure word dikwels op die snaaksste en eienaardigste wyse voorgestel.

By ons S.A. Bantoe is die aanbidding van dergelike figure 'n betreklik algemene verskynsel. Daar is bv. 'n lentegodin by die Zoeloe, 'n „Dingwe" by die Tswana en 'n „Hubeane" by die ander Sotho.

Oor die algemeen word hierdie persone of geeste aanbid afhangende van hulle besondere invloed op die mens en wat veral kenmerkend is, is dat hierdie figure in die folklore van die mense 'n baie belangrike rol speel.

3. Onpersoonlike Supernaturalisme (Magie)

(a) Wat is Magie:-

„It is all the rites, practices, and conceptions which aim at dealing with hostile, or neutral, or favourable influences, either impersonal forces of Nature, or living men acting as wizards, or personal spirits taking possession of their victims."[14)]

Beattie wys daarop dat sèlfs in gevorderde gemeenskappe alle menslike aktiwiteite nie prakties en wetenskaplik is nie. Praktiese tegnieke en kennis word van ander oorgeneem en op eie situasie toegepas, bv. in verband met boerdery - watter produkte alles aangeplant kan word en wanneer dit geplant moet word - maar na dit alles toegepas is, word ook nog na 'n reënmaker, wat vir betaling en d.m.v. die gebruikmaking van spesiale magiese toerusting en passende towerspreuke, gegaan ten einde te verseker dat voldoende reën sal val wanneer benodig. Dit is dus 'n by=komstige aktiwiteit wat gewoonlik deur die blanke van die ander onderskei word as die bonatuurlike teenoor die natuurlike. Vir die betrokke persoon wat van die reënmaker gebruik maak is dit egter net so 'n natuurlike handeling as wat dit vir ons is om die gesaaides gereeld te skoffel.[15)]

Die onderskeid wat wel tussen hierdie 2 tipes van aktiwiteite bestaan, berus, volgens Beattie, op die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n simboliese element waar iets vir iets ander staan. Dit beteken dat die hele prosedure (rite) 'n noodsaaklike ekspressiewe aspek besit. In elke rite word iets gesê sowel as iets gedoen.

---

14) Junod, H.A., op cit.

15) Beattie, J., Other Cultures

Hierdie aktiwiteit is ekspressief sowel as instrumenteel.

Hierdeur word dit onderskei van die streng empiriese, instrumen= tele aktiwiteite. Dit is ook verstaanbaar dat ekspressiewe, rituele patrone van gedrag baie meer algemeen voorkom by een= voudiger, tegnologies primitiewe kulture. Daar is altyd 'n mate van empiriese kennis, maar daar is onvermydelik 'n veel wyer veld van daaglikse ondervinding waarin wetenskaplike kennis, wat 'n voorskrif vir effektiewe aksie kan voorsien, ontbreek.[16)]

P. Fejos gee vir ons die volgende definisie: „The art, or body of arts, which claims or is believed to be able to compel a deity or supernatural power to do or refrain from doing some act or to change temporarily the order of natural events, or which claims or is believed to produce effects by the assistance of supernatural beings, as angels, demons, or departed spirits, or by a mastery of secret forces in nature".[17)] Voorts maak hy melding daarvan dat magie nie deur die primitiewe mens duidelik onderskei word van die wetenskap nie. Dit is 'n doel van die meeste primitiewe godsdienste.

Magie beteken, so gaan Fejos voort, al die formules om dinge te doen wat bo jou persoonlike krag is. Dit is egter nie 'n inge= wikkelde probleem soos kern-chemie nie. Dit maak van taamlik eenvoudige dinge gebruik:

Medisyne: die regte dinge om te gebruik;
Towerspreuke: die regte dinge om te sê.

Volgens Fejos is Magie wêreldwyd. Dit is 'n verkeerde idee om te glo dat magie net bestaan vir die primitiewe mens. Dit be= staan ook vir ons net soos dit vir ons voorouers bestaan het. Vergelyk maar die allerhande gebruike en vrese by mense - die rol wat die getal 13 speel en die vrees om onder 'n leer deur te loop, ens. ens. In die Westerse gemeenskap is magie iets skande= liks, maar dit het geen slegte reputasie onder die primitiewe mense nie. Vir hulle is dit die regte manier om iets te doen.[18)]

---

16) Beattie, J., Op cit.

17) Fejos, P., Magic, Witchcraft, and Medical Theory in primitive Cultures, in „Every man his way - Readings in Cultural Anthropology", deur A. Dundes (1968).

18) Ibid.

Eienaardig genoeg is daar 'n ooreenkoms tussen magie en wetenskap, nl. daarin dat mense magie en wetenskap gebruik om dieselfde doel te bereik. Hul basiese filosofiese veronderstellings is egter verskillend. Die wetenskap aanvaar geen kompromieë, teenstrydig=hede of gelowe nie. Die wetenskap wil weet of 'n ding of metode sal werk en hoekom. Magie wil ook weet of 'n ding of metode sal werk, en stel ook baie belang in die hoekom, maar dit is gewillig om te glo, bv. hoekom iets só of só is, en soek nie fisiese redes en oorsake nie. Sy oorsake is dus gebaseer op geloof en die bonatuurlike.[19)]

Magiese praktyke kan, volgens Fejos, in 4 tipes geklassifiseer word:

(i) Simpatieke-Magie: wat gebaseer is op die beginsel dat soortgelyke oorsake dieselfde resultate het („like effects produce like results") - asook op die geloof dat dinge wat eens in kontak met mekaar was voortgaan om op mekaar in te werk ook na die skeiding;

(ii) Voorspellingsmagie: verskillende maniere om verborge kennis te bekom (bv. astrologie);

(iii) Towerkuns - magie: Wonderwerke; en

(iv) Towerspreuk: Voordra van magiese formules - uitspreek van woorde met magiese krag.[20)]

Beattie maak ook melding dat daar, volgens Malinowski, 3 elemente in enige magiese handeling is, nl.:

(1) Die towerspreuke - werklike woorde wat gespreek is;
(2) Die rite - wat werklik gedoen is;
(3) Die morele of rituele omstandighede van die beoefenaar (sy krag of status).

Die belang wat aan bogenoemde geheg word verskil van een kultuur na die ander en selfs van een magiese aktiwiteit na die ander.[21)]

---

19) Fejos, P., op cit.

20) Ibid.

21) Beattie, J., op cit.

Magie is voorts eerlik (eerbaar) - dié wat dit beoefen, glo daarin. Dit is ten volle en onteenseglik geldig vir hom. Hier lê die basiese struikelblok in die deurgaans westerse siening van magie in sy eintlike betekenis.[22)]

Vir die westerse mens is „to touch wood" (dat dit met jou goed sal gaan), 'n bygeloof, maar om 'n voorstelling te sien waar 'n vrou middeldeur gesaag word, is magie. Net die teenoorgestelde is die waarheid. Laasgenoemde is bedrog - die gehoor word gekul. Die doel van primitiewe magie aan die ander kant is nooit bedrieëry of kullery nie, maar is eerder gebaseer op volle, eerlike, dogmatiese „belief and faith."[23)]

Verder verdien dit ook om te let op wat Prof. Dr. G. van der Leeuw vir ons in hierdie verband noem. Hy verstaan daaronder: „het geloof in een heilige, onpersoonlijke macht (of machten), die geestelijk en stoffelijk tegelijk is gedacht, een soort fluïdum, dat dingen, dieren en mensen kunnen hebben of ook niet hebben. In het laatste geval neemt men daarvan geen notitie, in het eerste is het machtbesit een reden tot observatie, hetzij men den met de macht geladen wezens vrees of verering toebrengt, hun een eredienst wijdt dan wel tracht hun macht met afweer=middelen onschadelijk te maken. Het primitief dynamisme is dus geenzins een soort van pantheïstisch stelsel, volgens het=welk alle wezens met goddelijke kracht bezield zouden zijn. Het kan zich daartoe ontwikkelen, zodra het buiten de eigenlijk primitieve sfeer treedt; .......... Maar de primitief weet daarvan niets. Hij gaat zuiwer empirisch te werk. Waar hem een bijzondere macht tegenkomt, daar neemt hij zijn maat=regelen van afweer, van verering enz. Waar hij die macht niet bespeurt, doet hij dit niet. Systematiek is hem vreemd."[24)]

---

22) Fejos, P., op cit.

23) Ibid.

24) Van der Leeuw, G., De Godsdiensten der Wereld.

(b) <u>Waar vertoef dit:-</u>

Dit sal goed wees om op hierdie stadium eers 'n antwoord te gee op die vraag nl.: Waar vertoef hierdie krag, of waarin is dit gehuisves?

Hierdie krag wat bonatuurlik van aard is kan volgens die geloof van die primitiewe mens in verskillende dinge (setels of draers van hierdie krag) aanwesig wees, soos bv. die volgende: 'n krag kan opgesluit lê in sekere woorde, gebare, liedere, getalle, voor=werpe, sinsnedes, diere en talle ander materiële en immateriële verskynsels. Volgens hul sienswyse kan derglike krag in so 'n voorwerp, getal of woord, eenvoudig ingedink word sodat dit van dan af kraghoudend word. By die Bantoe is dit 'n baie belang=rike geloofsvorm. By die Polinesiërs tref ons 'n geloof aan in „Mana" wat hulle hele lewe oorheers (Mana = krag). Alle voor- of teenspoed, krag of swakheid word deur hulle aan die aan- of af=wesigheid van Mana toegeskryf. Dit staan weer i.v.m. 'n reeks taboebepalings (Tapu = verbode). Verskillende middels word soms gesamentlik gebruik, bv. die gooi van die „dolosse" nadat die Waarsêer dit met sekere „medisynes" behandel het en sekere formules oor hulle uitgespreek het.[25)]

Onder die Suid-see primitiewe volke was „Mana" geïdentifiseer met 'n voortplantende krag met die belangrikste faktor van die natuur (as goddelike), maar ook met lewe en lig. „Mana" is nie 'n dier of mens nie. Ook nie 'n spook of gees nie. Dit is net krag met die toorkrag-vermoë. Dit is onpersoonlik, maar kan tog deur voor=werpe, geeste en mense werk.[26)]

In die Marquesas was dit dapperheid wat 'n persoon 'n kaptein ge=maak het in oorlog. Die „Mana" van al die persone wat deur 'n persoon in 'n oorlog gedood is sou dan in laasgenoemde vergader. Dit het gelei tot onverskrokke dapperheid. Die „Mana" van 'n persoon se spies neem ook toe met elke persoon wat hy dood.[27)]

---

25) Coertze, P.J., op cit.

26) Goldenweiser, A., Anthropology

27) Ibid.

(c) Aanwending van hierdie krag:-

Aangesien towerkrag enersyds tot voordeel en andersyds tot nadeel van die individu of gemeenskap aangewend kan word, onderskei ons tussen die sogenaamde „wit" of goedwillige en die sogenaamde „swart" of kwaadwillige towerkuns. Die morele kode van die Bantoe hou terdeë rekening met wat goed en wat kwaad is. Hierdie magiese krag is manipuleerbaar ten goede of ten kwade. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die onderskeid in die praktyk nie altyd so absoluut getrek kan word nie aangesien die= selfde towerhandeling vir die een party voordelig en vir die ander nadelig en selfs noodlottig mag wees.[28]

(i) „Wit" of goedwillige towerkuns:-

Beskermende „wit" magie word gebruik om iemand te verseker teen „swart" magie. Die oorspronge van baie magiese gebruike (nie almal nie) gaan terug na die vroeë geskiedenis van die mens. „Wit" magie word baie maal in moderne gemeenskappe gebore, bv. die geloof dat dit ongeluk beteken as 3 mense hul sigarette aan dieselfde brandende vuurhoutjie opsteek, wat gedurende die eerste wêreldoorlog ontstaan het „for magically logical reasons".[29]

Coertze onderskei in hierdie verband verder tussen die aan= wending van towerkrag vir waarsê aan die eenkant en vir ander goedwillige doeleindes aan die anderkant. Eersgenoemde is waarsêers wat met behulp van towermiddels verborge dinge aan die lig bring deur ondermeer die oorsake van siektes te diagnoseer, bose towenaars „uit te ruik", verlore goedere op te spoor en om die toekoms te voorspel. Laasgenoemde geskied deur toordokters en die doeleindes waarvoor hulle hul towerkuns aanwend kan onder drie hoofde saamgevat word:

---

28) Coertze, P.J., op cit.

29) Fejos, P., op cit.

(aa) <u>Genesing van siektes:</u>

„Ingeval van siekte word 'n waarsêer gewoonlik eers ge= raadpleeg ten einde die oorsaak daarvan vas te stel en indien nodig verdere stappe voor te skryf. Indien hy self, soos dikwels gebeur, tegelyk ook 'n toordokter is, sal hy ook die nodige behandeling toedien of andersins die pasiënt na 'n bepaalde toordokter verwys. 'n Alge= mene opvatting onder primitiewe volke is dat siekte ver= oorsaak word deur geeste of materiële voorwerpe wat die liggaam van die sieke binnedring en wat uitgehaal moet word ten einde genesing te bewerkstellig. In so 'n geval word daar dan naas blote towerhandelinge van purgeer- of braakmiddels, bloedaftapping en selfs van stoombaddens gebruik gemaak. Die primitiewe geneeskunde is egter hoofsaaklik 'n towerkuns en berus slegs in mindere mate op empiriese geneeskundige kennis. Die medisynes is in die meeste gevalle blote towermiddels sonder enige bepaalde geneeskrag en selfs waar dit werklik medisinale waarde het, word die uitwerking daarvan gesien as 'n werking van die bonatuurlike, dit wil sê as 'n magiese aksie".[30)]

Fejos wys in hierdie verband daarop dat die helper of „dokter" by siekte deur antropoloë aangedui word met die kollektiewe term „shaman". Dit is 'n Siberiese woord wat „one who is endowed with supernatural potentialities and abilities" beteken. Somtyds word die „shaman" in besit geneem deur geeste.[31)]

Dit is voorts ook hier van belang om te let op die ooreen= koms en onderskeid wat daar, volgens Fejos, bestaan tussen die mediese dokter en die „shaman". Beide groepe is ge= leerde mense; beide word aan strenge dissipline en 'n ontsaglike hoeveelheid opvoeding gedurende baie jare onderwerp; beide staan onder streng professionele, etiese

---

30) Coertze, P.J., Op cit.

31) Fejos, P., Op cit.

reëls; beide is gerespekteerde lede of leiers van hul onderskeie gemeenskappe. Daar is geen verskil tussen die beskaafde, wetenskaplike mediese dokter en die „shaman" in soverre dit hul werk en pligte aangaan nie. Die ont= saglike fundamentele verskil tussen hierdie twee groepe lê in hul konsep van siekte. Terwyl die terrein van die mediese dokter anatomie, fisiologie en patologie is, is dié van die „shaman" magie, die bonatuurlike. Hierdie kennis is aan hom oorgedra deur sy leermeesters. Die metodes wat deur laasgenoemde gevolg word om siekte te genees, sal biblioteke vul, maar dit kan volgens Fejos in 3 kategorieë gegroepeer word ooreenkomstig die etiologie van die siekte, t.w.:

> Disease by intrusion of foreign objects (bv. - slegte mag het in liggaam gekom d.m.v. dorings); Intrusion by spirits or demons; Incidents of 'soul capture', or straying soul. (Siekte a.g.v. afwesigheid van die siel wat bv. sy intrek in 'n ander liggaam geneem het).[32]

(bb) Beskerming teen gevare:

Vir die beskerming van die indiwidu teen gevare wat hom op verskillende stadiums van die lewe mag bedreig, word daar veral van amulette, d.w.s. towervoorwerpe wat aan 'n persoon se liggaam gedra word, gebruik gemaak. Ook bepaalde groepe van mense word teen gevare 'gedokter', soos byvoorbeeld die leër, in welke geval die behandeling gewoonlik daarop gemik is om hulle immuun vir die vyand se wapens te maak. Wonings en dorpe word onder meer teen weerlig en bose towery beskerm deur towermiddels daarin en daaromheen te plaas. Landerye word op soort= gelyke wyse teen hael, verlies aan vrugbaarheid, ensovoorts, 'gedokter'. Verder word towerhandelinge ook soms aangewend om persoonlike vyande soos bose towenaars te vernietig.[33]

---

32) Fejos, P., Op cit.

33) Coertze, P.J., Op cit.

Ons sou dus in hierdie verband kon praat van beskermende geneeskunde, in dié sin dat die indiwidu gedurig poog om sy liggaam te beskerm teen kwaadwillige invloede van buite.

(cc) Versekering van voorspoed:-

Indiwiduele voorspoed word onder andere verseker deur die dra van talismans, d.w.s. voorwerpe wat die krag besit om aan hul draers geluk te besorg. Goeie oeste word verseker deur saad en landerye te ‚dokter' en deur ‚reënmaak'-seremonies wat by haas alle primitiewe volke uitgevoer word.[34)]

Verder kan hierdie krag ook aangewend word in die opwekking van liefde. Sorg word gedra dat liefde beantwoord word.

(ii) „Swart" of kwaadwillige towerkuns:-

Sekere persone besit die vermoë tot „swart" of kwaadwillige toordery. Hulle staan dan ook bekend as towenaars en hekse en word oor die algemeen as misdadigers beskou en behandel. Dit is 'n oortreding teen die maatskappy en in vroeëre tye dikwels met die dood gestraf.

Hierdie duistere bedryf word meestal in die nag uitgevoer waar daar gemeenskap met mekaar gehou word en feeste gevier word.

Volgens die geloof van die Bantoe sou hulle ook die vermoë besit om hulself in diere te verander en dat hulle dan as diere ander skade berokken. Hulle kan selfs diere inspan om hulle werk vir hulle te doen.

Die heks is die „moloi" wat gewoonlik 'n vrou is. Sy is 'n dubbele persoonlikheid. Bedags is sy normaal maar snags is sy 'n kwaadwillige wese. Wanneer sy slaap verlaat haar gees haar liggaam in die vorm van 'n skaduwee. In haar hut bly dan 'n wildedier in haar plek agter. Daar word geglo dat hulle hierdie kuns altyd van moederskant oorerf en nooit van die vader nie. 'n Persoon kan ook onbewus wees dat hy of sy 'n towenaar of heks is, aangesien dit slegs hul geeste is wat met sulke bedrywighede besig is.

---

34) Coertze, P.J., Op cit.

Die towenaar het egter medisyne wat hom in staat stel om haar te sien. Verder kan die „moloi" 'n persoon se hut betree, laat in die nag, nadat die „moloi" die persoon in 'n diepe slaap laat val het. Dan kan hy hom bv. op baie plekke sny in sy liggaam waarin dan klein klippies, ens. gesit word wat dan gedokter is. Hierdie elemente kan siekte of selfs die dood veroorsaak. Selfs die strooiing van bloed in iemand se „lapa" kan die gevolg hê dat so iemand van sy ledemate ver= loor as hy daarop trap.

Die Tokkelossie of „uhili" kan deur 'n heks aangehou word wat dan deur sy besitter gestuur word om mense kwaad aan te doen. Vergelyk ook hiermee die „iZulu" of „impundulu" (weerligvoël) by die Zoeloes.

Die gewone man verag gewoonlik hierdie, „moloi" en dit is een van die grootste beledigings om 'n persoon as 'n towenaar te bestempel.

Wanneer 'n persoon 'n ongeluk of 'n skade oorgekom het, skryf hy dit dadelik toe aan 'n towenaar. Gewoonlik het hy 'n sus= pisie wie vir sy toestand verantwoordelik is. Hy roep 'n toordokter in om te kyk of hy reg is in sy suspisie. Voor hy dan teen so iemand kan optree moet hy definitiewe bewys hê. Dolosse word gebruik maar ook 'n proses van „uitruiking". Hierdie „uitruiker" staan bekend as ‚shinusa'. Hy ondervra 'n klomp en vind so uit wie die skuldige is. Vergelyk hiermee die drink van die gifbeker of die insteek van sy hand in kokende vet. Indien so iemand doodgaan of siek word of in die warm vet brand, is hy skuldig. Dit is die uitvoering van die sogenaamde „godsoordeel".

Fejos wys daarop dat die towenaar gewoonlik die eerste is om bekend te maak dat hy „swart" magie teen een of ander persoon beoefen. Die towenaar waag in die meeste gevalle gewoonlik nie veel met hierdie optrede van hom nie want om hom dood te maak is van geen nut nie aangesien magie nie doodgemaak kan word nie. Die beweeglike magie, die „mana", sal vinnig van die dooie liggaam verder oorgaan in 'n

ander gekose een en die gevaar van slegte (kwaadwillige) magie sal steeds oor die hoof hang van die slagoffer. 'n Mens kan magie bestry, teenwerk of neutraliseer, maar dit nie vernietig nie.[35)]

(d) <u>Persone wat hierdie krag hanteer:-</u>

Vervolgens wil ek graag die soeklig laat val op die <u>persone wat hierdie krag of kragte hanteer</u>, nl. die toordokters:-

(i) <u>Die roeping van die Dokters:-</u>

Die toordokters in die Bantoegemeenskap vervul nie almal dieselfde funksie nie en val ook nie almal in dieselfde groep nie. Die Bantoe onderskei self baie duidelik tussen hulle toordokters. Elkeen het sy eie terrein en spesiali= seer as't ware op 'n besondere gebied. „.......... evil supernatural spirits are also believed to exist, in general gods are conceptualized as taking an interest in the welfare of human communities. If human behaviour receives approval, the supernatural will generally be inclined to maintain human welfare, while defiant and disapproved behaviour is subject to punishment".[36)]

Die roeping en inlywingsproses verskil van stam tot stam. Junod maak melding van 'n soort „eksamen" waardeur die per= sone moet gaan en waar hulle dan ook bewys lewer dat hulle in staat is om hulle gemeenskap behulpsaam te wees. Party word egter 'n dokter alleen op voorwendsel dat hy voorskrifte van 'n voorvader ontvang het.[37)]

Volgens Bruwer kon daar nie na willekeur toegetree word tot die toordoktersamp nie. Dit is in baie gevalle oorerflik of hulle moet deur voorvaders geroep word tot die amp.

So 'n geroepe persoon wyk dan gewoonlik af van die normale t.o.v. gewoontes. Hulle word maer omrede hulle hul onthou van die samelewing en van sekere voedsel. Hulle komponeer

---

35) Fejos, P., Op cit.

36) Malefÿt, A. de Waal; Religion and Culture, p.9

37) Junod, H. A., Op cit.

liedere, gaap en nies baie.

Hierdie proses van inlywing van die aspirant-toordokter duur soms maande en jare. Ook moet hy aan sy leermeester vergoeding betaal. Opleidingseremonies geskied in die geheim en gaan gepaard met baie rituele plegtighede. Kragmedisyne word hom toegedien wat hy moet drink of wat in sy liggaam ingevryf word totdat hy opbring. Dit dien dan ook om sy liggaam te reinig. Hierdie proses staan onder die Zoeloe bekend as die „ukuthwasa". Hier word hulle ingelyf in die kuns en geheime van die toorkuns.

Die toedien van kragmedisyne aan die kandidaat is 'n belang=rike deel van sy inlywing. "The gall and „umswani" (stomach contents) of both goats are poured over the patient, who is also made to drink a little of this, mixed with medicine, to make him vomit."[38] Offerdiere word ook in belang van die kandidaat geslag.

Die nuwe toordokter moet hom hou aan sekere reëls van sy amp. Hy dra 'n besondere mondering wat hom dadelik as toordokter onderskei.

(ii) Groepe van toordokters:-

Bruwer onderskei tussen drie groepe van toordokters, nl.:

(aa) Die Medisynedokters:-

Hulle verskaf allerlei soorte kragmiddels. Hulle berei hul toormiddels om te beskerm, te genees, of sukses te verseker. Empiriese kennis speel hier 'n rol. (Diagnosering van siektes en genesende kruiesoorte). Die dra van amulette moet hiermee in verband gebring word. Hulle staan by die Zoeloe bekend as „inyanga", by die Sotho „ngaka", ens. Spesiali=sasie in verskillende rigtings, bv. reënmaak, die afweer van blitse, ens. word hier ook aangetref.

(bb) Die Divinasiedokters:-

Hulle is ook bekend as waarsêers. Hulle lê hulle toe op die diagnosering van onverklaarbare dinge. Hulle vertolk

---

38) Krige, E.J., op cit., p.305.

die boodskappe van die voorvadergeeste. Dolosse word hiertoe gebruik wat meebring 'n bepaalde sienerskrag. Zoeloe - „izanusi", Xhosa - „amaggira".

(cc) Die Geestesmedia:-

Hier kan feitlik gespreek word van spiritistiese media. Hulle word deur geeste in besit geneem om dan die waarsê=kuns te beoefen. Hulle maak dikwels gebruik van buik=sprekery. Hulle kan dan ook geeste uit mense dryf. Sotho - „Mathuela".[39]

Toordokters is skakels tussen die samelewing en hierdie onsig=bare mag. In elkeen is daar dan ook 'n konsentrasie van magiese vermoë om dinge te verstaan, te interpreteer, te voorkom en te beheer. Hulle word alleen oorskadu deur die Opperhoof wie se eretitel dan ook „inyanga yeziswe" is wat beteken: „die toordokter van die volk".[40]

(iii) Toormiddels:-

Die hele familie van so 'n dokter staan hom by in sy beroep. So is sy vrou(e) bv. die versamelaars van die bestandele waar=uit die medisyne dan gemaak word. Ons tref verskillende tipes medisyne aan vir verskillende doele. Medisyne t.o.v. die oorwinning van vyande, vir die voorkoming van rampe, vir die bring van pasiënte na hom en vir hul houding teenoor hom, ens. Ons vind verder manlike en vroulike medisyne. Die vroulike word aangewend t.o.v. die leër en die assegaai. Die manlike t.o.v. die behandeling van siektes, ens. Die medisyne word vervaardig van: dele van diere, voëls, mense. Laasgenoemde voorbeeld staan i.v.m. die rituele moorde. Ook word plante, wortels van sekere plante, ook plantsappe, ens. hiervoor gebruik. Heel dikwels word die aard van die bestanddele van toormiddels bepaal volgens die geloof in analogiewerking, bv. t.o.v. verwagtende moeders, reën, ens.

Patalogiese kennis bestaan gladnie onder die Bantoe nie en kennis aangaande anatomie en fisiologie is beide oppervlakkig

---

39) Bruwer, J.P., op cit., (1963) p.140.

40) Ibid, p.140.

en bygelowig.[41)]

4. Taboe:-

„Die taboe-gebruik wat by alle primitiewe volke 'n belangrike rol speel, is ten nouste met onpersoonlike supernaturalisme verbind. Dit hang naamlik saam met die geloof dat 'n onpersoonlike bonatuurlike krag outomaties losgelaat kan word ten nadele van 'n persoon of gemeen= skap indien voorgeskrewe gedragsreëls oortree word."[42)] Taboe-bepalings bestaan eintlik daaruit dat sekere dinge of voorwerpe of ver= skynsels of persone nie aangeraak mag word nie en ook vermy moet word omdat dit met 'n krag belaai is wat dan losgelaat kan word. Taboe kom gevolglik op 'n reeks seremoniële verbodsbepalinge of negatiewe gedrags= voorskrifte neer. Die woord Taboe (Engels = Taboo) kom van die Polinesiese woord „tapu" wat „verbode" beteken en wat daar 'n belangrike rol speel m.b.t. die handhawing van orde en die bepaling van mense se gedrag. Die persoon van 'n stamhoof, sy klere en selfs dinge waarop sy skaduwee geval het, is byvoorbeeld met soveel „Mana" belaai dat dit vir gewone mense taboe is.[43)]

Taboe-gebruike kom ook by die Bantoe voor waar een van die mees bekende die hlonipha-reëls is, bv. by die Nguni-groepe mag 'n skoon= dogter nie haar skoonvader se naam noem nie; vrouens mag nie die beeskraal binnegaan nie; sekere tye en op sekere plekke mag persone nie melk drink nie; sekere tye is dit verbode om seksuele omgang te hê; ens.

Vanweë die feit dat die oortreding van 'n taboe-bepaling gewoon= lik die hele gemeenskap benadeel, word dit by die meeste primitiewe volke as een van die ernstigste oortredings teen die gemeenskap beskou en kan dit gevolglik met die dood strafbaar wees.

5. Magie en godsdiens-verhouding:-

Nadat Coertze die beskouings van sekere volkekundiges wat òf geen verband (Frazer, Durkheim) òf geen onderskeid (sommige Oosterse volkekundiges soos bv. Mitra) tussen towery en godsdiens erken nie,

---

41) Bruwer, J.P., Op cit. (1963) p.146.

42) Coertze, P.J., Op cit.

43) Ibid.

135595

U.O.V.S. - U.O.F.S. BLOEMFONTEIN BIBLIOTEEK - LIBRARY

kom hy volgens my mening tereg tot die slotsom: „Ons kan dus met Frazer saamstem dat daar 'n duidelike verskil tussen towery en godsdiens in die eintlike sin van die woord, d.w.s. as persoonlike supernaturalisme, bestaan, maar nie dat hulle in die religieuse lewe van primitiewe volke niks met mekaar te make het nie".[44] Hy vervolg: „Die suiwer godsdiens en towery is dikwels ineengestrengel maar by ontleding van die onderliggende beginsels kan daar altyd tussen die twee gedifferensieer word".[45]

In verband met magie en godsdiens merk Beattie op dat albei rituele, simboliese idees en aktiwiteite insinueer en dat hulle in sommige eenvoudiger kulture nie duidelik onderskei word nie - indien daar hoegenaamd 'n onderskeid gemaak word. Die een sluit bv. aktiwi= teite van die ander in. Magiese praktyke soos bv. die „reënmaking" ritus kan verwysings bevat van gode of geeste, ens. Wat albei aktiwi= teite dus wel in gemeen het is die rituele, simboliese element wat dit bevat. Hieraan word die idee by implikasie of uitdruklik verbind dat daar 'n soort van doelmatigheid in die optrede van die ritus self is. Solank ons egter die kompleksiteit van die sosiale en kulturele situasies wat ingesluit is in gedagte hou, dan is 'n breë onderskeid moontlik.[46]

6. Bantoegodsdiens en die res van die Kultuurpatroon:-

Godsdiens is nie in homself geïsoleer nie, maar is net soos ander kultuuraspekte met die res van 'n volk se kultuur geïntegreer. Malefÿt stel dit as volg: „It has significant influence upon economics, politics, family patterns, technology, and all other important areas of life. This influence is always mutual: these secular institutions, in turn, affect religious forms, values, and beliefs".[47]

Ter illustasie kan die volgende voorbeelde genoem word:

---

44) Coertze, P.J., Op cit.

45) Ibid.

46) Beattie, J., Op cit.

47) Malefÿt, A., Op cit. p.11

(a) Ekonomiese organisasie en aktiwiteite.

Daar is 'n noue verband tussen godsdiens en ekonomie in die lewe van die Bantoe.

Net soos die gemeenskapsterrein of die indiwiduele bouperseel, moes ook die saailand deur die toordokter behandel word. Die Bantoe is gedurig besig om van magies-religieuse hulpmiddels gebruik te maak as 'n vorm van versekering teen mislukking wat mag voortspruit uit die werking van, vir hom onbeheerbare, faktore en magte. Die Bantoe as voorvaderaanbidder soek hulp by die voorvadergeeste in tye van nood en onheil en hy stort deel van sy voedsel of bier op die grond uit as teken van dankbaarheid teenoor die geeste.

Die rituele waarde van voedsel lê in die bydraes in die vorm van voedsel tot deelname aan die belangrike Fees van die Eerste Vrugte. Op godsdienstige terrein het die Bantoe dan ook oral van voedsel=offers soos bier, melk, graan, pap en vleis gebruik gemaak ten einde in die regte verhouding te bly met die geeste van die voor=vadere.

'n Ander belangrike aspek rakende die godsdiens, is die gebruik van melk. Omdat die bees 'n sakrale karakter het, sal die Zoeloe nie melk drink in 'n vreemde kraal nie, tensy die inwoners aan dieself=de sibbe as die persoon self, of die van sy moeder, sy vader se moeder of die van sy moeder se moeder, behoort nie.[48)]

Beeste is nie net 'n skakel tussen die voorouergeeste en hulle lewendige afstammelinge nie, maar is die enigste middel waardeur die Zoeloe in aanraking met voorouergeeste kan kom om hulp te vra. Sodoende besit die beeskraal ook sakrale waarde, want dit is daar waar beeste gedood word vir offers.

Vir die Bantoe was lewende hawe 'n onmisbare middel ter bevrediging van die algemeen menslike behoefte om in die korrekte verhouding te staan tot die bonatuurlike kragte, wat volgens sy geloof, sy lewe beïnvloed het of kan beïnvloed.

---

48) Krige, E.J., Op cit. p.188

(b) Reg en regeringstelsel.

Benewens al die hoedanighede wat in die opperhoof gesetel is, is hy ook die hoofpriester van sy volk. Verder verorden die opper=hoof groot stamplegtighede, soos inisiasieplegtighede, reënseremo=nies, Fees van die Eerste vrugte en ander rituele bedrywighede met godsdienstige inslag.

Hy is die aardse verteenwoordiger van die linie van opperhoofde en is dus die belangrikste skakel met die voorouergeeste onder wie dié van die vorige opperhoofde die belangrikste is. Volgens Bantoebeskouing besit hierdie voorouergeeste mag oor die wel en weë van hulle aardse onderdane, en die opperhoofde is die medium waardeur die volk met hulle in verbinding tree. Hierdie besondere rol wat die opperhoof speel as volkspriester is waarskynlik een van die kragtigste faktore wat saamhang met sy posisie, want dit is 'n erfstatus wat deur niemand anders beklee kan word nie. Uit hoofde van sy belangrikheid word elke opperhoof wanneer hy te sterwe kom, 'n belangrike skakel in die linie van voorouergeeste. Om hierdie rede word hy op besondere wyse begrawe, gewoonlik in die beeskraal en toegewikkel in die vel van 'n bees. Die rus=plekke van hulle opperhoofde is vir die Bantoe dan ook plekke van besondere belang wat met die hoogste respek en sakrale eerbetoon bejeën word.

Op regsgebied verleen die godsdiens in baie gevalle 'n bonatuur=like sanksie aan die gedragsreëls van 'n stam.

(c) Sosiale organisasie.

Godsdiens speel veral 'n belangrike rol in die sosiale organisasie by geleentheid van die verskillende lewenskrisisse soos geboorte, puberteit, huwelike, siekte en dood en verder dien dit om die ver=skillende sosiale eenhede heg saam te bind.

Aangesien die lede van die gesin onder leiding van die vader die bonatuurlike dien en as 'n eenheid daarna strewe om in die regte verhouding teenoor die supernaturalistiese kragte te staan te kom, moet die gesin inderdaad as 'n godsdienstige eenheid gesien word.

55/.....

Die gesinshoof verteenwoordig die geeste op alle plaaslike ge= leenthede soos by geboortes, huwelike of by die aanvang van nuwe ondernemings waar sekere dinge aan hulle geoffer word of waar hulle om hulp gevra of bedank word vir seëninge wat die mense van hulle ontvang.

Die eenheid tussen lede van 'n ouderdomsgroep, word alreeds gesmee in die stamskool met sy sterk religieuse inslag.

Met die aanvang van die inisiasieseremonies vir meisies word die inisiante op 'n magiese wyse behandel. Ook word die inisiasie-lokaliteit op 'n magiese wyse beskerm.

Die totembeskouing het ook 'n magies-religieuse grondslag. Die totem word vereer. Dit is nie 'n vorm van aanbidding nie, maar sekere taboereëls staan i.v.m. die totem.

(d) Opvoedkundige Stelsel.

Godsdiens word deur die mens as 'n lid van die samelewing aange= leer of oorgeneem. Malefÿt beweer dat dit plaasvind „in part through conscious instruction, in part through imitation of others".49) Gedurende die kinderjare vind hierdie oorname plaas. Kinders word binne 'n bepaalde kultuur gebore en as hulle nie later in hulle lewe te staan kom voor botsende getuienisse nie, sal hulle nooit die beginsels van hulle kultuur of godsdiens betwyfel nie, maar dit wat hulle geleer is as vanselfsprekend aanvaar. Van kleins af het die kinders deel aan godsdienstige seremonies en sodoende word die beginsels van hul ouers se godsdienssiening gaandeweg by hulle ingeskerp.

(e) Taal.

Selfs in die sang, danse en kultuuruitinge van die Bantoe, kom godsdienskenmerke na vore. Nóg die sang, nóg die dans word net vir vermaaklikheidsdoeleindes beoefen. In albei gevalle vorm hulle 'n integrale deel van rituele plegtighede soos reënseremonies, sowel as sosiale aangeleenthede soos inisiasie- en huweliksere= monies.

Die prysliedere word nie soos die naam aandui, gesing nie, maar wel op 'n treurige en eentonige wyse opgesê. Dit is 'n metode

---

49) Malefÿt, A., Op cit. p.7

van danksegging aan die geeste en word by die meeste seremoniële feestelikhede gehoor. Prysliedere word deur sommige Bantoestamme as die hoogste vorm van eerbetoon aan die gestorwenes beskou en slegs die belangrikste voorvadergeeste van die familie word op hierdie wyse vereer.

Die taal wat tydens waarsêery gebruik word, is ook van godsdiens=tige betekenis.

(f) Tegniese en skoonheidskeppinge.

Ook gebruiksvoorwerpe kan rituele waarde besit. Voorbeelde hier=van is die „umsamo" in die Zoeloehut as 'n offerplek, die rituele gebruik van die beeskraal en die dra van ornamente en amulette om rituele waardes. Die waarsêskottel het ook sy rituele waarde.

# HOOFSTUK IV

# DIE BEOEFENING VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS IN DIE BATHO-LOKASIE.

## 1. Inleiding:-

Alvorens ek daartoe oorgaan om die beoefening van die Christelike sowel as die tradisionele godsdiens van die Bantoe in die Batho-lokasie van naderby te belig, sal dit miskien goed wees om vereers nogeens stil te staan by die inwoners van Batho en om dan kortliks, in aansluiting by die vorige hoofstuk, meer bepaald die soeklig te laat val op die gees=tesgesteldheid van die stedelike Bantoe in die algemeen waarvan die inwoners van Batho beslis 'n deel vorm. Die mate waarin 'n volk godsdiens aanvaar, beoefen en gevolglik daardeur beïnvloed word, hang tog immers grootliks onder meer af van die heersende geesteskiimaat van daardie volk.

Die proses van ontmoeting tussen die Witman en die Swartman vind, veral in ons stede, vandag nog plaas. Die westerse beskawings en kulturele beïnvloeding, die assimilasieproses, vind in 'n steeds ver=snellende tempo plaas. „Hierdie assimilasieproses dra nie die karakter van wat gewoonlik ‚akkulturasie' genoem word nie. Die woord ‚akkultu=rasie' is 'n gevaarlike eufemisme. Dit dra nog te veel die gedagte van 'n kultuursimbiose, van 'n ewewigtige gee en neem tussen twee verskil=lende kulture. Wat werklik gebeur, is dat die ou statiese lewensvorme as't ware ontwortel word en plek moet maak vir die nuwere en sterkere. So gesien, is ook die begrip assimilasie wat ons gebruik het, foutief. Ook dit wek nog te veel die indruk van 'n proses waarin die nuwe opge=neem word in die bestaande sonder dat die bestaande self ontbind word, sonder dat die nate van die ou leersakke oopgeskeur word deur die nuwe, gistende wyn. En dit is presies nie wat aan die gang is nie. Die ou leersakke is inderdaad in 'n proses van steeds sneller wordende disintegrasie."[1)]

Dr. Durand wys voorts daarop dat die situasie soos hierbo geskets 'n pad is wat onherroeplik ingeslaan is en dat daar geen pad terug is nie. „Of ons dit wil weet of nie, die Westerse lewenswyse in sy

---

1) Durand, J.J.F., Swartman, Stad en Toekoms, (1970), p.2

tegnokratiese gestalte is die toekomstige lewenspatroon van die Swart volke op die vasteland van Afrika. Die gedagte van die uitbouing van die een of ander eiesoortige beskawing vir die Swartman, is slegs 'n droom en klop nie met die werklikheid nie. Dit is veral waar in ons stedelike gebiede waar die Westerse lewensvorme in sy mees gekonsentreer=de hoedanighede, sowel konstruktief as destruktief, aangetref word."[2]

Wat die belewenis van hierdie situasie deur die Bantoe betref, kom dit in die algemeen neer op 'n tweeslagtige houding. Enersyds 'n be=geerte na die nuwe en onwil om na die ou vertroude lewensvorme terug te keer. Andersyds 'n hunkering na die oue en 'n poging om vir die reste van die oue wat nog oorgebly het 'n plek in die nuwe bestel in te ruim. „Die gevolg hiervan is 'n tweeslagtige houding, 'n ambivalensie waarin die mag van die Westerse lewenswyse hom terselfdertyd aantrek en afstoot. Dit is 'n ambivalensie wat sy pynlike spits vind in die besef dat sy desperate vashou aan dit van die oue wat nog sekerheid gebring het, gelyk staan aan die opwerp van 'n skans wat reeds aan die verbrokkel is; dat sy terug-hunkering ten slotte 'n inhoudlose droom is van 'n tydperk wat vir goed verby is en nooit weer sal terugkeer nie."[3]

„Die trek van die Bantoe na die stad was in die eerste instansie 'n ekonomiese aangeleentheid. Die ontwikkelde stede het behoefte aan veral goedkoop ongeskoolde arbeid gehad en die gevolg was die skepping van groot arbeids=markte. Van die kant van die Bantoe gesien, was die primêre rede vir sy trek na die stad die feit dat hy op die platteland of in die Bantoe=gebiede nie voldoende werkgeleentheid kon vind of dat die werkgeleent=hede wat daar wel was nie lonend genoeg was om aan sy basiese lewensbe=hoeftes te voorsien nie".[4]

„Die stede was omsoom met oorbevolkte lokasies en dorpe van sak en sink. Geen enkele stad in Suid-Afrika was voorbereid om die situasie wat ontstaan het met die toestroming na die nywerhede, veral in die jare onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog, die hoof te bied nie. Wonings was nie beskikbaar nie en die noodsaaklike dienste van water, ligte en sanitasie vir die groot massa - waar dit nog wel gelewer was - was ontoe=

---

2) Durand, J.J.F., op cit. (1970), p.2

3) Ibid p.4

4) Ibid p.10

reikend. Uiters haglike en smerige toestande het ontstaan waarin misdaad, brassery en seksuele losbandigheid hoogty gevier het. Die stedelike lewe van die Bantoe het tot 'n laagtepunt gedaal. Hy het uit duisend wonde gebloei en dit alles het 'n onuitwisbare merk op sy gees gelaat. Die landsowerheid het tesame met plaaslike owerhede hierdie probleem aan=gepak, die krotgebiede in hoofsaak opgeruim en dorpe met die nodige geriewe aangelê. Iemand misgis homself egter terdeë as hy meen dat hy iets van die hedendaagse Bantoe, woonagtig in sy beter behuisingstoe=stande, begryp sonder om sy ou krotagtergrond in aanmerking te neem. Sy siening en belewenis van die stad word nie net bepaal deur sy tradi=sionele agtergrond nie, maar ook deur sy eerste ontmoeting met die stadslewe toe hy dit in sy diepste ontaarding leer ken het".[5]
Die psigologiese nawerking van bogemelde is beslis, naas die westerse lewenswyse in sy tegnologiese stedelike openbaring as sodanig, nog 'n faktor wat die oorsaak is van die negatiwiteit ten opsigte van die stadslewe wat ons by verreweg die grootste persentasie van die Bantoe in die stad aantref en wàt by hulle onsekerheid en onstabiliteit in die hand werk. Vir hulle is die stad die beliggaming van alles wat boos en sleg is en verlang hulle steeds na hul ou tuiste. In die stad het jy wel 'n minderheidsgroep (die stadsgeneigdes) wat die stad as tuiste aanvaar het.[6]

Daar is ook nog, volgens Durand, ander faktore wat nog steeds tot die negatiwiteit van die stedelike Bantoe meewerk en wat selfs diegene, wat die stad as tuiste aanvaar het, daarvan weerhou om 'n geestelik aangepaste stedeling te word. Durand noem die volgende in orde van belangrikheid: gesinsontwrigting, die arbeidsituasie van die Swartman en die wetlike aspek van sy bestaan in die stad. Die eerste neem hulle vir hulle rekening, maar sien die laaste twee as van buite op hulle afgedwing. So bv. is die Bantoe in gesinsverband nie opge=wasse teen die eise wat die stad stel nie. Dit het m.a.w. misluk. „Hy word as't ware ingedwing in 'n tipe van samelewing wat 'n hoë mate van lewensdifferensiasie vereis en waarin sy ou ongedifferensieerde lewensbande net nie meer funksioneel is nie."[7]

---

5) Durand, J.J.F., op cit. (1970), p.10

6) Ibid. p.10

7) Ibid. p.30

Die gevolg was gesinsontwrigting. Die ou, beveiligende wyer bindinge van die Bantoegesin, nl. die stam en verwantskapsgroep, kon nie in die stad funksioneer nie en die gesin as 'n selfstandige en intieme een=heidskring waarin die gesagstruktuur uitsluitlik gedraai het om die verhouding, ouer-kind, het vir die Bantoe nie bestaan nie. So bv. het lede van dieselfde verwantskapsgroepe dikwels ver van mekaar af tereg gekom in wooneenhede of die grootfamilie het selfs in die tuis=land agtergebly met die trek na die stad. In talle gevalle het selfs net dele van die gesin (bv. net die man) stad toe getrek terwyl die res van die gesin agtergebly het. Binne die stadsmilieu met sy arbeidsdifferensiasie ontstaan algou uiteenlopende belangstellings en nuwe groeperinge, verder voortgestu deur instansies soos veral die kerk en die skool, wat lei tot verdere aftakeling en disintegrasie van die gesin.[8)]

Die losraking van stamlede van hul stam en die verspreiding van sulke mense tussen lede van ander stamme, het tesame met die kerk, skool en staat, groot invloed uitgeoefen op die onderlinge gebondenheid van hierdie stamlede, die verwantskapsgroepe en ook op die individu. Al hierdie faktore en instansies het nie saambindend nie, maar ont=wrigtend op die individu gewerk, in soverre dit nie die groepsverband beklemtoon het nie, maar die enkeling. Individualisme het die plek geneem van die groep.[9)]

Die verteenwoordiging van verskillende stamme in Batho deur stamlede, d.w.s. die nie-etniese groepering in hierdie woonbuurt, het tot gevolg gehad die afwesigheid van stamgesag en dit het weer gelei tot die gebrek aan gemeenskaplike dissipline; dit het nou die gevolg dat die individu grootliks na willekeur optree en leef. Dit alles het gelei tot sosiale disintegrasie. Ons tref geen vaste reëls i.v.m. gedrags=patrone aan soos neergelê deur die samelewing self nie. Dit word deur blanke gesag onderhou.

Wanneer die Bantoe se verwantskapsgroep vernietig is, het hy reeds in 'n baie groot mate afskeid geneem van sy eie kultuur en, te oordeel aan die huidige Bantoebevolking van Batho met sy algehele gemis aan

---

8) Durand, J.J.F., op cit. (1970), p.30

9) Kruger, P.J.H., op cit. p.82

bindkrag, opvoeding en onderlinge hulpverlening van die verwantskaps= groepe as geïntegreerde eenhede, het hierdie inwoners reeds in 'n baie groot mate afskeid geneem van hul tradisionele kultuur.

Die opvoedkundige waarde van die breëre familiegroep in dié woonbuurt ontbreek feitlik heeltemal. Die „Vaders" en „Moeders" wat 'n kind gehad het en die invloed wat hierdie mense op sy lewens= patroon uitgeoefen het, bestaan nie in Batho nie. Daar bestaan eerder 'n gaping tussen die belangewêreld van die ouers en kinders vanweë die skoolopleiding wat laasgenoemde ontvang maar wat eersgenoemdes nie gehad het nie. Vaders en moeders werk baie oortyd en buitenshuis, met die gevolg dat daar geen tyd gevind word vir die opvoeding van die kinders nie. Die gevolg hiervan is weer jeugverwildering, jeugbendes, roof, geweld, dagga, drank, seksuele losbandigheid, ens.

Die samestelling van Batho se bevolking moes lei tot die uitwissing van die só noodsaaklike sanksie van publieke opinie wat 'n vereiste is vir gesonde sosiale lewe.[10)]

Prof. du Toit wys ook in hierdie verband daarop dat daar met die ontmoeting tussen die blankes en die Bantoe 'n ontwrigtingsproses van stapel gestuur is wat nog nie afgerond is nie. Die Bantoes maak 'n omwenteling deur wat die mens in al sy verhoudings raak. Die Bantoegemeenskap was 'n heg-geïntegreerde samelewing met 'n sterk een= heidsbewussyn, eie instellings en lewensbeskouing, wat hulle hele lewe van die wieg tot die graf gereguleer het. „In dié magtige akkultura= sieproses, waar 'n swakkere kultuur 'n hoëre ontmoet, het baie van hierdie sanksies verlore gegaan, sodat 'n degenerasie en ontaarding in= getree het".[11)]

„Sy hele sedekode het verander, want dit is nou nie net stamver= wantes wat tel nie, maar ook ander mense, die Jood en die Samaritaan. Die sosiaal-religieuse toesig, die tradisionele bindinge van familie= kompleks, hoofmanskap en leeftydsgroepe is weg, terwyl hy die nuwe Westerse lewenswaardes wat hy in ruil vir sy eie geneem het, nog nie begryp nie. Hy kan dit trouens nie assimileer nie met die gevolg dat hy slegs die uiterlike lewensvorme van die blanke naboots.

---

10) Kruger, P.J.H., op cit. p.83

11) Du Toit, H.D.A., Die kerstening van die Bantoe. p.85

62/.......

Hy ontwikkel in die stad 'n eie patroon en 'n nuwe persoonlikheid".[12)]

Prof. Du Toit wys verder daarop dat die Bantoe, vanweë die feit dat hy nie mooi weet hoe om met geld om te gaan nie, asook vanweë sy skrale loon, moeilik 'n bestaan kan maak en sy toevlug neem tot diefstal, ens. Vanuit sy ekonomiese nood volg daar baie ander euwels soos die misbruik van sterk drank en die rook van dagga.[13)]

Prof. Bruwer wys daarop dat in die verterende maalstroom van ver= stedeliking en wanaanpassing in 'n vreemde kultuurmilieu, die diepere menslike waardes dikwels vir die Bantoe verlore gaan sonder dat dit deur ander waardes vervang word. Die verwerping van sy eie waardes, sonder aanvaarding of begrip van goeie nuwe waardes, is een van die grootste gevare vir enige volk.[14)]

Hoe gevaarlik kultuurontbinding en wanaanpassing, volgens Prof. Bruwer, kan wees, kom volgens hom sprekend na vore in die religieuse belewing van die separatisme - 'n wanaangepaste vorm van godsdiens deur 'n verkeerde benadering van kerstening, wat nie rekening gehou het met die drang van die Bantoe tot iets wat aan homself behoort nie. Die Bantoe soek hier (in die separatisme) iets wat aan homself behoort, wat sy eie is, en vind dit daar slegs in 'n wanvorm.[15)]

## 2. Die geskiedenis van die Sendingaksie:-

Die invloed van die Christelike Godsdiens op die lewe van die Bantoe van die Batho-lokasie strek veel verder as die invloed wat uitgegaan het en tans nog uitgaan van die verskillende kerklike denominasies wat deur die jare in die betrokke lokasie werksaam was en is. Onthou moet word dat, afgesien van Bantoes wat binne die lokasie gebore en opgegroei het, ons hier ook te doen het met mense wat van elders hier ingetrek het en derhalwe reeds elders met die Christelike Godsdiens in aanraking gekom het en daardeur beïnvloed is. Selfs diegene wat as kinders hier in die lokasie gebore is, moes ook die gevolge van gemelde beïnvloeding ondervind het omdat aanvaar kan word dat ouers, wat buite die lokasie deur die Christe=

---

12) Du Toit, H.D.A., op cit. p.85

13) Ibid. p.85

14) Bruwer, J.P., Die Anderswaardige Kultuurtradisie van die Bantoe, Uit „Grense", 'n simposium oor Rasse en ander Ver= houdinge, Stellenbosch, 1961.

15) Ibid. p.145

like Godsdiens beïnvloed is en daarna in die lokasie ingetrek het, dit weer op hulle beurt aan hul kinders, wat binne die lokasie gebore is, sou oordra.

So sou ons die invloed van die Christelike Godsdiens op die lewe van die Bantoe, ook van die Batho-lokasie, met reg kon terugvoer na die eerste ontmoeting met die Blankes, na die vroeëre sendelinge wat die Evangelie onder die Bantoe verkondig het. Hier kan maar net verwys word na die sendelinge van die Parysse Evangeliese Sendinggenootskap, veral in Lesotho, wat so ver terug dateer as 1833; die sendelinge van die Londense Sendingsgenootskap en die Wesleyane. Laasgenoemde het reeds aan die einde van die eerste helfte van die negentiende eeu sen= dingstasies te Thaba 'Nchu en Platberg gehad.

„Elke genootskap het sy eie besonderse stempel op die inboorlinge afgedruk. Die Londense Genootskap het veral die Bantoe se selfrespek en sy vermoë om sy eie sake te bestuur, ontwikkel; die Wesleyane sy inisia= tief en organisasievermoë; die Skotte sy sin vir deeglikheid; die Duitsers sy gevoel vir orde, dissipline en arbeidsaamheid; die Ameri= kaners sy ondernemingsgees; die N.G. Kerk sy begrip van die hoë ver= eistes ten opsigte van kerklidmaatskap. Die een het dan die ander as het ware aangevul.[16]

„Die sendingaktiwiteite van die kerke was 'n geweldige faktor om die inboorlingvolkere se lewens- en wêreldbeskouinge te verander en om hulle op te hef van 'n primitiewe tot 'n hoër niveau van ontwikkeling. Die sendingaksie is nie net alleen toegespits op die verandering van die individu nie, maar ook op die ontwikkeling van die huislike, sosiale en volkslewe van die Bantoe, en op die totstandbrenging van onafhanklike en selfstandige kerke in meeste gevalle".[17]

Die lig van die Evangelie het saam met die eerste Trekkers oor die Oranjerivier gekom. Ten spyte dus van die beskuldiging teen die Boerenasie dat hy anti-sendinggesind was, kan die eerlike navorser nie anders as om die geskiedenis van die sending tot hierdie pioniersperiode terug te voer nie. Die Voortrekkers het inderdaad nie 'n baie aktiewe

---

16) Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, Hoofstuk 5 (Tomlinson-verslag).

17) Ibid.

sendingaksie aan die gang gesit nie, maar die redes daarvoor is voor die hand liggend. In die eerste plek het die ondervinding met die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap 'n slegte smaak in die mond nagelaat, en in die tweede plek was hulle eie posisie op gods=dienstige gebied van so 'n aard dat hulle eintlik sélf bearbeiding nodig gehad het. Die feit is dat geen predikant die Voortrekkers die binneland in vergesel het nie en dat hulle vir baie jare lank self aangewys was op die dienste van sendelinge, soos eerw. Archbell en ds. D. Lindley, wat in die binneland onder naturellestamme werksaam was. Die Trekkers het in der waarheid by hulle eie bediendes sendingwerk be=gin doen en daarom was dit die algemene gebruik dat aan hierdie be=diendes 'n gereelde plek by die huisgodsdiens toegeken is.

Van georganiseerde sendingwerk in Transgariep, van die kant van die Trekkers, kan daar dus uiteraard op hierdie stadium geen sprake wees nie, want daar was geen georganiseerde kerk nie, maar op daardie oomblik toe die eerste gereelde bediening onder die Blankes 'n aanvang geneem het, is ook met doelbewuste sendingwerk begin. Ds. Andrew Murray het hom in 1848 in Bloemfontein gevestig en weldra met sendingwerk begin.[18)]

In 1850 het die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk egter die gemeentes noord van die Oranjerivier in die Transgariepse Ring verenig. Hierdie Ring het tydens sy tweede vergadering op 18 Augustus 1855 sy houding t.o.v. die sending duidelik gestel. Ook nadat daar 'n eie N.G. Kerk in die Oranje-Vrystaat in 1864 gestig is, was die sending 'n saak van erns en was daar destyds geen ander saak wat soveel aandag geniet en bespreking uitgelok het as juis die sendingwese nie.[19)]

Uit bogemelde gegewens blyk dit duidelik dat die invloed van die Christelike Godsdiens op die lewe van die Bantoe terug dateer moet word so vroeg soos die eerste helfte van die negentiende eeu, en dat hierdie beïnvloeding, asook dié van die jare daarna, nie ligtelik beskou mag word nie. „In etlike gevalle is die voortbestaan van Bantoestamme aan die sending te danke".[20)]

---

18) Oberholster, J.J., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat (1964).

19) Ibid.

20) Tomlinson - Verslag, op cit. Hoofstuk 5.

„Terselfdertyd moet daar ook op gewys word dat die resultate van die aanslag van die beskawing op die swart heidendom nie altyd 'n on= gemengde seën was nie. Inteendeel, behalwe die goeie gevolge het dit ook baie nuwe euwels in die Bantoevolkslewe ingedra. Die uitwerking was dus sowel goed as sleg".[21]

Hierdie aspek sal egter verder aan breedvoeriger behandel word.

3. <u>Die huidige posisie i.v.m. die toelating van leraars en evangeliste tot Bantoewoongebiede en die toekenning van persele vir hierdie doel</u>:-

Die volgende is ondermeer die inhoud van die Omsendbrief, ver= wysingsnommer p.120/1, gedateer 1964, van die Sekretaris van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling:

„2. Daar is besluit op die afskaffing van die stelsel van ‚staatserkenning' van kerkgenootskappe as voorvereiste vir die toekenning van kerkterreine, aanstelling van huweliksbeves= tigers en ander voorregte. In die toekoms sal aansoeke om die bogenoemde voorregte bloot op meriete, met inagneming van sekere faktore wat hieronder genoem word, oorweeg word.

3. Ministeriële goedkeuring vir die toekenning van kerkterreine kragtens paragraaf (f) van Artikel 42 van die Naturelle (Stads= gebied) Konsolidasiewet, Wet no. 25 van 1945, sal nog verkry moet word.

4. By die oorweging van 'n aansoek om 'n kerkterrein binne 'n stedelike Bantoegebied sal die volgende faktore deur die Departe= ment in aanmerking geneem word en moet die plaaslike bestuur dokumente en/of inligting in dié verband met die aansoek aan die Bantoesakekommissaris verstrek:

(a) die kerk se konfessie of belydenis, en konstitusie of stigtingsakte;

(b) die status en aansien van die kerk en tot watter mate dit gevestig is in die gemeenskap waar die terrein verlang word;

(c) die plaaslike aantal lidmate van die betrokke kerk wat deur die kerk op die terrein bedien sal word;

---

21) Tomlinson - Verslag, op cit. Hoofstuk 5.

(d) die geriewe waaroor die kerkgenootskap beskik vir die op= leiding van sy leraars;

(e) die onderwyskwalifikasies en teologiese opleiding van die leraar of evangelis wat in beheer van die terrein sal wees;

(f) die kerk se verbintenis met ander liggame, indien enige;

(g) of dit die geestelike welsyn en belange van die Bantoe sal bevorder;

(h) die finansiële of latente finansiële vermoë van die kerk= genootskap om 'n gepaste kerkgebou op te rig; en

(i) die beskikbaarheid van kerkterreine.

5. Die aansoeke om kerkterreine moet deur die kerkgenootskappe by die plaaslike bestuur op 'n vorm, soortgelyk aan die Bylae A hierby, ingedien word. Die aansoeker moet dele A, B en C be= hoorlik voltooi en in drievoud aan die Bantoesakekommissaris stuur tesame met:

(a) 'n afdruk van die goedgekeurde aanlegplan waarop die ligging en nommer van die aangevraagde terrein aangedui word; en

(b) 'n konsephuurkontrak ten opsigte van elke kerkterrein waarvoor aansoek gedoen word, volledig voltooi maar nie geteken of geseël nie.

6. Die okkupasie van hierdie terrein sal nog gereël word deur 'n huurkontrak. Die Departement dring daarop aan dat genoemde dokumente sekere minimum voorwaardes bevat....... .

7. Aangaande die maksimum huurtermyn is besluit dat, ........., geen ooreenkomste anders as op 'n jaarlikse basis mag wees nie. Alhoewel klousule 1 van die huurkontrak bepaal dat die okkupasiereg van die terrein op 'n basis van jaar tot jaar sal geskied, duur die regte van die huurder nietemin ooreenkomstig die klousule voort tot= dat dit ingevolge klousule 1 of enige van die ander klousules be= eindig word. Die huurooreenkoms hoef dus nie jaarliks hernu te word nie, aangesien die hernuwing daarvan stilswyend geskied.

8. Die betaling van vergoeding ten opsigte van verbeterings moet gereël word deur die gemenereg soos dit van tyd tot tyd deur die Howe vertolk is, maar geen vergoeding moet betaalbaar wees waar die huurder van 'n 20-jarige termyn van die huur in die onver=

steurde besit van die grond wat aan hom verhuur is bly nie. Gevolglik behoort daar normaalweg geen melding van vergoeding in huurkontrakte of vergunnings tot okkupasie gemaak te word nie behalwe ten opsigte van die ‚geen vergoeding' reël wat geld t.o.v. verbreking van enige voorwaardes van die ooreenkoms of na die verstryking van 'n 20-jarige termyn soos reeds verduidelik.

9. Daar dien op gelet te word dat selfs in daardie gevalle waar 'n plaaslike bestuur regulasies sou hê wat die toekenning van kerkterreine beheer, is die bepalings van hierdie omsendbrief nogtans van toepassing en in elke geval moet ministeriële goed=keuring aangevra word.

10. Kerkgenootskappe wat reeds persele okkupeer maar geen mini=steriële goedkeuring vir die okkupasie kon kry nie weens die feit dat hulle nie ‚staatserkenning' geniet het nie, sal nou kan aansoek doen om hulle okkupasie te wettig.

11. In paragraaf (h) van hierdie Departement se rondskrywe no. 340/313(1)van 14 Februarie 1959 is plaaslike owerhede versoek om oorweging te skenk aan die oprigting van kerksale vir verhuur aan kerkgenootskappe wat nie terreine kan bekom nie. Omdat plaaslike besture baie swak gereageer het op hierdie voorstel, wil die Departement andermaal 'n baie dringende versoek tot plaaslike owerhede rig om sodanige sale op te rig en om die beurt aan kerkgenootskappe, wat nie terreine kan bekom nie, te verhuur ter bevordering van godsdienstige werk.

12. Daar mag aan kerkgenootskappe toestemming verleen word vir die hou van bona fide kerkdienste in tente op persele wat deur die plaaslike owerheid aangedui word. Onder geen omstandighede mag goedkeuring vir die hou van sodanige dienste in tente vir langer as 4 weke per keer verleen word nie.

13. Indien daar 'n behoefte is, sal die Departement, met die oog op etniese vereistes, bereid wees om die toekenning van 'n perseel in elke etniese gebied aan 'n bepaalde kerkgenootskap te oorweeg mits persele beskikbaar is.

14. Leraars en evangeliste van elders afkomstig wat hul lidmate wil besoek of kerkdienste wil hou, sal nog die toestemming van die plaaslike besture moet verkry om in stedelike Bantoewoongebiede godsdienstige werk te verrig."

4. <u>Kerklike denominasies in Batho:-</u>

TABEL C.

| Naam van denominasie | Getal Lidmate | Aktiewe Lidmate | Perseel en Geboue | Getal Leraars | Opleiding | Ander werkers | Kontak met Blanke kerke |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. N.G. Kerk in Afrika | ±938 | ±400 | Kerk Saal Pastorie | 1 | Std.10+4 jr. | 1 Evangelis | Ja |
| 2. Metodiste Kerk van S.A. | ±2000 | ±800 | kerk saal pastorie | 2 | Std.10+3 jr. | „Predikers" vol= gens behoefte | Ja |
| 3. Rooms Katolieke Kerk | ±1880 | ±600 | kerk waaraan 2 kamers ge= bou is waar Priester woon | 1 Priester | Std.10+7 jr. | „Catechists" en „Lay Apostles" | Ja |
| 4. Anglikaanse Kerk (Church of the Province) | ±2392 | ±800 | Net kerk. Pastorieë is in ander deel van die Loka= sie geleë. | 2 Priesters | Std. 8+3 jr. | „Sub-deacons" | Ja |
| 5. Bantoe Gereformeerde kerk | ±340 | ±150 | Geboue in ander deel van loka= die geleë. | 1 | Std. 8+7 jr. | 2 Helpers | Ja |
| 6. Die Bantoe Hervormde Kerk | ±300 | ±150 | Kerk & pastorie | 1 | Std.10+4 jr. | Geen | Ja |
| 7. The Salvation Army | ±300 | ±250 | Kerk en pasto= rie | 1 | Teoretiese en praktiese op= leiding | 1 Evangelis | Ja |
| 8. Bantu Baptist Chruch | ±260 | ±190 | Kerk en pasto= rie in ander deel van loka= sie geleë. | 1 | Geen | 1 Evangelis 13 Onopgeleide werkers | Ja |
| 9. Apostolic Faith Mission of S.A. | Nie be= skikbaar | Baie min | kerk pastorie | 1 | 1 jr. | 1 Evangelis 3 Onopgeleide werkers | Ja |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10. Volle Evangelie Kerk | ±100 | ±75 | Kerk en pastorie | 1 | Std. 6+3 jr. | Geen | Ja |
| 11. Seventh Day Adventists | ±200 | ±100 | kerk en pastorie | 1 | Std. 8+4 jr. | Geen | Ja |
| 12. African Church | ±300 | ±100 | kerk en pastorie | 1 | Std. 8 | 4 Evangeliste | Nee |
| 13. African Methodist Episcopal Church | ±350 | ±90 | kerk en pastorie | 2 | Std. 8+3 jr. | Geen | Nee |
| 14. Assembly of God | ±40 | ±15 | Geen | 1 | Std. 8+3 jr. | Geen | Nee |
| 15. Lutheran Church (Sending kerk) | Nie be= skikbaar | - | Kerk en pastorie | 1 | Nie beskikbaar | Nie beskikbaar | Ja |
| 16. The Bantu Lutheran Church | Nie be= skikbaar | - | kerk en pastorie | 1 | Nie beskik= baar | Nie beskikbaar | Nee |
| 17. Presbiterian Church | Nie be= skikbaar | - | kerk en pastorie | 1 | Nie beskik= baar | Nie beskikbaar | Ja |
| 18. African Presbiterian Church | ±300 | ±100 | Kerk en pastorie | 1 | Std. 8+3 jr. | Geen | Nee |
| 19. United Congregational Church of S.A. | ±350 | ±105 | Kerk en pastorie | 1 | Std. 8+3 jr. | Geen | Ja |
| 20. New Church Mission of S.A. | ±200 | ±40 | kerk en pastorie | 1 | Std. 8+3 jr. | Geen | Nee |
| 21. Old Apostolic Church | ±200 | ±80 | kerk en pastorie | 1 | 1 jr. | Geen | Ja |
| 22. African Presbiterian Bafodisi Church | ±10 | ±5 | Geen | 1 | Std. 8+4 jr. | Geen | Nee |
| 23. Apostolic Full Gospel Mission of S.A. | Nie be= skikbaar | ±10 | Geen | 1 | Nie beskik= baar | Nie beskikbaar | Nee |
| TOTAAL | 10 460 | 4 060 | | 26 | | | |

Naas die bogemelde is die volgende kerklike denominasies ook aktief in Batho werksaam:

1. Independant Order of True Templars.
2. Vrede en Liefde Tempel.
3. St. Paul's Mission.
4. St. Patrick Mission.
5. Bantu Methodist Church.
6. „Thapelo ya Sephiri" ('n geheime beweging).
7. The Apostolic Nazareth Corinthians Jerusalem in S.A.
8. Bantu African Mission Church.
9. The Apostolic Zion in Moria.
10. The Lion Matches Church in S.A. via Jerusalem.
11. Bantu Reformed Church in S.A.
12. Bantu Episcopal Church in Zion.
13. The Holy High Church Apostolic S.A.

Geeneen van hierdie denominasies beskik egter oor 'n perseel of geboue vir kerklike doeleindes nie net soos sommige van dié genoem in die tabel hierbo. Die leiers van hierdie groepe kon om verskeie redes nie opgespoor word nie. Die belangrikste redes is dat die meeste bedags in die stad werksaam is of op 'n onbekende plek in die lokasie bly. Die gewone lidmate kon of wou geen inligting verstrek nie. Hul getal aanhangers is egter klein en dienste word gewoonlik sommer in woonhuise gehou. Wat hul aktiwiteite, ens. in Batho betref, stem dit oor die algemeen ooreen met dié van die separatistiese groepe, wat die meeste van hulle inderdaad ook is, waarby ons later in hierdie hoofstuk breedvoerig sal stilstaan.

5. <u>Die opleiding van Bantoeleraars of -priesters:-</u>

Die meeste kerke stel die vereiste dat die kandidate 'n sekere mate van sekulêre geskooldheid moet besit alvorens hulle tot die teologiese kursusse toegelaat word. Dit wissel van standerds 6 tot 10. Dit is opmerklik dat dit die ou gevestigde kerke is, en veral dié wat reeds 'n groot aanhang onder die Bantoe het, wat hoë kwalifi= kasies vereis. Dit wil voorkom of hierdie kerke hul posisie onder die Bantoe wil konsolideer deur Bantoes wat akademies goed onderleg is in hul diens te neem. Dit hang natuurlik ook saam met die feit dat die hedendaagse Bantoe, en dan veral die stedelike Bantoe, waar nie

slegs voldoende en goedkoop opleidingsfasiliteite beskikbaar is nie, maar dit ook as't ware aan die drumpel van sy woning geleë is, al meer en meer geleerd raak en nie meer bereid is om na enige leraar, wat min opleiding ontvang het, te luister nie.

Wat die Teologiese kursusse vir Bantoeleraars en -priesters betref, kan gemeld word dat dit van kerk tot kerk verskil. Die opleiding van Bantoeleraars varieer van 'n sewejarige studie na Matrikulasie tot feit=lik geen formele opleiding nie. Laasgenoemde is veral waar van die leraars en leiers van die sektebewegings waarvan daar ongeveer 1 300 onder die Bantoe van Suid-Afrika is, van wie die meeste 'n sinkretisme met die ou heidense Bantoegodsdiens nahou.[22]

Leraars en evangeliste van die N.G. Kerk word te Witsieshoek en Turfloop opgelei.

Die Priesters van die Roomse Kerk word òf in Lesotho òf te Hammanskraal opgelei, terwyl dié van die Anglikaanse Kerk te Umtata opge=lei word.

Oor die algemeen wil dit voorkom of voornemende Bantoeleraars, al=vorens hulle tot die opleiding toegelaat word, 'n deeglike keuring deur=maak ten opsigte van hul morele en geestelike bekwaamheid.

„Dit is gestel dat vakke soos die volgende: die twee offisiële tale, Naturelle-administrasie, Volkekunde, Geskiedenis, Boekhou, Ekonomie of Ekonomie van die Naturellelewe, Gesondheidsleer, Sosiale Werk en Landbou noodsaaklik is in verband met hul vorming".[23]

„A just appraisal of educational standards among ministers in the independent Churches is difficult because these standards vary so much from church to church".[24] Sommige, soos bv. die „African Methodist Episcopal Church" (of A.M.E.-Kerk) vereis opleiding, maar by andere is daar byna geen sprake daarvan nie.

„The Ethiopian and Zionist Churches have not tackled the problem seriously, a negligence which has proved to be the Achilles' heel of the independent Churches as a whole. The superintendents and bishops

---

22) Tomlinson-verslag, op cit. Hoofstuk 14.

23) Ibid.

24) Sundkler, B.G.M., Bantu Prophets in South Africa, p.122

generally come from Mission Churches where they have received a catechist's or similar theological education. Thus the indepen= dent Churches generally draw upon the limited spiritual capital of Biblical and dogmatic knowledge which their leader received many years previously".[25)]

„Some independent Churches send their men for shorter Bible courses to interdenominational Bible institutes." Meesal word een of meer ken= merke soos 'n goeie karakter, leierseienskappe en inspirasie deur die Heilige Gees as voldoende vir predikantskap vereis.[26)]

Die keuring en opleiding, indien enige, geskied egter meesal deur die leier, Superintendent of President self. Soms word daar ook opfrissingskursusse vir leiers gehou. Die A.M.E.-Kerk het 'n teologiese kollege by hul hoofkantoor te Evaton, Johannesburg.

Die meeste kerke maak ook van evangeliste en/of leke-arbeiders ge= bruik. Hulle is hulpkragte wat hulpdienste in die kerk verrig onder toesig van die leraar of priester. Sommige kerke eis dat 'n kandidaat ten minste 'n standerd 6 sertifikaat moet hê voordat hy toegelaat word om opgelei te word vir 'n evangelis of ander werker.

'n Twee-of driejarige opleiding, na die verwerwing van die Std. 6 sertifikaat, in die Teologie word vereis. „Die Rooms-Katolieke Kerk se beleid in hierdie verband is as volg:

‚The Catholic Church does not have evangelists as such but does make use of Catechists. Such Catechists are carefully chosen by the Church on the grounds of their high moral character and their ability to communicate the elements of religious belief.'"[27)]

Die Anglikaanse Kerk maak byvoorbeeld weer van „Sub-deacons" en die Metodiste kerk van „Predikers" gebruik wat, net soos ook in die meeste ander kerke, deur die priester of leraar self opgelei word. Die N.G. Kerk maak van evangeliste gebruik wat 'n deeglike 3-jarige teologiese opleiding, na standerd 6 of 8, ontvang.

Die evangeliste is in die meeste gevalle ook beroepbaar of ver= plaasbaar, maar in sekere gevalle bly hulle permanent aan by 'n

---

25) Sundkler, B.G.M., op cit., p.122.

26) Ibid, p.122.

27) Tomlinson-Verslag, op cit. Hoofstuk 14.

73/.....

bepaalde gemeente solank hulle hulself gedra, soos in die geval van die „Predikers" van die Metodiste kerk. Die leke-arbeiders bly natuurlik, uit die aard van hul omstandighede, meesal permanent verbonde aan 'n bepaalde gemeente. In sommige gevalle, soos bv. by die N.G. Kerk, is evangeliste die leraars ook behulpsaam met die verkondiging van die Woord, maar in ander gevalle word hulle veral gebruik vir besoekwerk.

Ten slotte kan opgemerk word dat ek byna al die leraars van die erkende kerke, met wie ek in aanraking was en onderhoude, selfs by meer as een geleentheid, gevoer het, baie beleef, hulpvaardig, hoflik, netjies en intelligent gevind het. Hulle is, volgens my waarneming, onge= twyfeld betroubare, lojale en voorbeeldige mense en, van die kant van die Christelike Godsdiens gesien, goeie ambassadeurs vir die Evangeliebood= skap.

6. <u>Die Verantwoordelikhede en Invloed van die Bantoeleraars of -priesters</u>:-

In die geval van kerke, soos bv. die N.G. Kerk, Bantoe-Gereformeerde kerk, Hervormde Kerk en die meeste ander erkende kerke, word 'n leraar of priester vir 'n bepaalde gemeente deur die kerkraad van daardie ge= meente beroep. Die keuse berus dus in hierdie gevalle by die gemeente self. In hierdie verband kan egter genoem word dat daar wel kerke bestaan, soos bv. die Anglikaanse kerk, wat afwyk van hierdie stelsel. 'n Priester word in 'n gemeente geplaas deur 'n Raad, wat deur 'n hoër ver= gadering as die kerkraad, nl. hul sinode, aangestel is. Dit geld ook vir die „Salvation Army".

Wat die tydperk betref wat so 'n beroepe of aangestelde leraar in 'n bepaalde gemeente moet bly, wissel dit ook byna van kerk tot kerk. Sommige, bv. die Bantoe Gereformeerde kerk, is enige tyd weer beroepbaar deur 'n ander gemeente. In die geval van die N.G. Kerk en die Metodiste kerk moet so 'n beroepe leraar ten minste 3 jaar in so 'n gemeente bly voordat 'n ander beroep aanvaar kan word. In laasgenoemde geval het 'n bepaalde gemeente na 3 jaar die reg om te meld dat hulle 'n spesifieke leraar nie meer wil hê nie. In so 'n geval gryp 'n hoër gesag in. In die geval van die Roomse Kerk kan 'n priester te eniger tyd deur die Biskop verplaas word.

Wat die verantwoordelikhede van die leraars en priesters betref, kom dit byna in al die kerke ooreen. Dit kom in kort op die volgende

neer: preek (wat die doopsbediening en nagmaalviering insluit), huisbesoek, siekebesoek, bevestiging van huwelike, hou van begrafnisse en in die meeste gevalle word die boeke (registers, ontvangs van gelde, ens.) ook deur die leraar of priester gedoen. Preke word vooraf deur die meeste leraars of priesters voorberei en gewoonlik of in die Sotho, Tswana of Xhosataal gelewer. Die meeste predikers maak dan ook van tolke gebruik. Hierdie gebruik hang saam met die feit dat die inwoners van Batho-lokasie, en daarom ook die lidmate van die kerke uit verskillende etniese groepe bestaan. Omdat die Sotho- en Tswanatale so naby mekaar geleë is en deur beide groepe wat dit praat verstaan word, word daar tydens 'n erediens òf in die Xhosataal getolk wanneer die prediker in die Sotho- of Tswanataal preek, òf in die Sotho- of Tswanataal getolk wanneer die prediker in Xhosa sou preek. Volgens al die leraars werk hierdie stelsel goed en het daar, ook wat die gemeentelewe in die algemeen betref, nog geen probleme ontstaan nie. Die verskillende etniese groepe pas in een gemeente goed bymekaar aan en werk goed saam.

Die salarisse van die predikante wissel ook van kerk tot kerk. Die salaris van 'n predikant hang hier blykbaar grootliks af van hoe groot sy gemeente is en hoeveel die kerk se inkomste is. Dit is veral waar van die separatistiese kerke. Baie predikante kry ook gevolglik nie elke maand dieselfde salaris nie. Die verskillende leraars en priesters was ook nie altyd bereid om openlik oor hierdie aangeleentheid te wees nie. Tog het die bedrae wat genoem is gewissel van R15 tot R80 per maand.

Sundkler wys in hierdie verband ten opsigte van die separatistiese kerke daarop dat prestige en finansiële oorwegings beslis 'n belangrike rol speel wanneer iemand besluit om predikant te word. Die salarisse van hierdie predikante verskil van kerk tot kerk en wissel selfs binne dieselfde kerk. Salaris hang af van die getal lidmate.[28]

„These organizations generally speaking are not evangelizing among the heathen. They rather tend to practise 'sheep-stealing' from the folds of other, older Churches. One reason for this is the salary system, or rather the lack of such a system.[29]

---

28) Sundkler, B.G.M., op cit. p.126

29) Ibid. p.127

Nog 'n groot swakheid van hierdie kerke is dat die meeste van hulle gewoonlik „over-staffed" is. Daar is 'n stryd om leierskap en klein groepies het sommer baie predikante. Die gevolg is dat hul lidmate finansieel swaar belas word, predikante klein salarisse ontvang en derhalwe ook nog ander bykomende werk moet doen wat die bearbeiding van lidmate weer nadelig tref.[30)]

Die lewe en invloed van die leraars en priesters van erkende kerke in die algemeen geneem is, volgens die meeste getuienis, voorbeeldig wat die geestelike lewe betref en onderdanig wat die plaaslike owerhede betref. Die amp van leraar of priester word dan ook as 'n prestige-pos beskou en die bekleërs daarvan word met die grootste respek en eerbied behandel deur die Bantoe. Mej. J.M. Stofberg, die geestelike werkster van die N.G. Kerk onder die Bantoe, wys egter in hierdie verband daarop dat hierdie hoë agting van leraars en priesters onder die Bantoe besig is om te kwyn. Sy voer as rede daarvoor aan dat die leraars en priesters te min werklike belangstelling toon teenoor hul lidmate. Daar word te min huisbesoek, in die ware sin van die woord, gedoen. Indien hulle wel besoek aflê, dan is dit net om geld te vra. Volgens haar verlang die Bantoe baie belangstelling, aandag en simpatie.

Terwyl getuienis daarop dui dat, in die geval van erkende kerke, die onderlinge samewerking tussen die leraars en priesters baie goed is, merk Sundkler ten opsigte van die separatistiese kerke soos volg op: „Suspicion of one another is rampant among the African ministers, with the result that quite often ministers, in their clerical collars, avoid greeting colleagues they meet in the street, who wear the same outfit".[31)]

Volgens Sundkler is daar in hierdie kerke 'n obsessie vir leierskap en is dit „the church which has provided the only legitimate outlet for the African's strong urge for leadership".[32)] Hy skryf verder soos volg: „The leader's influence over his church is direct only in exceptional cases. It is usually transmitted through the nucleus of sub-leaders or staff who, as ordained ministers or lay helpers, men and women,

---

30) Sundkler, B.G.M., op cit. p.127

31) Ibid., p.86

32) Ibid., p.100

represent their leader and their Church in their own locality. The nucleus is a small body of active and influential members with whom the main functions of the Church are locally identified, whilst possibly a large fringe of church members is comparatively inactive".33)

Ons vind die "class leaders" en "Society stewards" wat verantwoordelik is vir die kleinere groepe van die kerk. Dan vind ons die "Exhorters" wat die roeping voel om preekdienste onder hul mense te onderneem. Hulle is beginners op die eerste sport van die leer wat, indien waardig bevind, bevorder word tot predikers na 'n eksamen. In hul organisasie is daar dus beslis 'n „system of rank, with well-defined tasks assigned to the subordinate in respect of his immediate superior, and of the higher ranks in the hierarchy".34)

Die leiers, of Biskoppe soos hulle graag genoem wil wees, van hierdie kerke maak gewoonlik daarop aanspraak dat hulle met die Heilige Gees vervul is. Vir baie is dit ook die enigste vereiste om 'n leier te kan wees. So 'n leier besit veel mag en vryheid van aksie en inisiatief. Ons kry dus geen strenge eenvormigheid binne dieselfde kerk nie. Dieselfde kerke verskil van streek tot streek.

7. <u>Kerkgeboue en ander geriewe:-</u>

Uit Tabel C hierbo blyk dit duidelik dat al die erkende kerke oor 'n perseel, indien nie in die Batho-lokasie nie dan in die ander dele van die lokasie, beskik waarop daar ten minste 'n kerkgebou en pastorie opgerig is. In sommige gevalle, soos bv. die N.G. Kerk en die Metodiste Kerk, beskik hulle ook oor 'n saal wat op dieselfde perseel opgerig is. Die kerkgeboue en pastorieë is in die meeste gevalle klein. E.g. is in die vorm van 'n saal gebou met 'n spitsdak. Die kerkgeboue van die N.G. Kerk en die Metodiste Kerk is egter uitsonderings aangesien hulle nie net groot en sierlike geboue is nie, maar ook op 'n eg westerse wyse oor 'n toring beskik. In alle gevalle kan 'n mens egter, by die aanblik van die betrokke geboue, onmiddellik sien dat dit 'n kerk is.

Bogemelde geld natuurlik ook, met uitsonderings, vir al die pastorieë. Alhoewel dit ook in die meeste gevalle klein is, is dit oor

---

33) Sundkler, B.G.M., op cit., p.135

34) Ibid., p.138

die algemeen van 'n beter gehalte as die gewone huise. Sommige pastorieë sou selfs geensins afsteek in sommige Blanke woon= buurtes nie.

Die toestand van die kerkgeboue, sale en pastorieë oor die al= gemeen geneem, gee die indruk dat dit stewige geboue is en, behalwe in 'n paar gevalle waar byvoorbeeld ruite gebreek is en dit slegs met karton toegemaak is, redelik goed onderhou word.

Wat die separatistiese groepe betref, kan gemeld word dat hulle meesal oor geen kerklike eiendom beskik nie en hul dienste in gewone huise hou of in motorhuise of sale wat hulle vir hierdie doel huur. Hulle kan nie geboue bekostig nie, maar vanweë hul klein getalle, benodig hulle ook nie 'n kerkgebou nie. Ook in hierdie verband is die A.M.E.-kerk 'n uitsondering. Hulle beskik nie slegs oor 'n groot kerk met 'n toring nie, maar ook oor 'n groot pastorie. In die ander gevalle dui soms net 'n plakkaat teen die muur van 'n huis aan dat 'n bepaalde groep daar vergader. In die meeste gevalle is daar egter geen teken of aanduiding waar hierdie groepe vergader nie.

Die meeste kerk- en ander geboue van die kerke is verseker teen skade. So is die geboue van die Metodiste Kerk, wat bestaan uit 'n groot kerk, saal en pastorie, byvoorbeeld verseker vir 'n bedrag van R50 000. Daar moet ook jaarliks standplaasfooie betaal word wat in die meeste gevalle min of meer op 'n bedrag van R17,80 neerkom.

8. <u>Kerkregering:-</u>

Die erkende kerke het oor die algemeen reeds ver gevorder op die pad van selfregering veral waar 'n Bantoeleraar of -priester aan die hoof van die gemeente staan. Dit is veral waar van die N.G. Kerk, Metodiste Kerk, Anglikaanse Kerk, Rooms Katolieke Kerk, en Gereformeerde Kerk, ens.

„Wat die algemene kerkregering, die vasstelling van algemene kerk= beleid en wetgewing betref, bestaan daar in meerdere of mindere mate egter nog die toesig van die Blankes. Sommige moederkerke bepaal die konstitusie van die sendingkerke en reserveer vir hulself 'n vetoreg ten opsigte van die wette en bepalinge wat deur die sendingkerke ge= maak word. Ander kerke handhaaf weer jurisdiksie deur middel van superintendente of sendingrade wat die oppergesag en toesig namens

die moederkerke of sendinggenootskappe waarneem: ander weer deur middel van die biskoplike gesag".[35]

Die Bantoekerke vorm òf 'n eie afsonderlike kerk, bv. met 'n eie Sinode soos in die geval van die N.G. Kerk, òf hulle word in dieselfde kerkverband as die Blankes gegroepeer, soos bv. die Metodiste, Angli= kaanse en Rooms Katolieke.

In die kerkregering van die meeste verskillende kerke kom benaminge van kerkraad en Sinode algemeen voor. Volgens 'n verteenwoordiger van die „Salvation Army" word die plaaslike gemeente of „The Batho Location Salvation Corps" beheer deur 'n „Divisional Commander on behalf of Territorial Commander, the latter on behalf of the General". Die „Bantu Baptist Church" weer val onder die beheer van die „Baptist Union of South Africa, the biggest body which links the Bantu work through South Africa Baptist Missionery Society". Die Volle Evangelie Kerk en die Apostoliese Geloofsending word onderskeidelik beheer deur 'n Blanke Superintendent en Opsiener, ens.

Die separatistiese kerke is natuurlik, uit die aard van die saak, ten volle selfregerend. Soos reeds daarop gewys, besit 'n leier van 'n streek veel mag en vryheid van optrede en inisiatief. Hy is in beheer van een of meer leraars terwyl laasgenoemde weer die groep of gemeente beheer.

Dit sal miskien goed wees om op hierdie stadium baie kortliks stil te staan by die aard van die separatistiese groepe. Volgens Sundkler het daar mettertyd twee hoofstrominge in die kerklike af= skeidingsbewegings ontwikkel, nl. die Ethiopiese en Sionistiese groepe.[36]

(a) Die Nasionalistiese of Ethiopiese tipe, wat 'n anti-Blanke neiging vertoon - of wat 'n „general reference to the pro= gramme Africa for Africans" daarop aanhou. Die benaming Afrika kom dikwels voor in die name van die kerke. Die idee van die koningskap is oorheersend by hulle. Die leier moet prestige besit, hy moet indruk kan maak met sy gestalte,

---

35) Tomlinson-Verslag, op cit., Hoofstuk 14.

36) Sundkler, B.G.M., op cit., p.54.

moet groot van liggaamsbou en dapper wees. Soos wat die Bantoehoof die „middelpaal" van sy stam was, so moet hierdie leier dit ook weer in verband met sy kerk wees.

(b) Die Sionistiese of Apokaliptiese tipe, wat meer emosioneel-godsdienstig is. Benaminge soos „Zion", „Apostolic", „Pentecostal" en „Faith" kom dikwels in hulle geledere voor. Hier weer word die priesterlike aard van die leier na vore gebring: hy moet vroom wees, misties en asketies, en omgewe met 'n stralekrans van die geheimnisvolheid van die „ander wêreld". Met ander woorde, hy is 'n verrysenis van die gestalte van die toordokter in „clergical garb".

Opmerklik is dit dat vroue 'n prominente rol speel in die Sionistiese groep.[37)]

Die houding van die erkende kerke teenoor Blanke kerke is baie goed. Die algemene mening is dat die Bantoekerke nog steeds die hulp en raad van die Blanke kerke nodig het. Die belangstelling van die Blanke kerke, in 'n adviserende hoedanigheid, word dan ook groot=liks verwelkom. Die Bantoekerk is nie slegs nog baie onvolwasse nie, maar hulle beskik ook nog nie oor genoegsame opgeleide persone nie. Die persone wat wel opgelei is, is nie voldoende opgelei om ten volle op hul eie bene te staan nie.

'n Verteenwoordiger van die „Salvation Army" het die oorheersende gedagte in hierdie verband van al hierdie kerke treffend soos volg saamgevat: „This is still a great need. They are our spiritual fathers and we need their presence and guidance with capability and finance."

Bogemelde is egter nie die geval met die separatistiese kerke nie. Sundkler beskryf die houding van die Ethiopiese groep in hier=die verband soos volg:

„Their programme as far as their relation to the White Churches is concerned, is characterized by an interesting ambivalence: on the one hand, it includes the slogan "Africa for Africans"

---

37) Tomlinson-Verslag, op cit. Hoofstuk 5.

and it is a reaction against the White mission's conquest of the African peoples; on the other hand, their church organiza= tion and Bible interpretation are largely copied from the patterns of the Protestant Mission Churches from which they have seceded".[38]

Wat die Sionistiese groep betref, deel hy soos volg mee:

„Their attitude towards the heritage of the White Missions is different from that of the Ethiopian Churches. Whilst their contact with White missionaries has generally speaking been very casual and ephemeral, they may yet combine a general dislike of the Whites as being ritually unclean, with a high esteem of some American Zion Church leaders.

I hasten to add, however, that some Zionist Churches are gradually becoming more and more "Ethiopian" in ideology and behaviour. There are cross-relations and constant interdepen= dence between these organizations".[39]

9. <u>Finansiering van die Kerke:</u>

Die meeste erkende kerke, en veral ook die separatistiese kerke is selfonderhoudend. Die Bantoes van die erkende kerke word steeds van die kant van die Blanke kerke die ideaal voor oë gehou om hul eie leraars, evangeliste en ander werkers, soos bv. skriba, koster, ens., te betaal asook om self die lopende kostes van hul kerklike admini= strasie en sinodale aanslae te dra. Die groot pedagogiese beginsel van teëprestasie, d.w.s. self-iets-doen en self-iets-regkry, word hier in toepassing gebring.

Ten einde fondse te bekom het die meerderheid kerke 'n verpligte bydraesisteem waarvolgens van die lidmate verwag word om maandeliks, kwartaalliks of jaarliks 'n vasgestelde bedrag in te betaal. Indien nie aan hierdie vereiste voldoen word nie, staan die lidmaat in gevaar om van sy voorregte te verloor. Een van die groot vrese in hierdie verband is bv. dat hy of sy dan nie deur die kerk begrawe sal word nie.

---

38) Sundkler, B.G.M., op cit., p.54.

39) Ibid. p.55.

Die bydraes wissel van 10 sent (mans) en 7½ sent (vroue) per maand per lidmaat, synde die minimum bedrag wat gegee kan word en gevorder deur die Anglikaanse kerk, tot R5,20 per jaar per lidmaat soos gevorder deur die N.G. Kerk. Uitsonderings op dié gebied is bv. die Apostoliese Geloofsending en die „Bantu Baptist Church" wat vrywillige bydraes vorder terwyl die „Salvation Army", „Seventh Day Adventists", „Assembly of God" en die Volle Evangelie Kerk aan=dring en klem lê op die gee van tiendes.

Volgens getuienis kom die bydraes nie altyd gereeld in nie en wissel die kerke se inkomste van maand tot maand.

Kerke soos die N.G. Kerk, Gereformeerde Kerk, Volle Evangelie Kerk, Apostoliese Geloofsending, „Salvation Army" en die Rooms Katolieke Kerk ontvang jaarliks nog 'n geringe bedrag geld van die Blanke kerke bv. ter bestryding van onkoste by die onderhoud van geboue. So kry die N.G. Kerk bv. jaarliks 'n bedrag van R100 van die Sendingraad.

Naas die bogemelde word fondse oor die algemeen ook verkry d.m.v. kollektes tydens eredienste, basaars en konserte. Die meeste erkende kerke se boeke word dan ook jaarliks nagesien deur 'n ouditeur of deur 'n persoon of kommissie van die betrokke Blanke kerk.

Wat die separatistiese kerke betref kom 'n mens tot die slotsom dat hoe sterker en intiemer die invloed van die leier, hoe beter die finansiële ondersteuning.

Geld en eiendom speel 'n belangrike rol in separatistiese kerke. Ontevredenheid hieroor was en is dan ook een van die belangrikste redes waarom groepe hulle afskei van bestaande kerke. Die beswaar sou dan wees dat die kerk, van wie afgeskei word, te veel vra. In hier=die verband kan ek aansluit by Sundkler waar hy tot die slotsom ge=raak, nl: „As a matter of fact church dues in the Independent Churches are decidedly higher than those in the Mission Churches".[40)]

In verband met die metodes waarop die fondse verkry word gaan Sundkler voort: „Most Ethiopian groups follow the ordinary methods used in the mother Churches: church support is given in cash through

---

40) Sundkler, B.G.M., op cit. p.157.

Sunday collections, in a special annual fee, and in offerings at baptism, confirmation, and Holy Communion.

These routine channels for Church income are, however, not particularly characteristic of the independent Churches. A popular way of getting cash income for the Church is the socalled 'auction concert' ......... It is a kind of amateur concert, where anybody in the audience may call upon anybody else in the hall to sing a certain song by making a contribution such as 6d. The performance will very soon be interrupted by someone else putting down a slightly higher contribution, 9d. for instance, to make the singer stop and induce another in the audience to sing".[41)]

Uit 'n betroubare bron is verneem dat sommige separatistiese groepe soms ook van onwettige maniere gebruik maak om geld te bekom. Daar is dan ook van hierdie leiers betrap wat dagga aan die Bantoes by kerklike byeenkomste verkoop.

Die leiers van hierdie groepe kollekteer ook gereeld met lyste van huis tot huis in die Blanke gebied.

Die meeste van hierdie groepe se inkomste is maar gering. Dit hang natuurlik, soos reeds vroeër gemeld, saam met die feit dat hulle lidmatetal klein is. Daarby het so 'n groep baie predikante wat meebring dat die salaris wat elkeen moet ontvang maar klein is en sulke leiers bedags ander werk moet verrig ten einde 'n bestaan te kan maak.

In die geval van die erkende kerke word oortollige fondse van die kerk, na aftrekking van salarisse en ander noodsaaklike uitgawes soos instandhouding van kerkgeboue, òf d.m.v. Sinodale aanslae òf vrywillig na goeddunke ondermeer bestee aan Sendingwerk, Diens van Barmhartigheid, Teologiese Inrigtings, Bybelgenootskap, Evangelisasie, ens.

10. <u>Die Getuienis na buite (Selfuitbreiding)</u>:-

Hierdie onderwerp behoort eintlik na regte onder die hoof „Kerklike lewe" van die lidmate, waarby ek hierna breedvoerig sal

---

41) Sundkler, B.G.M., op cit. p.158.

83/.....

stilstaan, behandel te word. Die begrip „selfuitbreiding", net soos die begrippe „selfregering" en „selfonderhouding" waarby ek onder=skeidelik in paragrawe 7 en 8 hierbo stilgestaan het, is egter een van die drie hoof doelstellinge van die meeste Blanke kerke wat sendingwerk doen en gaan dus tot 'n sekere mate altyd saam. In die lig hiervan sal dit miskien meer gepas wees om reeds op hierdie stadium daarby stil te staan.

'n Algemene verskynsel onder die erkende kerke is dat die Christen-Bantoe die heiden-Bantoe evangeliseer. Trouens, etlike kerke het dit ook 'n soveel woorde gestel dat hulle uitgaan van die beginsel naamlik dat die Bantoe soveel moontlik deur die Bantoe self geëvangeliseer moet word, en wel onder leiding van en in medewerking met die sendelinge.

Durand wys egter in hierdie verband daarop dat die rede waarom die Bantoekerk nie werklik tot 'n breë aksiefront kan oorgaan nie, voor-die-hand-liggend is. Hy skryf verder soos volg: „Buite die kerklik-godsdienstige kring is die Christen onbeholpe en onseker van homself, dikwels selfs nie in staat om die teenkragte na hul ware aard te takseer en daarom nie by magte om vanuit sy Christelike geloof 'n antwoord daarop te vind nie. En hoe minder hyself 'n antwoord het, hoe minder is hy in staat tot 'n positiewe Christelike getuienis op hierdie terreine. Die grootskaalse onvermoë van die Christene om hul huisge=sinne op 'n stewige grondslag te plaas, is hiervan 'n uitstaande voor=beeld, juis omdat dit ten minste dié een terrein buite die kerklike is waarop ons die gouste 'n positiewe antwoord sou verwag het".[42)]

Die Bantoe-Christen is egter basies nie onwillig om tot 'n ver=antwoorde Christelike getuienis op die breëre lewensterrein te kom nie. „Hy staan eenvoudig in 'n situasie waarin die Christelike geloof nog nie die tyd gegun is om die geestestoerusting waaroor hy beskik tot volle ontsluiting en ontplooiing te bring nie".[43)] Geen persoon wat 'n Christen word besit bv. onmiddellik 'n antwoord op alle probleme nie. Daar moet steeds met die suurdeegkarakter van die Christelike geloof rekening gehou word.

---

42) Durand, J.J.F., op cit. (1970) p.139

43) Ibid. p.140.

Nog 'n hinderlike faktor wat die getuienis na buite strem, is die hovaardigheid in die kerk van sekere meer ontwikkelde in= telligentsia, sogenaamde beskaafdes, die statusbewustes, ens., wat buitestaanders, heidene, dus die eenvoudige mense, vermy.

Tog word die sendingvlam nie heeltemal uitgeblus nie. Daar is diegene wat vreesloos, sonder om kompromie met die wêreld te maak, lewe, en 'n positiewe getuienis op elke terrein van die lewe lewer. Hierdie mense vorm gewoonlik 'n intieme groep. So kan daar soms verskillende groepe, komitees of verenigings in 'n kerk onderskei word deur die spesifieke funksie wat so 'n groep homself ten doel gestel het. So sal een groep geken word vanweë hul be= trokkenheid in die sendingaksie van die kerk en 'n ander weer geken word vanweë hul barmhartigheidsdiens, ens.[44] Die „Lay Apostles" van die Roomse Kerk is 'n treffende voorbeeld hiervan. By hierdie groepe of verenigings sal ek later breedvoeriger stilstaan. Dit kan hier net genoem word dat die leraars van die verskillende erkende kerke nie net hul eie lidmate bearbei nie, maar ook baie aandag gee aan diegene wat aan geen kerk behoort nie.

Ten opsigte van die separatistiese kerke kan hier, soos reeds voorheen genoem, slegs weer opgemerk word dat hulle oor die algemeen nie die bekering van heidene beklemtoon nie, maar hulle eerder toelê op die afrokkeling van lidmate van ander gemeentes.

11. Kerklike lewe:-

(a) Die lidmate:

Uit die aard van die saak sal ek myself hier slegs bepaal by diegene wat lidmaat is van een of ander kerk en in besonder dan ook tot dié van hierdie groep wat aktief is in die kerklike lewe en wat gevolglik deurgaan as Christene. Ek gebruik spesifiek die uitdrukking „deurgaan as Christene" omdat nie alle Bantoes, net soos in die geval van die Blankes, wat aktief deel het aan kerklike aktiwiteite sondermeer as ware Christene beskou kan word nie omdat nie almal van hierdie groep van 'n ware, persoon=

---

44) Durand, J.J.F., op cit. (1970) p.140

like ontmoeting met en algehele oorgawe aan Jesus Christus kan getuig nie.

Uiteraard het ons hier, met die aktiewe kerklidmate, te doen met 'n klein minderheidsgroep in vergelyking met die totale bevolking van die Batho-lokasie. Selfs in verhouding tot die totale getal lidmate van die verskillende kerke vorm hulle numeries die minder=heid.

Wanneer ons na Tabel C kyk, wat vroeër in hierdie Hoofstuk voorkom, dan kom 'n mens, wat die getalle betref, ondermeer tot die volgende gevolgtrekkings:

(i) alhoewel daar baie meer separatistiese kerke as erkende kerke in die Batho-lokasie is, is eersgenoemde se totale getal lidmate baie minder as dié van laasgenoemde. Pre=siese getalle kan egter nie verstrek word nie, aangesien:

(aa) al die leiers van hierdie groepe nie opgespoor kon word nie;

(bb) daar oor die algemeen geen registers gehou word nie en indien dit wel gehou word, dit nie op datum is nie;

(cc) daar slegs staat gemaak moet word op wat die leiers van die groepe sê, wat nie altyd betroubaar is nie, aangesien hulle, deur groot getalle te noem, probeer om 'n goeie indruk te maak.[45] Daar is egter min van hierdie kerke wat uit groot getalle bestaan, aangesien die neiging onder hierdie kerke bestaan om steeds weer op te split in kleinere groepe onder 'n ander naam.

(ii) dat slegs ± 35% van die totale getal lidmate nog gereeld kerk=dienste bywoon en gevolglik as aktiewe lidmate beskou kan word.

'n Grootskaalse Kerkvervreemding is dus ook in die Batho-lokasie aan die orde van die dag en die getuienis van al die Bantoeleraars is dat die kerkbywoning baie teleurstellend en swak is.

---

45) Sundkler, B.G.M., op cit. p.128.

In hierdie verband skryf Van Der Merwe ondermeer soos volg: „Daar kan verskeie redes vir so 'n toestand aangevoer word. Lidmate is traag en sorgloos en steur hulle nie aan die oor=plasing van hul attestate na die stad nie. Hulle is in die stad vreemd, verward en onseker van hulself en weet dikwels ook nie waar om hulle aan te meld as hulle verband met hul eie kerk daar wil soek nie. Lidmate word verlei deur die gees van mate=rialisme en onkerksheid in die stad. In die industriële gebied ontwikkel nuwe lewenstrukture en nuwe denkstrukture. Die in=dustrie-arbeider slaag nie altyd daarin om die nuwe lewe wat hy nou in die industriële omstandighede deurleef, met sy Christen=dom en sy kerk in verband te bring nie. Hy kry miskien die indruk dat die kerk nie werklik begaan is oor sy lewe en omstan=dighede in die stad nie. Daar is ook diegene wat weens hulle werksure dit moeilik vind om die kerkdienste by te woon".[46]

„Dat hulle so 'n minderheidsgroep is en self deeglik van hierdie feit bewus is, is 'n faktor wat 'n belangrike rol speel in die be=paling van die aktiewe Christen se lewenshouding en gedragspatroon. Net soos die tradisionele heiden vertoon hy die neiging om hom binne sy eie groep te inkapsuleer. Bewus van die ontbindende magte in die stad, soek hy veiligheid en geborgenheid in die ge=slote kring van sy geloofsgenote. Daarbuite voel hy onveilig en onseker.

Hier, in die isolement van sy groep, vind ons dan ook die Christen se dikwels onbewuste antwoord op die nood van die ontbindende gemeenskapsbande. 'n Nuwe groepsolidariteit met 'n eie groep=dissipline en gedragskode kom in die plek van die oue en vul sy totale lewenshorison. Die opmerking kan in hierdie verband gemaak word dat ons hier eintlik met 'n normale verskynsel te doen het omdat die Christelike geloof by uitnemendheid gemeenskapskeppend is en dat die groepvorming van Christene nie noodwendig die resul=taat is van die aftakeling van die ou clan- en familieverbande nie. Dit is natuurlik waar. Die Christelike geloof is inderdaad 'n

---

46) Van Der Merwe, Dr. W.J., Gesante om Christus Wil, p.147

geloof in gemeenskap, maar hierdie feit alleen is nie die enigste verklaring van die intensiteit waarmee die gemeenskapsgevoel in so 'n groep van Christene beleef word nie. Nog minder verklaar dit waarom sommige van hierdie groepe die karakter van 'n hegte en eksklusiewe bende aanneem".[47]

„In die algemeen kan twee gemeenskapsvorme onderskei word. Eerstens is daar die breëre gemeenskap van bv. 'n bepaalde gemeente, maar hiernaas verdeel die breëre gemeenskap homself in kleiner en hegter geslote groepies. Hoe groter die getal aktiewe lidmate in 'n gemeente is, hoe groter word ook die getal van kleiner groepies waarin die gemeente hom= self verdeel. Selfs in kerke met 'n klein aantal lidmate waar daar nie soseer sprake van 'n breë gemeenskap is nie, doen hierdie verskynsel homself voor - totdat jy ten slotte uitkom by sekere tipiese sektegroepe waar die klein groepie self tot kerkvorming oorgaan. By laasgenoemde vind selde 'n verdere onderverdeling binne dieselfde gemeente plaas omdat elke eventuele nuwe groep wat ontstaan, dikwels tot 'n nuwe kerkstigting lei".[48]

Voorbeelde van bogemelde groepsvorming soos deur Durand beskryf, vloei in Batho ondermeer voort uit die algemene tipe van gemeente= like organisasie wat hier aangetref word, nl. geografiese wyksver= deling onder leiding van ouderlinge, „Lay Apostles", of ander leiers van wyke deur die verskillende kerke aangestel of gekies. Hierdie wyksmense vergader dan ook meesal weekliks in een of ander huis vir gebede en besprekinge oor kerklike en godsdienstige aan= geleenthede. Groepsvorming word natuurlik ook aangetref a.g.v. die verskillende Christelike verenigings, organisasies en rade waarby ons later sal stilstaan.

Ondervinding het geleer dat hoe kleiner die getal lidmate van 'n gemeente is, hoe deegliker kan elke lidmaat bearbei word en persoonlike aandag geniet. Die samekomste van sulke gemeentes is intiemer en bied meer geleentheid vir onderlinge belangstelling.

---

47) Durand, J.J.F., op cit. (1970) p.119

48) Ibid.

88/.....

Dit is veral waar van die separatistiese kerke. Met die groeps= vorming van lidmate van die erkende kerke, waarna ons hierbo ver= wys het, het ons egter met dieselfde verskynsel te doen en kan ons ook, soos Durand tereg opmerk, konstateer dat dit nie 'n uit= sluitlike karaktertrek van die separatistiese kerke is nie. Durand skryf in hierdie verband verder soos volg: „Dit wil voor= kom asof ons hier, in reaksie teen 'n institusionele Christendom van Westerse oorsprong, te doen het met 'n soort ‚Afrika-begrip' van die kerk wat algemener is as wat soms gereken word. Dat die evangelisasiemetode gekoppel word aan die groep en die vorm van huisdienste aanneem, is daarom volkome begryplik en hoef nie herlei te word na 'n sektariese oorsprong nie. Wat wel gebeur, is dat by veral die separatistiese sektes die groep as sodanig gewoonlik die totale gemeente vorm en hierdie verskynsel hom gevolglik duide= liker by hulle afteken as by die historiese kerke waar bestaande ongeorganiseerde groepies deur die groter gemeente oorkoepel word".[49)]

Ons kan dus sê dat ons hier met een van die weinige momente in die kerklike lewe van die Bantoe te doen het waarin die oorspronk= like erfenis van die sending selfs binne 'n Westerse stad omgebuig en binne eiesoortige bane gelei word.[50)]

Wanneer daar oor die lidmate van die Bantoekerke gepraat word, kan daar nie nagelaat word om spesiale aandag aan die rol van die vrou en die kerk te wy nie. Die Bantoekerke in Batho is byna oorwegend vrouekerke. Dit blyk duidelik uit die getuienisse van sendingkundiges asook al die predikante van Batho. Volgens laas= genoemde is soveel as 70% van hul lidmate vroue. Die redes wat oor die algemeen vir hierdie toedrag van sake aangevoer word is ondermeer die volgende:

(i) vroue is meer vatbaar vir die Evangelie en kom oor die algemeen makliker tot bekering as mans;

(ii) mans is oor die algemeen meer verkleefd aan die tradisio= nele gebruike en geloof van die Bantoe as vroue;

(iii) mans is oor die algemeen meer wêreldsgesind as vroue; en

---

49) Durand, J.J.F., op cit. (1970) p.151

50) Ibid. p.152

(iv) die reëls van die kerke is te streng.

Volgens Van Der Merwe hang dit gedeeltelik saam met die stelsel van trekarbeid. Verder hang dit volgens hom saam met die feit dat by die Bantoe die vrou meer begerig is om by 'n kerk aan te sluit as die man. Vir die vrou bring die Christendom meestal 'n verhoging van status in die samelewing, terwyl dit weer vir die man beteken 'n verbod op poligamie en derhalwe 'n verlaging van status. Die man vind dit buitendien nie so maklik om die mono= game huwelik te aanvaar nie.[51]

Sundkler skryf in hierdie verband ook soos volg: „It is true of course that in magic and in ritual generally, women had no place; they could seldom become war-doctors, rain-doctors or other types of magicians".[52] Hy vervolg verderaan: „In the Mission Churches the influence of the African woman was enhanced, and she has responded in a way which shows that she has appreciated this side also of the work of the Church".[53]

Die Christelike vroueverenigings van die verskillende kerke in Batho is dan ook gewoonlik gewilde en aktiewe verenigings. Hier leef die vroue hul godsdiens uit. Bidure word gehou, naaldwerk word gedoen vir armes, basaars en konserte vir die insameling van fondse word gereël, siekes en armes word besoek en gehelp. Die vroue van die predikante speel meesal 'n leidende rol in hierdie ver= enigings wat byna by alle kerke voorkom.

Die status van die vrou in die kerke is in alle opsigte dieselfde as dié van die man, behalwe dat 'n vrou in die meeste erkende kerke nie tot die kerkraad verkies kan word nie en ook nie 'n leraar of priester kan word nie. 'n Voorbeeld van die belangrike ampte wat vroue tans reeds, saam met mans, in sekere erkende kerke kan beklee, is ondermeer dié van „Lay Apostles" in die Roomse Kerk.

Die posisie van die vrou in die separatistiese kerk is egter nog veel meer gunstiger. Vroue speel hier, meer nog as in die

---

51) Van Der Merwe, Dr. W.J., op cit. p.139

52) Sundkler, B.G.M., op cit. p.139

53) Ibid., p.140

erkende kerke, 'n baie belangrike rol. Meer geleentheid tot selfekspressie word aan die vroue gebied en mag en prestige word aan hulle gewaarborg. Sundkler skryf dan ook in hierdie verband dat: „In the Ethiopian Churches women's leadership runs on parallel lines to that of the men".[54] Hy maak verder daarvan melding dat die leraarsvrou in sommige kerke so hoog geag word dat sy nie toe=gelaat word om aktief aan kerklike aangeleenthede deel te neem nie uit vrees dat deelname haar aan kritiek sal onderwerp.[55]

Vroue word dan ook as leiers van separatistiese kerke aangestel en in sommige gevalle het van hierdie groepe 'n vrou as superin=tendent.

'n Verdere aspek van die rol van die vrou in die erkende kerke in Batho is dat hul aktiwiteite goed georganiseer is d.m.v. vrouevereniging. Soos reeds aangedui het byna elke kerk in Batho 'n vroueverenigings. Hulle staan bekend as die Gebedsbond=vroue, „Home League", „Mothers Union," „Women's Association" ens. Wanneer hierdie vroue vergader dra hulle in die meeste gevalle 'n spesiale uniform of drag wat opvallend is. In die geval van die N.G. Kerk bv. bestaan die drag uit 'n swart rok met 'n wit kraag. In die Roomse Kerk is daar bv. 7 groepe vroue waarvan elke groep 'n spesifieke taak in die kerk behartig. Elke groep het dan 'n eie kleur bv. rooi, swart, pers, ens. wat hulle nie net van mekaar onderskei nie, maar ook van die ander vroue in die gemeente. Hulle vergader weekliks en in sommige kerke word die vroue, wat aan hierdie vereniging wil behoort, gekeur. In die geval van die N.G. Kerk moet 'n vrou wat 'n lid van die vereniging wil word eers die byeenkomstes vir 'n tydperk van 3 maande gereeld bywoon waarna die lede van die vereniging haar goed- of afkeur.

(b) <u>Die Jeug:-</u>

Die presiese getal kinders onder die ouderdom van 16 jaar, wat ge=woonlik as skoolgaande kinders gereken word, asook die getal jong=

---

54) Sundkler, B.G.M., op cit. p.141

55) Ibid. p.141

mense tussen die ouderdom van 16 en 25 jaar, gewoonlik bekend as die jeug, in Batho is nie beskikbaar nie. Beskikbare gegewens dui egter daarop dat daar 6898 mense in Batho is wat onder die ouderdom van 18 jaar is, waarvan 3451 mans en die res vroue is. Dit bring mee dat ±33% ('n derde) van die inwoners van Batho onder die ouderdom van 18 jaar is.

Ten spyte van verskillende pogings ten einde vas te stel wat die aantal kinders en jongmense in Batho is wat in een of ander kerk gedoop is of wat vanweë hul ouers aan 'n kerk behoort, kon geen getalle verkry word nie. Dit het tot gevolg dat daar ook geen aanduiding gegee kan word watter persentasie van die kinders en jongmense kerklik aktief is nie. Die algemene mening van kerk=leiers is egter dat slegs die minderheid, en in sommige uitsonder=like gevalle hoogstens die helfte, van die kinders en veral van jongmense in Batho nog kerklik aktief is. Die posisie met die kinders tussen die ouderdom van 7 en 11 jaar is egter nie so hag=lik as wat dit die geval is met die jongmense nie. Dit wil voorkom asof die posisie in verband met die kerklike meelewing van die jeug na die ouderdom van 11 jaar stelselmatig verswak om sy klimaks te bereik by die jeug tussen die ouderdom van 18 en 25 jaar.

„Die verwildering van die nie-blanke jeug gaan saam met die insin=king van die nie-blanke gesin. Dis die ontwortelde, ongebonde en daarby energieke jeug wat ligtelik die prooi word van revolu=sionêre politieke strominge in Afrika".[56]

Met die oorname van kerkskole deur die staat het die kerk, na my mening, tot 'n groot mate 'n terrein prysgegee waar die Bantoejeug, onder direkte beheer en toesig van die kerk, intensief bearbei en beïnvloed kon word. Die skrifonderrig wat wel nog op die skole, onder beheer van die Staat, gegee word, kan nie vergoed vir dié verlies nie.

Die bearbeiding van die kinders en jongmense in Batho word egter nog steeds, nou miskien met groter erns as ooit, deur die ver=

---

56) Van Der Merwe, Dr. W.J., op cit. p.141

skillende erkende kerke op 'n georganiseerde vlak onderneem. So kry ons bv. die Sondagskool- en Katkisasie-onderrig van die kinders wat meesal op Sondae gehou word. Ouers van kinders word dan gereeld aangespoor om hul kinders gereeld na die klasse te stuur. Die ouers is egter meesal in hierdie opsig baie na= latig, aangesien hul hul kinders nie hiertoe aanspoor en bemoedig nie en ook nie aan hulle die regte voorbeeld stel om gereeld ere= dienste by te woon nie.

Naas die bogemelde onderrig van die kant van die verskillende erkende kerke, word daar ook d.m.v. die jeugverenigings getrag om die jeug godsdienstig op te voed en kerklik aktief te hou. Hierdie verenigings bied ondermeer aan die jeug van Batho ge= leentheid tot Bybelstudie, bespreking van aktuele vraagstukke, gesonde ontspanning en die geleentheid tot groepshandeling. So kry ons ondermeer die „Young People's Guild for Fellowship" van die Metodiste Kerk, die Christelike Jeugvereniging (C.J.V.) van die N.G. Kerk, die „Timbril Brigade" en „Songster Brigade" van die „Salvation Army", die „Young Fellowship" van die Angli= kaanse Kerk, en dan ook nog die „Boy Scout"-beweging waarby ek graag aan die hand van Hanekom, wat 'n besondere studie van hulle gemaak het, breedvoeriger wil stilstaan.

Alhoewel die „Boy Scout"-beweging sy lede meestal uit die ge= ledere van skoolgaande kinders trek en onderwysers gewoonlik as spanleiers optree, is dit egter 'n beweging wat nie met die skole verbind is nie, maar met die kerk.

In die lokasie kan hierdie beweging in drie groepe verdeel word wat onder die leiding van verskillende kerke staan, naamlik die Rooms Katolieke, die Anglikaanse en Metodiste kerke. Die groep wat verbind is met die Rooms Katolieke Kerk is ook nog verder in drie afdelings verdeel naamlik die „Wolf-cubs" waaraan seuns tussen die ouderdom van sewe en elf jaar behoort, die „Scout Troop" vir seuns tussen elf en agtien jaar en dan die „Rovers" vir seuns wat oor die ouderdom van agtien jaar is. Slegs Roomse kinders of kinders wat leerlinge is aan 'n Roomse skool kan lede van hierdie groep van „Boy Scouts" word.

Een van die vernaamste aktiwiteite van hierdie beweging, naas die godsdienstige onderrig wat daar gegee word, is om sy lede te leer hoe om vaardig te wees met hulle hande en om noodhulp te kan toepas. Daar word ook voorsiening gemaak vir liggaamsoefeninge en sport ter bevordering van die liggaamsbou en gesondheid. Die verskillende groepe in die lokasie kom gewoonlik 2 keer per week bymekaar om samesprekings te hou en hulle werksaamhede te verrig. Die groep wat onder leiding staan van die Roomse Kerk reël elke jaar 'n kamp in een of ander deel van die land. Tot 40 seuns woon so 'n kamp by.

Hierdie beweging voorsien in die behoefte om die Bantoejeug in 'n goed georganiseerde groep saam te smee waar hulle in hulle vryetyd geleer kan word om nuttige en diensbare lede van die gemeenskap te word. Daar word aan die jong Bantoes die geleentheid gebied om hulself te ontwikkel tot gelukkige, gesonde en hulpvaardige lede van die gemeenskap en om sodoende 'n sukses van hulle lewens te maak.

Verder versterk hierdie beweging die gees van kameraadskap onder seuns. Die meedoen, opoffering, saamspeel, saam kampeer en die omgang met die lede van die groep as geheel, werk alles saam om die maatskap en eensgesindheid van die groep steeds hegter te maak.[57)]

Selfs sommige van die separatistiese kerke, veral dié met 'n redelike groot getal lidmate, gee besondere aandag aan die kinders en jongmense. Nie alleen word Sondagskool op 'n georganiseerde basis aan die kinders gegee nie, maar ons vind ook jeugverenigings soos die „Christian Endeavour League" van die A.M.E.-Kerk en die „Masole a Kreste" van die „African Church".

Die meeste kerkleiers besef egter terdeë dat die kerke in Batho nog geensins daarin geslaag het om die Bantoejeug werklik met die Evangelie te bereik en kerklik te aktiveer nie. Hiervan is die feit dat slegs die minderheid van die kerkjeug die byeenkomstes van die verenigings en eredienste bywoon, 'n bewys. Kyk 'n

---

57) Hanekom, C., op cit. p.88

mens verder na die gemiddelde ouderdom van kerklidmate, soos deur leraars en priesters aangegee en wat neerkom op 40 jaar en ouer, dan is die onrus van sendingkundiges en leraars oor die toekoms van die kerk nie ongegrond nie en regverdig dit die besondere klem wat daar tans op die bearbeiding van die kinders en jongmense gelê word.

Volledigheidshalwe moet ek hier ook daarop wys dat, behalwe vir die godsdienstige beïnvloeding van die jeug deur kerklike denominasies, die kinders van Bathu ook op die dagskool bybel= onderrig ontvang.

Bybel word as vak in die primêre skool aangebied en daar word 125 minute per week daaraan bestee. Dit sluit in die sing van Psalms, Gesange en gewyde liedere. Verder word die Bybel behandel met verskillende dele daarvan vir die verskillende klasse. Veral in die laer klasse word dramatisering aangemoedig. Daar word ook dele gegee wat uit die hoof geleer moet word. Geen dogma mag egter verkondig word nie. Kinders kan Bybels in hul eie taal by hul skoolhoof, deur die toedoen van die Brits en Buitelandse Bybelgenootskap koop vir slegs 15 sent stuk.

(c) Die Kerkdienste:-

(i) Die Toerusting van die Kerke:

Die binnekant en ameublement van die kerkgeboue van die erkende kerke kom grootliks ooreen en wek oor die algemeen die indruk van eenvoud. Dit bestaan gewoonlik uit 'n preekstoel, banke, nagmaalstafel, doopvond en soms is daar prente aan die mure. In die geval van die Roomse Kerk vind ons ook 'n altaar en standbeelde van Christus en Maria. Geeneen van hierdie kerke bevat 'n orrel of ander instrument wat die gemeente kan begelei wanneer daar gesing word nie. Alle gemeentes het gewoonlik 'n voorsanger of 'n koor vir hierdie doel. Die is algemeen bekend dat die Bantoe nie net lief is vir sing nie, maar dit ook baie goed kan doen. Begeleiding gedurende sang word dus eintlik nie benodig nie.

Naas die bogemelde beskik byna al die kerke ook oor 'n metaalklok wat gewoonlik 'n halfuur voor die diens 'n aan= vang neem, gelui word. Dit is gewoonlik aan strukture aan= gebring wat los staan van die kerkgeboue.
Wat die separatistiese kerke in hierdie verband betref, beskryf Sundkler die kamer van die huis waarin gewoonlik diens gehou word, soos volg: „Such a room is adorned with crosses painted on the walls, a bishop's staff in the corner, and perhaps a bright and colourful advertisement of ‚Stude= baker, 1934'".[58)]

(ii) <u>Aantal Dienste</u>:

Die meeste erkende kerke hou gewoonlik drie dienste op 'n Sondag waarvan die eerste baie vroeg is, bv. om 7 vm., die tweede om en by 10 vm. en die derde om 3 nm. Laasgenoemde diens het veral ten doel om aan huisbediendes, wat in die stad werk en Sondagoggende ook nog moet werk, die geleent= heid te gee om 'n erediens in die lokasie by te woon. Volgens inligting ingewin word hierdie diens beter as die ander bygewoon. Naas die bogemelde Sondagdienste hou byna al die erkende kerke ook een of meer weeksbyeenkomste wat gewoonlik die vorm van 'n biduur aanneem. Dit word ge= woonlik in die aande gehou en die mans en vroue verga= der soms afsonderlik en op 'n ander aand vir hierdie doel. Die bywoning is egter maar baie swak en volgens getalle wat in hierdie verband verstek is, woon slegs tussen twee en drie persent van die totale getal lidmate dit gereeld by.

Daar word ook deur al die kerke in Batho spesiale dienste gehou op kerklike feesdae soos Kersfees en Goeie Vrydag, asook tydens groot droogtes wanneer daar dan gebid word om reën.

Die Heilige Nagmaal word deur alle kerke periodiek, gewoon= lik viermaal per jaar, gevier. Die Roomse Kerk is in hierdie opsig egter 'n uitsondering. Hier word dit elke Sondag gevier.

---

58) Sundkler, B.G.M., op cit. p.81.

Wat die bediening van die Nagmaal betref, is dit interessant om daarop te let dat alhoewel die meeste kerke hier geen verskil maak nie en die Nagmaal gelyktydig aan mans en vroue bedien, daar tog nog kerke is, soos bv. die Roomse en Angli= kaanse kerke, wat dit eers aan die mans en daarna aan die vroue bedien. Aan die lidmate van die Roomse Kerk word ook net die brood bedien. Die Priester sit dit ook self in die mond van die gebruiker.

Huweliksbevestigings vind gewoonlik op Saterdae plaas terwyl begrafnisse ook gewoonlik gedurende naweke plaasvind.

Wat die huweliksbevestigings betref kan gemeld word dat baie van die leraars/priesters van die erkende kerke deur die Staat aangestel is as huweliksbevestigers en dus self pare in die huwelik kan bevestig. Dié leraars wat nie as sulks aangestel is nie kan hoogstens 'n huwelik kerklik inseën nadat dit deur die kantoor van die Bantoesake-Kommissaris bevestig is.

Die rede waarom begrafnisse gewoonlik gedurende naweke plaas= vind is vanweë die feit dat die meeste werkende Bantoes dan vry is en gevolglik die begrafnis kan bywoon. Dit kan ook gemeld word dat begrafnisse so lank as moontlik uitgestel word ten einde familielede, wat van ver moet kom, voldoende geleentheid te gee om die begrafnis te kan bywoon. Nog 'n rede hiervoor is dat daar gewoonlik 'n gebrek aan fondse is om die onkostes, verbonde aan so 'n begrafnis, te dek. Daar word dan vir die naweek gewag omdat daar dan baie mense by die begrafnis sal wees en dié dan ook oor geld sal beskik om bydraes aan die familie, waarin die sterfgeval voorgekom het, te gee. Dit dien net daarop gewys te word dat baie Bantoes weekliks deur hul werkgewers betaal word.

Hierin word daar dan bewustelik afgewyk van die ou gewoonte om die begrafnis so gou doenlik na die dood te laat plaasvind. Die feit dat begrafnisse meesal gedurende naweke plaasvind veroorsaak dikwels 'n opeenhoping van begrafnisverkeer by die begraafplaas en die Begrafnisondernemer sukkel om hulle vol program afgewerk te kry.

Daar kan voorts in hierdie verband daarop gewys word dat daar 'n Begrafnisondernemer in Batho is wat oor al die nodige geriewe, asook 'n koelkamer waarin die stoflike oor=skotte van oorledenis gedurende die „wagtydperk" bewaar word, beskik. Die fooi wat hiervoor betaal moet word beloop R2 per dag. Die Christene gebruik hierdie „wagtydperk" vir preek, sang en gebed.

'n Verdere interessante feit is dat elke kerk sy dooies in 'n spesifieke deel van die begraafplaas begrawe en nie sommer tussen dié van die ander kerke nie.

Wat die Doopsbediening betref verskil die erkende kerke nogal heelwat. Sommige pas die kinderdoop en besprenkeling toe, terwyl andere weer die grootdoop en onderdompeling toepas. Die Doopsbediening vind gewoonlik maandeliks tydens die erediens plaas.

Die separatistiese kerke hou hul dienste meesal Sondae. Sommige van hierdie groepe kom egter ook gedurende die week, gewoonlik Donderdagaande, byeen.
„Besides ordinary Sunday Services, such Churches arrange occasional concerts, when they may be sure to have packed houses, with all enjoying themselves. Zionists have night services between Saturday and Sunday, when Bantu emotional life, subdued and repressed during the week in the artificial world of the Whites, is allowed to break through and find its outlet in song and praise and dance".[59)]

Die Heilige Nagmaal word maar selde gevier deur hierdie groepe. „In the cases where Cummunion is held, strict rules of taboo guard the purity of the sacrament. Men=struating women are not allowed to take part".[60)]

Die voetwassing, as 'n reinigingsrite, word tydens die Nagmaal meer beklemtoon as die Nagmaal self.

---

59) Sundkler, B.G.M., op cit. p.85

60) Ibid. p.216

Die Doop en die diens rondom die Doop speel 'n baie be= langrike rol in die separatistiese kerke. Hulle pas die grootdoop toe en die dopelinge word drie maal geheel-en-al onderdompel. Die Doop d.m.v. besprenkeling word deur hulle verwerp. Omdat die Doop verkieslik in lopende water moet plaasvind, vind hierdie diens gewoonlik buite in die natuur plaas. Die vorm wat só 'n Doopsbediening gewoonlik aan= neem by hierdie kerke, sal ek later in hierdie hoofstuk breed= voeriger behandel.

(iii) Die Aard en Liturgie van die kerkdienste:

Die Bantoe gaan kerk toe ongeag die amptelike tyd waarop die kerkdiens veronderstel is om te begin. Tydsfaktor speel nie 'n belangrike rol in die lewe van die Bantoe-kerkgangers nie. Dit is asof ons hier te doen het met 'n reaksie teen die tempo van die stadslewe. Dit bring ons onmiddellik by 'n verdere kenmerk van die kerkdienste nl. dat daar, tydens die diens, voortdurend beweging in die kerk is as gevolg van mense wat kom en gaan.

Aan die ander kant is dit egter ook waar van die meeste kerk= gangers dat hulle vroegtydig na die dienste toe kom en na die diens ook nie so haastig is om terug huis toe te gaan nie. Ons vind dus hier dat daar by die kerke voor en na eredienste groot getalle mense vergader en gesellig met mekaar verkeer. Dit is volgens getuienis 'n faktor wat die onderlinge ge= meenskapsband baie versterk.

Alhoewel die kerke dit nie vereis nie,kom dit nog algemeen voor dat die mans, vroue en kinders nie deurmekaar in die kerk sit nie maar in afsonderlike groepe.

Wanneer ek na die liturgie van die kerke in Batho kyk, dan kan ek nie anders as om met Du Toit saam te stem nie waar hy in hierdie verband tot die slotsom geraak dat die liturgie van ons Bantoekerke tot hede feitlik 'n replika is van dié van die moederkerke met enkele wysigings hier en daar. Hy gaan voort deur op te merk dat die Bantoe nog geen noemens=

waardige bydrae tot die Christelike aanbiddingsvorms gelewer het nie. Dié van die blankes is slaafs nagevolg.[61]

In die lig van wat hierbo opgemerk is, beskou ek dit nie as noodsaaklik om die verskillende elemente van die eredienste in besonderhede te behandel nie. Ek wil volstaan met die opmerking dat die eredienste van die erkende kerke, net soos in die geval van die Blanke kerke, oor die algemeen bestaan uit 'n afwisseling van Skriflesing, die lees van die 10 gebooie en geloofsbelydenis, sang en koorsang, gebede, preek en die insameling van offers. Daar kom soms geringe afwykinge voor soos bv. dat die gemeentelede kniel tydens die gebed en dat sommige kerke ook geleentheid aan hul lidmate bied om hardop te bid en getuienis te lewer. Dan vind ons ook dikwels dat daar onder die prediking uitdrukkings soos „au" en „amen" hardop deur gemeentelede uitgespreek word. Dit sou dan getuig van die feit dat dié besondere hoorder(s) diep geraak is deur die prediking of bloot net 'n waarheid, wat in die preek uitgespreek is, wil beaam. Dit word meesal in erkende kerke op 'n stigtelike en eerbiedige wyse gedoen.

Sang en koorsang vorm 'n belangrike deel van die erediens. Daar word nie slegs baie keer tydens 'n erediens gesing nie, maar wanneer 'n lied gesing word, word sommer al die versies gesing. Koorsang vorm nie net 'n onafskeidbare deel van die eredienste van die Bantoekerke nie, maar ook van die godsdienstige lewe van die Bantoe. Byna al die erkende kerke het een of meer kore wat selfs tot twee keer per week oefen. Kerkkore lewer dan ook gereeld kooruitvoerings in die lokasie en sommige kore gaan selfs op toer. Hierdie uitvoerings vind nie net groot byval onder die Bantoes nie, maar dit is ook 'n groot aantrekkingskrag vir Bantoes. Omdat gevoel dikwels beter uitgedruk kan word d.m.v. musiek as met woorde, het koorsang die uiters belangrike funksie om 'n gewyde stemming onder die Bantoe te laat posvat.

---

61) Du Toit, Prof. H.D.A., op cit. p.330

Wanneer ons egter na die aard en liturgie van die dienste van die separatistiese kerke kyk, dan moet ons onmiddellik opmerk dat dit oor die algemeen grootliks van dié van die erkende kerke verskil. Sundkler skryf in hierdie verband ondermeer soos volg:

„The African heritage shows itself in the fact that the anti-ritualistic programme of the mission is replaced by a tendency to move to the other extreme, to lay a strong emphasis on the importance of ritual. While the Ethio= pians thus have a tendency to develop their ritualistic urge on lines which they are pleased to call 'Catholic', the Zionists find outlets for this same tendency in more nativistic forms, above all in highly developed purifica= tion rites which I shall here bring together under the common denominator 'Worship in Bethesda'. They stress the importance of the correct ritual action, the correct ritual formula, and the correct ritual dress much more than the Ethiopians. But in their case the motive for this is not 'catholicity' but the dictates of dreams and visions".[62)]

Sundkler wys voorts daarop dat die preek in die Etiopiese kerke nog 'n sentrale plek beklee en meld die volgende in verband met die Sionistiese kerke: „An important develop= ment is taking place within the Zionist church as far as preaching is concerned. The sermon is being superseded and replaced by testimonies. This development is closely connec= ted with the present emergence of one important ritual element in the Zionist service: the confession".[63)]

Wat die gebede betref vind ons volgens Sundkler by die Sionistiese kerke veral die vrye gebede waar almal in die diens gelyktydig bid en selfs skreeu om hulself hoorbaar te maak. Die Etiopiese kerke maak, volgens hom, soms ook nog van formulier-gebede gebruik, maar hulle word tans in hierdie

---

62) Sundkler, B.G.M., op cit. p.181

63) Ibid., p.191

101/.....

opsig grootliks beïnvloed deur die Sioniste.

Godsdienstige danse speel, volgens Sundkler, ook 'n groot rol by hierdie kerke en dit is ook baie populêr. „Praying and singing, drumming, dancing and shouting are intensified during the special services that are held from time to time in both Zionist and Ethiopian Churches".[64)]

Hierdie groepe word ook veral gekenmerk deur hul kleurvolle en luidrugtige optogte wanneer hulle op pad is na die huis waar die diens gehou sal word of wanneer hulle op pad is na 'n spruit of rivier waar die Doopsbediening sal plaasvind.

Met tromgeslaan, lang en dikwels kleurvolle gewaad, „heilige" stok(ke) en skouerkleed en al dansende beweeg hulle dan ook gewoonlik op Sondae deur die strate van Batho na die huis waar die diens sal plaasvind.

In verband met hul kleredrag en kodes skryf Sundkler soos volg:

„It is an experience common to all independent Bantu Churches that as communities they need distinct codes, which every member has to obey and follow. Everybody in the same Zionist sect has to wear the same uniform in colours pres= cribed in detail by the prophet according to revelations in his dreams. Ethiopian Churches tend to be the more lax in this respect the more their organization grows. But as a general rule every Church uses its own distinct formulae in worship, in the 'free' prayer and in sermons".[65)]

'n Kenmerk van hul dienste is dan ook dat dit baie onordelik en onstigtelik geskied. Die prediker het nie eintlik sy preek voorberei nie en kan in baie gevalle, vanweë gebrek aan onderrig, nie eers uit die Bybel lees nie. So 'n prediker sal dan sommer 'n teks wat hy onthou of by ander gehoor het, aanhaal. Daar word egter gou van die teks af=

---

64) Sundkler, B.G.M., op cit., p.198.

65) Ibid., p.163

gedwaal na 'n geliefkoosde tema, bv. oor die Wederkoms van Christus. Ons vind dus meesal geen skrifuitleg en skrif=verkondiging by hierdie groepe nie. Tydens die preek sal die prediker ook telkens onderbreek word deur spontane sang, ge=bede en uitroepe. Dit bring mee dat die prediker al harder moet praat, naderhand moet skree, om homself hoorbaar te maak. Sommige van die lidmate „kry die gees" onderwyl daar gepreek word en begin dan op die grond rondkruip en in tale spreek. Gesondmaking van siekes, die uitdryf van die duiwel uit mense, sondebelydenis en getuienisse van bekering, wat hardop ten aanhore van die hele gemeente gedoen word, speel 'n belangrike rol by hierdie dienste.

Omdat die Doop, gesondmaking en die droom by hierdie groepe so 'n belangrike rol speel, sal ek nou, aan die hand van Sundkler, breedvoerig daarby stilstaan.

(aa) Doop: „The Zionist Church is a syncretistic movement of baptizers. Baptism and purification are their main rites, of which other activities are more or less dependent corol=laries".[66)]

Dit dien hier net weer daarop gewys te word dat dit selfs by die Nagmaalsviering eintlik gaan om reiniging.

Soos reeds voorheen gemeld word die grootdoop en die onder=dompelingsdoop deur hierdie groepe toegepas. „The condi=tion for baptism is not an intellectual preparation, as it is in the Mission Church where some knowledge of the Catechism is one of the main prerequisites, but the ritual act of con=fessing sins. This is also the reason why in certain Zionist Churches children are excluded from baptism: not because they have not attained a certain intellectual or spiritual maturity, but because they do not understand to confess sins. They are consecrated or blessed instead".[67)]

---

66) Sundkler, B.G.M., op cit. p.201

67) Ibid. p.209

103/.....

Volgens hulle moet ook nie net die voorhoof nie, maar die hele liggaam, wat besmet is met sonde, deur die water ge= reinig word. Die Doop vind dan ook gewoonlik in 'n spruit of rivier plaas, in ons geval word Bloemspruit vir hierdie doel gebruik.

Voordat die Doopsbediening kan plaasvind moet die water eers gereinig word deur gebede wat o.a. behels die uitdrywing van die bose geeste uit die water. Dit behels verder ook die reiniging van die dopelinge self. Sondes moet bely word en hulle word selfs 'n drank ingegee wat hulle laat opbring ten einde die liggaam te reinig.[68)]

Terwyl die Doopsbediening plaasvind, sing die gemeentelede en spreek in tale. Na die Doop word die dopelinge wit aangetrek wat getuig van reinheid.

(bb) Gesondmaking (Geloofsgenesing):

„While the Roman Church is an Institute of Grace through its sacraments, and the Protestant Church in Africa appears as an Institute of the Word through teaching and preaching, the Independent Church, Zionist type, is an Institute of Healing. The Healing Message is the pivot of all Church activity".[69)]

Baie persone wat aan hierdie groepe behoort, getuig dan ook dat hy of sy aan hierdie kerk behoort omdat hulle hom op 'n keer gesond gebid het. Leiers van hierdie groepe is baie aktief op hierdie gebied. Siekes word dikwels besoek.

Die sukses wat hierdie groepe onder die Bantoe het is dus deels daaraan te danke dat medisyne, magie en godsdiens in die tradisionele godsdienstige lewe van die Bantoe ten nouste met mekaar in verband staan. „Witchcraft and the whims of the ancestors are the two main causes of illness". Deur gesondmaking d.m.v. gebede te beklemtoon word ten nouste aansluiting gevind by die tradisionele godsdiensbeoefening van die Bantoe.

---

68) Sundkler, B.G.M. op cit. p.209

69) Ibid., p.220.

104/.....

„Zionist healing activities must not be understood to be just another kind of religious eccentricity of primitive people who do not grasp what Chrictianity means. The fact that this message attracts an ever increasing number of people from other Churches shows that it appeals to a very real and vital need. The Healing Message promises quick results and immediate relief".[70)]

(cc) Die droom:

Volgens Sundkler kan die rol wat drome in die Sionistiese kerke speel slegs verstaan word teen die agtergrond van die patroon van droom-aktiwiteite in die heidense moraliteit. Ons vind dus hier ook weer 'n teruggrype na die tradisionele geloof. „They dream what their church expects them to dream. That is, only those dream elements which fit in with the accepted dream pattern of the Church are remembered. They are remembered because they have a function in the Church, which expects from its members that they should in the Sunday's church service produce testimonies about dreams. People are prepared to listen for hours to detailed descriptions of dream after dream, because they know that Jehovah has revealed Himself through this channel In Mission Churches, they feel, the mighty waters of primi= tive dream life are in various ways subdued and repressed. In Zionist Churches the sluices have been opened to the full. Here is definitely one reason why some people left certain Mission Churches and joined organizations of the Zionist type".[71)]

Die liedereboeke wat die meeste van hierdie kerke gebruik is grootliks dieselfde as dié van die kerke waarvan hulle weggebreek het. Sommige van hierdie groepe sing ook liedere wat deur hulleself gemaak is. Laasgenoemde is egter pateties en is meer gemik om die ander kerke en leiers te verkleineer en in die slegte lig te stel.

---

70) Sundkler, B.G.M., op cit. p.236

71) Ibid., p.273

(d) Interkerklike verhoudinge:-

Volgens die getuienis van die meeste leraars en priesters van die erkende kerke in Batho is die interkerklike verhoudinge tussen die leraars en die lidmate van die erkende kerke baie goed. Daar bestaan nie alleen 'n vereniging van predikante wat gereeld vergader nie, maar die lidmate van die verskillende kerke leef goed saam. Ons vind dan ook dat die kerke mekaar op uitnodiging en spontaan ondersteun ten tye van basaars, konserte en ander kerkfunksies en kerkfeeste. Selfs die Roomse kerk, wat aanvank= lik 'n mate van skugterheid aan die dag gelê het en nie so goed saamgewerk het nie, begin al meer in samewerking belangstel.

Die ekumeniese bewustheid, die onderlinge ondersteuning van lidmate van verskillende kerke, tree by die erkende kerke sterk op die voorgrond. Durand stel dit treffend in hierdie verband as hy skryf dat terwyl die eie kerk se finansiële posisie miskien benard is, word 'n behulpsame hand nogtans gebied aan ander kerke wat in dieselfde posisie verkeer.[72]

Die onderlinge ondersteuning tree ook ten tyde van nood na vore, veral by begrafnisgeleenthede wanneer dan gehelp word, soos reeds vroeër aangedui, om die kostes te bestry. Die wêreldbiddag vir vroue, wat deur alle kerke ondersteun word, is 'n verdere voorbeeld van samewerking tussen die kerke. Dit word gewoonlik deur ± 400 vroue bygewoon.

Sundkler maak ook daarvan melding as hy dit stel dat, volgens sy waarneming, daar geen waterdigte kompartemente tussen heidene en/ of separatistiese groepe en/of Bantoes behorende aan die sending= kerke bestaan nie. Hulle woon gelukkig saam.[73] Sundkler skryf verder soos volg: „If Mission Christians tend to feel superior to Ethiopians and Zionists because of their generally higher educational standards, and if they deride the nativistic tendencies of the Zionists, there may be situations, such as ill health and misfortune, when Zionist methods of prayer appear

---

72) Durand, J.J.F., op cit., (1970), p.138

73) Sundkler, B.G.M., op cit. p.64

more efficacious than those of the Mission Church".[74)]

Baie Bantoepredikante is onseker oor die houding wat hulle moet inneem teenoor die separatiste. Sommige is teen en ander vir hulle. Die meerderheid van die kerke, en veral die Bantoe-separatiste, is wel ten gunste van samewerking met ander kerke. 'n Paar kerke het dit duidelik gestel dat same= werking met die sektes onmoontlik is, veral vanweë hul anti-Blanke gesindheid en die korrupte leer en sedes wat hulle daarop nahou. Net soos die heidene moet hulle steeds die voorwerpe van bearbeiding van die Christelike Sending in Suid-Afrika bly. Wat samewerking egter strem is o.a. die verskil in kerkleer, -regering en -liturgie, asook die verskil in verband met die praktiese toe= passing van die beginsels van die Bybel insake die rassebeleid en sosiale verhoudinge in Suid-Afrika.

Die separatistiese kerke veroorsaak in hierdie verband voortdurend moeilikheid en versteur die onderlinge verhoudinge deurdat hulle veral daarop uit is om proseliete te maak.

12. Die kerke en die algemene struikelblokke in verband met hul werk:-

Uit die getuienis van al die kerke in Batho het dit geblyk dat hulle met heelwat moeilikhede te kampe het in verband met hul werk, wat oorsaak daarvan is dat die sending onder die Bantoe benadeel word, en nie gedy soos dit andersins die geval sou gewees het nie. Dit is nie net alleen die kerke wat hieronder ly nie, maar veral die Bantoe, ten behoewe van wie die sending daar is. Ook die ander fasette van Bantoe-ontwikkeling word hierdeur nadelig getref.

Ek wil graag by enkele van die vernaamste algemene probleme in hierdie verband breedvoerig stilstaan. Vir hierdie doel word die volgende Tabel, bevattend die aard en die getalle van die vernaamste vervolgings soos ingestel deur die S.A. Polisie in die hele lokasie van Bloemfontein oor 'n tydperk van een jaar, hieronder weergegee.

---

74) Sundkler, B.G.M., op cit. p.64

TABEL D.

Die aard en aantal van die vernaamste vervolgings soos ingestel deur die S.A. Polisie van Batho in die hele lokasie oor 'n tydperk van een jaar.

| 1970 | Verkragting | Dronkenskap | Dagga. | Aanranding | Moord | Huisbraak | Roof | Diefstal/ trapfietse | Alle Diefstal | Opsetlike beskadiging van eiendom | Nalatige bestuur | Besit van Bantoebier | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Julie= | 6 | 158 | 20 | 158 | 6 | 18 | 37 | 5 | 41 | 14 | 12 | 32 | 507 |
| Aug. = | 12 | 132 | 33 | 182 | 3 | 15 | 23 | 8 | 42 | 20 | 15 | 41 | 526 |
| Sept.= | 13 | 142 | 22 | 175 | 2 | 10 | 30 | 4 | 49 | 21 | 15 | 50 | 533 |
| Okt. = | 2 | 92 | 31 | 241 | 4 | 9 | 29 | 2 | 50 | 15 | 20 | 30 | 525 |
| Nov. = | 10 | 83 | 12 | 238 | 1 | 11 | 23 | 3 | 44 | 8 | 13 | 20 | 466 |
| Des. = | 14 | 66 | 20 | 251 | 2 | 27 | 35 | 8 | 57 | 24 | 25 | 71 | 600 |
| 1971 | | | | | | | | | | | | | |
| Jan. = | 5 | 61 | 14 | 225 | 5 | 27 | 20 | 4 | 66 | 26 | 14 | 35 | 502 |
| Feb. = | 5 | 66 | 20 | 214 | 6 | 17 | 23 | 2 | 52 | 24 | 20 | 54 | 503 |
| Maart= | 5 | 58 | 11 | 219 | 5 | 18 | 18 | 5 | 62 | 19 | 28 | 19 | 467 |
| April= | 4 | 45 | 16 | 130 | 4 | 19 | 13 | 5 | 40 | 13 | 19 | 37 | 345 |
| Mei = | 8 | 40 | 13 | 155 | 5 | 25 | 20 | 7 | 56 | 13 | 18 | 31 | 391 |
| Junie= | 6 | 50 | 25 | 152 | 5 | 18 | 17 | 4 | 46 | 25 | 10 | 22 | 380 |
| GROOT TOTAAL | 90 | 993 | 237 | 2340 | 48 | 214 | 288 | 57 | 605 | 222 | 209 | 442 | 5745 |

(a) Die misbruik van sterk drank:-

Kragtens artikel 94 van die Wet op Sterk Drank (Wet no. 30 van 1928) mag:

(i) 'n werkgewer drank aan enige Bantoe van die ouderdom van agtien jaar of meer, wat te goeder trou in sy diens is verniet ver= strek;

(ii) 'n Bantoe drank aan enige ander Bantoe wat 'n lid van sy huis= houding is of sy bona fide-gas is, vir verbruik deur daardie lid of gas, verniet verstrek;

(iii) 'n godsdiensleraar drank te goeder trou by die bediening van 'n sakrament volgens die leerstellings van sy geloof aan 'n Bantoe toedien.

Artikel 100 bis van bogemelde Wet bevat spesiale magtiging vir die verkoop van drank aan Bantoes en bepaal dat die Minister of iemand wat op sy gesag handel skriftelike magtiging kan verleen aan iemand of die benoemde van o.a. 'n stedelike plaaslike bestuur om drank of sodanige soorte van drank as wat hy mag bepaal, te verkoop aan enige Bantoe of klas van Bantoe van die ouderdom van agtien jaar of meer, vir gebruik binne of buite die gebou wat in daardie magtiging beskryf word.

Kragtens artikel 100 ter. van gemelde Wet kan die houer van 'n buite= verbruiklisensie en 'n lisensiehouer aan wie 'n spesiale reg van buiteverkoop verleen is, drank verkoop aan enige Bantoe van die ouderdom van agtien jaar of meer vir gebruik buite die gelisen= sieerde gebou, en enige sodanige Bantoe kan drank koop en in besit daarvan wees.

Kragtens artikel 100 quat. van gemelde Wet kan 'n Bantoe drank op 'n private perseel gebruik of in besit wees van drank op 'n private perseel met die toestemming van die eienaar (in hierdie geval die Munisipaliteit van Bloemfontein) van die perseel.[75)]

Die Wet op Bantoebier, 1962 (Wet no. 63 van 1962), omskryf Bantoe= bier soos volg:

---

75) Wette van die Republiek van Suid-Afrika.

(i) die drank wat algemeen bekend staan as kafferbier en wat ge= woonlik deur Bantoes gebrou word van kafferkoring of giers of ander graan; en

(ii) enige ander gegiste drank wat die Staatspresident van tyd tot tyd by proklamasie in die Staatskoerant verklaar Bantoe= bier te wees.[76)]

Volgens inligting word sterk drank en Bantoebier, kragtens die be= palings van die bogemelde Wette, wel deur Handelaars, die Plaaslike Bestuur en die Werkgewers aan die inwoners van Batho òf verkoop òf gratis verskaf. Ons vind ook dat Bantoebier, na verkryging van 'n permit, deur die inwoners van Batho in groot hoeveelhede gebrou word op persele. In so 'n geval mag dit egter nie aan ander Bantoes verkoop word nie.

In Batho het Bantoebier nog sy sosiale betekenis behou in dié sin dat dit gereeld voorgesit word vir gaste en dat mense mekaar oor en weer nooi en dan bier drink. Bantoebier word deur baie nog beskou as 'n belangrike bestandeel van hul daaglikse dieet.

Dit gebeur egter dikwels in Batho dat Bantoebier nie alleen sonder 'n permit gebrou word nie, maar dat daar ook verbode mengsels soos skokiaan, shangaan, ens. gebrou en verkoop word. Georganiseerde smokkelhandel met sowel sterk drank as Bantoebier vind gereeld plaas. Volgens 'n beampte van Batho Polisiestasie is daar ge= durende Julie 1970 tot Junie 1971 442 vervolgings vir oortredings van hierdie aard ingestel. (Tabel D hierbo)

Dit is veral gedurende naweke dat die meeste bierdrinkery in die lokasie plaasvind en vriende word oor en weer uitgenooi. Die geboorte van 'n kind, verlowings, informele danspartytjies, huweliksfeeste en begrafnisse is almal geleenthede wat gepaard gaan met 'n bierdrinkery.

Uit die aard van omstandighede is beheer oor die brou van bier somtyds baie moeilik uit te oefen en dit het die gevolg dat daar

---

76) Wette van die Republiek van Suid-Afrika.

baie wanpraktyke ontstaan. Hier kan ook veral gedink word aan die sogenaamde skokiaan-„queens" wat onwettig drank verkoop. Daar het ook al selfs gevalle voorgekom waar hierdie „queens" jong vroue huur om mans na hulle huise te lok en daar te vermaak terwyl hulle sterk drank en bier drink.

Volgens inligting gebruik die inwoners van Batho groot hoeveel=hede sterk drank en Bantoebier. Dronkenskap is derhalwe 'n verskynsel wat dikwels voorkom en somtyds drink persone sulke groot hoeveelhede sterk drank en Bantoebier dat hulle nie die volgende dag in staat is om na hulle werk te gaan nie. Daar is dan ook gedurende die tydperk Julie 1970 tot Junie 1971 993 vervol=gings deur die S.A. Polisie van Batho vir dronkenskap ingestel.

Hierdie toedrag van sake het nie alleen nadelige gevolge vir die liggaamlike gesondheid, die opvoeding van die kinders en die gesonde funksionering van die huisgesin nie, maar veral ook vir die geestelike lewe van die inwoners van Batho.

Wat die ontwrigting van die huisgesin deur drankmisbruik betref, kan genoem word dat die „vaders" wat hulle hieraan skuldig maak gewoonlik baie uithuisig is en die meeste van sy geld aan sterk drank of Bantoebier bestee met die gevolg dat sy gesinsgenote ge=brek ly.

Die feit dat sterk drank en Bantoebier deur die inwoners van Batho veral gedurende naweke gebruik word, bring mee dat die Bantoes, veral die mans, gedurende Sondae, wanneer die eredienste in die kerke gehou word, òf in so 'n toestand verkeer dat hulle nie die dienste kan bywoon nie, òf in die lokasie rondloop en saam met vriende sterk drank en Bantoebier drink. Die liefde van die Bantoe, veral die mans, vir sterk drank en veral Bantoebier word dan ook deur die meeste kerkleiers as een van die grootste probleme beskou waarmee die kerke in Batho te kampe het en word dit alge=meen as een van die redes aangevoer waarom:

(i) die vroue lidmate in al die kerke die meerderheid vorm;
(ii) die kerkbywoning oor die algemeen so swak is; en
(iii) die mans nie lidmaat van 'n kerk wil word nie. Omdat die kerke in Batho oor die algemeen teen die gebruik van sterk

drank en Bantoebier is, kom dit vir die Bantoe in die praktyk daarop neer dat hy 'n keuse moet maak tussen die lidmaatskap van een of ander kerk en die gebruik van sterk drank en Bantoebier. Die meeste kies dan ook laasgenoemde.

(b) Misdaad, Bendes, Dagga en Dobbel:-

Dit is baie moeilik om gegewens te bekom oor die besit en gebruik van dagga, omdat dit iets is wat in die geheim plaasvind. Dis veral jong mans wat bendes vorm wat dagga rook en dit in hul besit het.

Dobbel met dobbelstene en kaarte kom dikwels voor en neem groot afmetings aan. Wanneer 'n vader dobbel, gaan hy gewoonlik ekonomies gebuk onder daardie las en sy gesinslewe ly materieel sowel as geestelik daaronder. Dit gebeur maklik dat iemand al sy geld verloor in een aand en dit gee weer aanleiding tot on=wettige maniere van geldverkryging soos roof, diefstal ens. Verder gee dobbelary ook aanleiding tot aanrandings, want persone wat dobbel en geld wen, word baie keer aangerand en beroof.

Die polisie in Batho tree baie streng op teenoor dobbelaars, daarom dat hul bedrywighede so geheim gehou word. Tog het die S.A. Polisie tussen Julie 1970 tot Junie 1971 237 vervolgings in verband met Dagga ingestel.

Dan is daar ook bendes (Tsotsis) in Batho wat hoofsaaklik uit jong Bantoes, baie van wie nog skoolgaande ouderdom het, bestaan. Die lede van die bendes is feitlik sonder uitsondering werkloos, hulle het dus baie vrye tyd, hulle dobbel, rook en drink, gaan glad nie skool nie en probeer altyd om baie van hul tyd met jong meisies deur te bring. Hulle val ook dikwels eenlopende persone aan. Hierdie anti-sosiale gedrag van jong seuns, wat gepaard gaan met misdaad, getuig van die verbrokkeling van morele standaarde.

Hierdie bendes opereer gewoonlik in die nag en is die skrik van bykans elke Bantoedorp, sodat baie mense die kerklike byeenkomste saans nie kan bywoon nie. Bantoeleraars kan nie saans huisbesoek doen nie wanneer meeste mense dan gewoonlik tuis is. Konserte wat gehou word met die doel om kerklike of opvoedkundige fondse te

styf, word deur die bendes lelik in die war gestuur deurdat hulle steurings, rusies en vegterye veroorsaak.

Daar vind baie misdaad in Batho plaas soos duidelik blyk uit Tabel D hierbo, nl. 'n totaal van 5745 vervolgings oor die tydperk van een jaar. Wat die saak nog meer vererger is dat die ernstige misdaadgevalle baie meer is as die nie-ernstige.

(Onder die ernstige misdaad word ondermeer die volgende ver= staan: verkragting, aanranding, moord, huisbraak, ens. Onder die nie-ernstige misdaad worddie volgende verstaan: dronkenskap, onwettige brou of in besit wees van Bantoebier, sekere soorte diefstal).

Ongelukkig is daar in Batho geen sosiale stigma wat aan iemand kleef wanneer hy of sy in die gevangenis was nie. Anti-sosiale gedrag word nie bekamp deur sanksies vanuit die gemeenskapslewe self nie.[77]

(c) Onsedelikheid:-

Prof. Du Toit maak daarvan melding dat byna 95% stedelike huwelike voltrek word wanneer dit bekend word dat die vrou verwagtend is of geboorte aan 'n kind gegee het. Dit vloei, volgens hom,daaruit voort dat die meeste mans wat wil trou eers seker maak dat die huwelik vrugbaar sal wees. Mans verwag nie meer dat die vroue met wie hulle gaan trou, reine maagde sal wees nie.[78]

Volgens getuienis van die leraars en priesters van die kerke in Batho het ± 75% van die vroue, wat deur hulle in die huwelik bevestig word, reeds een of meer kinders. Dit moet egter onthou word dat sommige van die pare wat deur hulle in die huwelik bevestig word, bekeerlinge is wat wel voorheen volgens Bantoegebruike wetlik getroud was en slegs nou hul huwelik kerklik wil laat inseën. Juiste getalle in hierdie verband kon egter nie verkry word nie. Dit is egter interes=

---

77) Kruger, P.J.H., op cit p.96

78) Du Toit, H.D.A., op cit p.88

sant om in die verband daarop te let dat daar van die 1057 huwelike wat gedurende die tydperk 1 Oktober 1970 tot 30 September 1971 in Bloemfontein en distrik bevestig is, slegs 486 kerklik bevestig is. Die res is deur die kantoor van die Bantoe-Kommissaris voltrek. Onkuisheid, losbandigheid en buite-egtelike saambly in die voor- of na-puberteitsperiode is egter, volgens inligting, die algemeenste voorkomende sondes van die inwoners van Batho.

„Soos ook die geval in ander stede, het die jongmense in die Bloemfontein-lokasie 'n ongekende mate van vryheid; 'n vryheid van handeling soos nêrens anders in die normaal-saamgestelde maatskappy aangetref word nie. Ook moet hierby genoem word dat baie ouers inderdaad hulle kinders soveel moontlik vryheid in alles gee, en hulle selfs aanmoedig om intieme bande aan te knoop in die hoop dat die jongmense gou sal trou en dat die ouerlike huis sodoende los sal wees van 'n ekonomiese las".[79)]

Van Der Merwe wys ook daarop dat swangerskap by buite-egtelike verkeer deur die Stadsbantoe nie meer gevrees word nie. Losse verhoudinge tussen mans en vroue ontstaan. Onder Bantoes met 'n vaderregtelike stamstruktuur ontstaan tans in die stedelike gebiede die patroon van die moeder-kinders-gesin, waar die vader in die gesinslewe heeltemal uitgeskakel word.[80)]

Van dertien en veertien jaar begin die kinders meer belangstel in die teenoorgestelde geslag en aangesien hulle vryelik en ongekontroleerd in mekaar se geselskap kan verkeer, gee dit aanleiding tot onsedelike verhoudings. Plekke waar sulke geleenthede hulle voordoen is by danspartye, huispartytjies en groter dansbyeenkomste waar hulle in die aande saam rondloop in die buurt. By sokkerwedstryde, byeenkomste, ens., kry hulle ook die geleentheid. Verder is die bioskoop ook 'n plek waar sulke verhoudings gewoonlik begin. Die meeste jong mense gaan sonder ouerlike toesig en soms ook sonder die ouer se wete na bogenoemde

---

79) Hanekom, C., op cit. p.91

80) Van Der Merwe, W.J., op cit. p.137

plekke waar beide geslagte dan vry verkeer.

By die Suid-Sotho- en Tswana-gemeenskappe het vooregtelike ver= bintenisse altyd onder sosiale ban gestaan en gevolglik het buite-egtelike kinders baie selde voorgekom, dit is ook baie streng afgekeur.

Vandag het die Suid-Sotho- en Tswana-gemeenskappe, wat in Batho by verre in die meerderheid is, nie meer dieselfde standaarde van moraliteit nie en erken die mense self dat hulle sanksies, indien daar nog daarvan gepraat kan word, se invloed afgebreek het.

Getalle in verband met buite-egtelike saambly kon egter nie verkry word nie, aangesien die „Bogadi"-huwelik nie in die O.V.S. geregistreer word nie. Baie wat so saambly kan dus maklik voorgee dat hulle volgens die „Bogadi"-huwelik getroud is, maar dit in werklikheid nie is nie. Net dié gevalle waar alles nie goed fungeer nie, kom onder die aandag van die Owerheid.

Wanneer daar na bogemelde gegewens gekyk word, dan wil dit voor= kom dat daar 'n gebrek aan agting vir die huweliksinstelling bestaan en as sodanig is daar ook 'n merkbare verslapping van die seksuele bande. Die huwelik is nie meer nodig vir die be= vrediging van die seksuele lewe nie en ook nie eers meer vir die verkryging van kinders nie. Die huweliksinstelling word dus deur baie slegs as formaliteit beskou en vir sy eie „gerief", d.w.s. om bv. woonplek te bekom in die woonbuurt, ens. en nie vir die verkryging van kinders of die strewe na 'n stabiele huweliks= lewe nie.[81] Van die 4286 geboortes wat gedurende 1 Oktober 1970 tot 30 September 1971 by die kantoor van die Bantoe-Kommissa= ris geregistreer is, was 2156 buite-egtelike geboortes, d.w.s. meer as die helfte.

Onsedelikheid in Batho geskied ook by wyse van verkragting ten opsigte waarvan daar, soos vroeër in Tabel D aangedui, 90 vervolgings oor 'n tydperk van 'n jaar in die lokasie ingestel

---

81) Kruger, P.J.H., op cit. p.47.

is. Onsedelikheid geskied ook om finansiële redes, bv. vroue wat hulself „verkoop" net om geld te kan bekom.

Samehangend met bogemelde gedagte kan genoem word dat egskeidings dikwels onder die inwoners van Batho voorkom. Volgens die kantoor van die Bantoe-Kommissaris was daar gedurende die tydperk 1 Oktober 1970 tot 30 September 1971 146 aansoeke om egskeiding vir die hele gebied van Bloemfontein en distrik. Sulke aansoeke word behandel teen betaling van R8, en R45 indien die adres van die verweerder nie bekend is nie. Onder die redes wat hiervoor aangevoer word speel neweverhoudinge, owerspel en kriminele aanranding 'n belangrike rol.

(d) Literatuur:-

Kerklike en godsdienstige blaaie en traktaatjies het 'n wye verspreiding in die Batho-lokasie en hierdie tipe leesstof word dan ook in die meeste huise aangetref. Die meeste erkende kerke versprei dan ook weekliks of maandeliks een of ander gods=dienstige blad of traktaatjie in Batho. Ons vind bv. die „Link" van die Anglikaanse Kerk, die „Moeletsi oa Basotho" van die Rooms Katolieke Kerk, die „Ligstraal" van die N.G. Kerk, die „War Cry" en „Young Soldiers" van die „Salvation Army", ens.

Dit is interessant om ook in hierdie verband daarop te let dat, volgens getuienis, die meeste Bantoes in Batho Bybels besit alhoewel almal dit nie self kan lees nie. In so 'n geval lees die kinders, wat skoolopleiding ontvang, die Bybel vir hul ouers. Die minderheid families wat Bybels besit lees dit egter gereeld.

Naas die bogemelde kerklike en godsdienstige leesstof, vind ons egter in Batho ook die Pornografiese, sensasiebelaaide en politiek-gesinde literatuur wat nie slegs politieke onrus laat ont=staan en sede-ondermynend op die Bantoe inwerk nie, maar ook tot nadeel strek van hul godsdienstige en kerklike lewe. Gelukkig word hierdie blaaie nog nie op 'n baie groot skaal in Batho aangetref nie. Tog skep dit reeds vir die kerke, in hul geeste=like bearbeiding van die inwoners van Batho, heelwat probleme net soos wat dit die geval is in ons Blanke samelewing.

Hiernaas word 'n maandelikse blad „Wamba", wat min of meer ver= gelyk kan word met „Die Jongspan" wat onder die Blankes versprei word, d.m.v. die skole onder die skoolgaande kinders versprei. Dit bevat ondermeer die godsdienslcerplan van die Bantoeskole en dit word gesubsidieer deur die Departement van Bantoe-onderwys. Dit is voorwaar 'n blad wat 'n goeie invloed het op die Bantoe= kinders.

Ten slotte wil ek in verband met die probleme wat die kerke in Batho ondervind daarop wys dat die beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe deur die inwoners uit die aard van die saak een van die groot probleme is waarmee hulle te kampe het. Omdat ek egter breedvoerig by enkele aspekte daarvan in die volgende hoofstuk (hoofstuk V) stilstaan, wil ek hier daarmee volstaan deur slegs daarna te verwys.

13. Die breëre beïnvloeding van die inwoners van Batho op godsdienstige vlak:-

Alhoewel ek nie breedvoerig hierby sal stilstaan nie, moet dit volledigheidshalwe genoem word dat die inwoners van Batho, naas die invloed wat direk van die verskillende kerklike denominasies in Batho afkomstig is, ook op die breëre vlak van die samelewing godsdienstig beïnvloed word. Hier dink ek veral aan die feit dat die meeste Bantoes van Batho, vanweë hul woon- en werksomstandighede, daagliks met die Blankes in aanraking kom. Die invloed wat die Blankes op godsdienstige vlak op die lewe van die Bantoe het, is tot 'n groot mate onbepaal= baar, maar dit word algemeen aanvaar dat naas die goeie wat hierdie aan= rakingsproses in die lewe van die Bantoe op godsdienstige vlak teweeg gebring het, daar ook die slegte is. Hier kan maar net gedink word aan die vooroordeel, die belangeloosheid t.o.v. die geestelike heil van werknemers, anti-sendinggesindheid, onverskilligheid t.o.v. die Christelike Godsdiens, die verderflike voorbeeld, ens. Met die bo= gemelde opmerkings wil ek daarmee volstaan aangesien dit buite die bestek van my studie val. Dit behoort egter 'n interessante bron vir 'n latere studie te wees.

117/.......

Daar kan verder in hierdie verband daarop gewys word dat 'n hele aantal studente van die N.G. Studente Sendingvereniging van die plaaslike Universiteit gereeld Sondae, behalwe vakansietye, na die lokasie gaan ten einde Bybels en traktaatjies onder die Bantoe te versprei en om geestelike gesprekke met hulle te voer. Hulle be= weeg gewoonlik in groepies van 2 tot 3 en bly ongeveer 'n uur en 'n half in die lokasie. Volgens 'n woordvoerder van gemelde Vereni= ging word hulle oor die algemeen goed behandel en ontvang deur die Bantoes.

Ten slotte moet ook melding gemaak word van Mej. J.M. Stofberg, Geestelike Werkster van die N.G. Kerk onder die Bantoes, wat nie slegs in die lokasie van huis tot huis besoek aflê nie, al die siek Bantoes in die Pelonomi-Hospitaal, asook al die Bantoe verpleegsters, besoek en bearbei nie, maar ook omsien na die geestelike versorging van huis= bediendes wat in die Blanke gebied werk en slaap. Vir laasgenoemdes word daar bv. ten minste een maal per week garagedienste gereël.

# HOOFSTUK V.

## DIE HUIDIGE BEOEFENING VAN DIE TRADISIONELE GODSDIENS VAN DIE BANTOE DEUR DIE INWONERS VAN BATHO.

### 1. Inleiding:-

„Geen volkskultuur is die resultaat van kortstondige skepping nie. Net soos die volk self, groei en ontplooi dit deur 'n lang proses van die geskiedenis. Dit kan van buite af beïnvloed word. Dit kan selfs na die uiterlike 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Maar inner= lik bewaar dit 'n eie aard, 'n eiesoortige grondslag, 'n besondere patroon van belewing wat dit volkseiendom maak en anderswaardig in vergelyking met ander kulture. Dit tree na vore in 'n eie taal en manier van lewe. Daarom is volke nie dieselfde nie, en daarom strewe hulle na 'n eie woongebied en staatkundige vryheid om hulle eie manier van lewe volwaardig te kan geniet en te kan bestendig volgens die tradisie".[1)]

Bruwer wys voorts daarop dat die Bantoe nie gister of vandag ont= staan het nie. Hulle is ou volke wat deur die eeue van bestaan eie volksbeskouinge, eie waardesisteme en eie volkspersoonlikhede opgebou het deur 'n eie patroon van lewe. Hulle tradisie is die tradisie van eeue, en dit mag nie gering geskat wôrd ten opsigte van inherente krag en voortdurende werking nie.[2)]

Die grondslag van anderswaardigheid in die kultuurtradisie van die Bantoe lê, volgens Bruwer, nie net in die uiterlike vorm daarvan nie, maar dit wortel veral in 'n innerlike belewing van volkskultuur, waardes, gelowe, gebruike en metodes van lewe. Dit wortel in 'n eie filosofie en lewensbeskouing wat innig verweef lê met die sosiale orde, die huwelik, die regspraak, die staatkunde en die religieuse beskouing. Juis as gevolg hiervan is die gewoontes en gebruike, die gelowe en oor= tuigings nie so maklik vervangbaar met 'n ander waardesisteem nie.[3)]

---

1) Bruwer, J.P., op cit. (1961)

2) Ibid.

3) Ibid.

Die feit dat die Bantoe oor 'n eie lewensfilosofie beskik, word vir ons deur Tempels duidelik gestel met die waarheid dat krisis dwing tot 'n bepaalde lewenshouding. Hy wys voorts daarop dat net soos daar by die Blankes dikwels 'n terugkeer tot die ou Christelike lewens= houding wat hulle in die normale gang van die lewe opgegee het, te bespeur is in tye van krisis, lyding en dood, so sien ons ook by die Bantoe, selfs by die ontwikkelde, beskaafde Christen, dikwels 'n terug= keer tot die ou lewenshouding in tye van krisis. Vele Bantoes word deur krisistye soos 'n onweerstaanbare mag teruggebring tot die eeu= oue lewenshouding en lewenswysheid wat hul voorgeslag nagelaat het.[4] Bruwer wys in hierdie verband daarop dat sèlfs mense met 'n Universi= teitsgraad deelneem aan rituele moorde.

Die rede, so gaan Tempels voort, waarom 'n volk hom maar net nie kan losmaak van sy voorvaderlike lewenshouding nie, is omdat agter die lewenshouding 'n diepe, alles omvattende filosofie is, 'n duidelike, volle, positiewe, intellektuele opvatting van die heelal, die mens, die lewe, dood en die voortbestaan van die siel. Die feit dat die lewenshoudinge - die Christelike en die magiese - deur die gedurige veranderende en ontwikkelende lewensomstandighede heen, eeue lank onveranderd stand gehou het, is daaraan te wyte dat dit op 'n vaste en logiese samehangende geheel van verstandelike begrippe en op verstandelik gemotiveerde lewenswysheid berus.[5]

Hierby moet in gedagte gehou word dat elke kultuur nie net 'n bestaansreg het nie, maar dat „volk" en „kultuur" eintlik supra-organiese verskynsels is. Coertze skryf hieroor o.a. soos volg: „As 'n volk eenmaal sy verskyning gemaak het, is dit uiters moeilik om hom uit te roei. Sodra daar 'n volkseenheid met 'n eie lewens= gestalte sy verskyning gemaak het, het hy die neiging om deur die stuwende krag van die lewe self te bly voortleef. Die bestaan en samestelling van so 'n volk vorm 'n kontinuum wat oor honderde jare voortvloei ten spyte van wisselende geslagte danksy die gedurige reproduksie van die draers van die kultuurpatroon en die proses van enkulturasie waaraan hulle onderhewig is. Op hierdie wyse bly 'n

---

4) Tempels, P., Bantoe-filosofie.

5) Ibid.

volk as't ware voortleef en bly 'n kultuur as die lewensgestalte daarvan voortbestaan as 'n bowe-organiese verskynsel. Dit is langs hierdie weg dat volke meer is as die som van die indiwidue waaruit dit saamgestel is. Dis langs hierdie weg dat die Skepper volke as sy skeppinge laat voortleef".[6]

Ons vind by Herskovits dieselfde gedagte as hy by die bespre= king van die dinamiese karakter van kultuur, daarop wys dat ver= anderinge in menslike kultuur, wat konstant voorkom, altyd bestu= deer moet word teen die agtergrond van kulturele stabilitiet. Al sou dit wou voorkom asof verandering verreikende gevolge vir die lede van 'n samelewing waar dit plaasvind, sal hê, affekteer dit selde meer as 'n relatief klein deel van die totale kultuureenheid waarby 'n volk lewe. Die probleem van kulturele dinamika het dus beide 'n positiewe en negatiewe aspek. Verandering in menslike kultuur moet dus altyd beskou word in verhouding tot die weerstand teen verandering.[7]

Honigmann verwys ook na bogemelde proses wanneer hy dit aandui as kulturele hardnekkigheid en dan verder daarop wys dat die term „hardnekkigheid", toegepas op 'n kulturele proses, misleidend kan wees as die leser daarmee verstaan dat sekere kulturele elemente vry is van verandering. Hardnekkigheid impliseer, volgens hom, 'n soort verandering wat toelaat dat sekere kultuurelemente soms vir baie lang tydperke herken kan word.[8]

In verband met die neiging wat daar by sommige mense bestaan om aan die opgevoede Bantoe 'n ander gemeenskap te wil toeken as tussen sy volksgroep omdat hy dan nuwe waardesisteme aanvaar het en gefrustreerd sou voel in eie kultuurmilieu, merk Bruwer ondermeer op dat hierdie mense in die war verkeer tussen uiterlike verandering en innerlike belewing. Die grondslag van kultuurtradisie word, volgens hom, nie so maklik uitgewis nie, ook nie onder die Bantoe nie. Die meeste Bantoe, selfs onder veranderde omstandighede, bly diep in hulle wese nog umuntu (Bantoemens). Dit kom veral,

---

6) Coertze, P.J., op cit.

7) Herskovits, M.J., Man and his works.

8) Honigmann, J.J., The world of Man.

soos reeds aangedui, in tye van krisis sterk na vore. Bruwer kom dan tot die slotsom dat die kultuurtradisie voortleef, selfs waar daar 'n nuwe uiterlike omhulsel is. Dit is nie uitgewis nie. Dit word nog beleef en uitgeleef. Daarom moet daar rekening mee gehou word, so nie skep dit slegs rigtingloses en kultuuront= worteldes.[9)]

In aansluiting by wat hierbo gesê is kan gemeld word dat dit uit my navorsing geblyk het dat sekere vorms van die tradisionele godsdiens van die inwoners van Batho tans nog beoefen word. Ek wil graag by enkele voorbeelde daarvan stilstaan.

2. Voorouerverering:-

As gevolg van die intieme kennismaking met die Westerse kultuur en die besondere aanslag van die sendingaksie, beklee die voorouer= verering, sover vasgestel kon word, glad nie meer so 'n prominente plek in die lewe van die inwoners van Batho nie. In hoeverre en deur hoeveel van die inwoners van Batho hierdie offerkultus nog beoefen, was moeilik om vas te stel, maar onderhoude het aan die lig gebring dat dit wel nog in 'n geringe mate beoefen word en met die verloop van tyd al minder word. Durand skryf in hierdie verband soos volg: „Beperkende regulasies en veral finansiële probleme bring nie net mee dat die frekwensie waarmee offerandes gebring behoort te word, drasties afneem nie, maar ook dat die ritueel in vergelyking met wat in die tuisgebied gebeur het, aanmerklik armer en onvollediger word. Die gevoel van onvolledigheid raak egter nie net die offer= seremonie as sodanig nie, maar ook en veral die feit van die afwesig= heid van diegene wat tradisioneel 'n integrerende deel van die offer= plegtigheid uitgemaak het".[10)]

Daar moes egter, vanweë die stadsomstandighede, sekere aanpassings by die diens aan die voorvaders gemaak word. By gebrek aan 'n bees= kraal is die gebruik van die agterplaas toelaatbaar. In plaas van 'n bees word 'n ander dier (bv. 'n skaap) geslag en die res van die vleis

---

9) Bruwer, J.P., op cit. (1961)

10) Durand, J.J.F. op cit. (1970) p.88

wat benodig word, word by 'n slaghuis gekoop. Wat laasgenoemde ge= dagte betref kan genoem word dat dit nog gereeld deur al die inwoners van Batho gedoen word veral by geboortes en by begrafnisse. Die idee agter alles is dat „die bloed moet loop" by hierdie geleenthede. 'n Bok word egter bo 'n skaap verkies. 'n Permit word vir hierdie doel by die Owerhede gekry wanneer 'n lewendige skaap dan in die woonbuurt ingebring word. Dit is my meegedeel dat die Owerhede, onder druk van die kant van die inwoners van die lokasies, hierdie toegewing gemaak het.

Die slagting van die skaap by geboorte geskied by die amptelike bekendstelling (die uitbring) van die baba wat gewoonlik drie maande na geboorte geskied. Gedurende hierdie drie maande werk die moeder, wat geboorte geskenk het, ook nie. Daar word dan ook by so 'n geleentheid fees gevier. Die bloed van die geslagte dier dien dan as offer aan die voorvaders ten einde te verseker dat die kind wat gebore is mooi sal groot word en 'n goeie lewe sal voer. M.a.w., soos die Bantoe dit stel, om sy pad aan hierdie kant van die graf oop te maak.

Wat die slag van die skaap by begrafnisse betref, kan opgemerk word dat hier ook 'n aanpassing by die stadsomstandighede gemaak is. Volgens getuienis was die oorspronklike doel van die slag van 'n bees by 'n begrafnis nie slegs om die vleis te bekom vir offer- en eetdoeleindes nie, maar om die vel te bekom wat dan om die lyk gedraai is voordat dit begrawe is en wat dan as 'n tipe van „kis" gedien het. Aangesien oor= ledenes nou in behoorlike kiste begrawe word, het die noodsaaklikheid om 'n beesvel vir hierdie doel te bekom, egter verval. Al wat nou oorgebly het is die idee dat 'n dier by 'n begrafnis noodwendig geslag en geëet moet word anders sal die gees van die gestorwene nie tot rus kom nie. Hierdie gedagte is nog baie sterk op die voorgrond. Die slag van die dier en veral die bloed wat vloei, dien as offer aan die voorvaders om die pad vir die gees van die oorledene oop te maak na die voorvadergeeste. Almal wat dit kan bekostig, slag dan ook 'n skaap of 'n bok by hierdie geleentheid. Die slag van die dier, bv. by 'n begrafnis, is dus nie, soos dikwels beweer word, om slegs aan diegene voedsel te voorsien wat van ver gekom het om die begrafnis by te woon nie. So sal alle bene van die vleis wat by die fees geëet word op 'n hoop gegooi en verbrand word as offer aan die voorvaders.

'n Verdere voorbeeld van die beoefening van die geloof in die voorvaders wat ek in Batho gevind het, was dat baie inwoners, in tye van ongeluk en terugslae, nog glo dat dit deur die voorvadergeeste oor hulle gebring is. Wanneer 'n familielid bv. om een of ander rede gevangenisstraf opgelê word, dan word dit as 'n teken aanvaar dat die voorvadergeeste kwaad is. Ten einde weer hul goeie gesindheid te verkry, word daar, wanneer die betrokke persoon uit die gevanigenis ontslaan word, 'n swart skaap geslag, die gal met mis uit die blaarpens gemeng wat dan aan die kop en lyf van die persoon gesmeer word.

Ons vind ook dat baie inwoners nog gereeld, wanneer daar Bantoebier gedrink word, 'n bietjie van die bier uit die beker waarmee gedrink word, op die grond laat stort wat dien as 'n offer aan die voorouergeeste ten einde hul goeie gesindheid te behou en hulle in die vrolikheid en feesvieringe te laat deel. Dit dien ook daarop gewys te word dat Bantoebier 'n belangrike rol speel sowel by die fees wat gehou word by die bekenstelling van 'n baba as by die samekomste na begrafnisse. In baie ander gevalle, bv. wanneer 'n persoon dit by 'n begrafnis nie kan bekostig om 'n dier te koop en te slag nie, of wanneer ander middele waarmee offers gewoonlik aan die voorvaders gebring is, nie beskikbaar is nie, word slegs Bantoebier as offer gebruik wat dan ook as voldoende beskou word.

In die Rooms Katolieke Kerk word voorouerverering tot 'n groot mate toegelaat. Dit hang natuurlik saam met hul geloof in Maria, die moeder van Christus, asook hul verering van ontslape heiliges. Volgens die Bantoes doen die Blankes dit ook en dan word verwys na die baie standbeelde wat ons vir ons helde oprig.

Die bogemelde voorbeelde is geensins bedoel om 'n volledige uiteensetting te wees van die beoefening van die geloof in die voorouergeeste deur die inwoners van Batho nie, maar dit het slegs ten doel om aan te toon dat dit wel nog beoefen word. Durand merk dan ook tereg die volgende in hierdie verband op: Die vermindering van die offerplegtighede beteken egter nie noodwendig 'n toenemende twyfel aan die beskermende mag van die voorvadergeeste nie. Daar is by die Stadsbantoe in die algemeen nog 'n lewende bewustheid van die beskermende, maar

ook bestraffende belangstelling van die voorvadergeeste oor sy doen en late. Die krag van die voorvadergeeste het blykbaar nie verminder nie noudat hulle moet optree in 'n stadsituasie wat hulle self gedurende hulle lewe op aarde nie geken het nie.[11]

In verband met die oppergodsgedagte van die Stadsbantoe skryf Durand soos volg: „Die oorspronklike geloof in die oppergod wat net by besondere geleenthede ingryp, het onder invloed van die Christelike prediking sowel as die vreemde stadsomstandighede sodanig verander dat die oppergod nou nader aan die mens getrek is en 'n meer persoonlike mag is wat saam met die voorvadergeeste die wel en die wee van die mens bepaal. Die voorvadergeeste dien egter nog steeds as middelaars. By sommige vind ons selfs die gedagte dat die oppergod, afgesien van die voorvadergeeste, direkte belangstelling in hulle doen en late toon."[12]

3. Magie:-

Ten spyte van die skerpste veroordeling van die kant van die kerke, het magiese praktyke nog steeds sy houvas op die Bantoe behou. Byna alle Bantoeheidene en -Christene glo nog in die genesende en beskermende mag van die toordokter, en maak sonder uitsondering nog gereeld gebruik van sy middels vir beskerming, genesing, ens. Dit is blykbaar die een aspek van die Bantoegodsdiens wat die minste teken van 'n grootskaalse verandering toon. Durand wys in dié verband daarop dat terwyl die gelewerde mediese dienste in die lokasie magiese praktyke beperk het, die stadsomstandighede weer die veld van hierdie praktyke uitgebrei het. Die gedagte van die Bantoe dat sekere siektes, ongelukke en selfs die dood deur towenaars of hekse bewerk word en die werklike bestaan van hierdie mense, het weer die dienste van 'n toordokter, wat die gemeenskap moet beskerm teen die toordery van towenaars en hekse, 'n noodsaaklike vereiste gemaak.[13] In hierdie verband kan ook daarop gewys word dat daar by die Stadsbantoe 'n toenemende soeke is na sekerheid teen dreigende gevare. Die toordokter bied tot 'n mate hierdie sekerheid. Durand skryf verder soos volg: „In die persoon

---

11) Durand, J.J.F., op cit (1970) p.89

12) Ibid.

13) Ibid. p.91

van die moderne stadstoordokter ontmoet twee uiterste wêrelde mekaar en sien ons 'n heldhaftige poging om die ou magiese lewensinstelling toepaslik te maak op 'n wêreld van wetenskap en tegniek en waar alles blykbaar gereduseer kan word na ,natuurlike' oorsake en gevolge.[14]

Die huidige getal bedrywige toordokters in Batho kon nie vasgestel word nie. Volgens inligting ingewin is daar egter baie van hulle. Sommige beoefen dit op 'n deeltydse basis. Die toordokters, veral dié wat voltyds hiermee besig is, kan uitgeken word aan die spesiale kleredrag, dra van krale, asook veral aan die toordokterstokkie (kierie). Baie dra egter doodgewone klere. Hulle kom ook gereeld bymekaar in die lokasie by watter geleentheid daar dan ondermeer die hele nag deur gedans word.

Die opleiding van persone wat toordokter wil word, of soos hulle dit stel, wat deur 'n voorouergees geroep is om een te word, word deur 'n ander toordokter behartig.

'n Toordokter is gewoonlik nie lidmaat van een of ander kerk nie en dit gebeur selde dat 'n toordokter 'n kerkdiens bywoon.

Volgens inligting maak al die Bantoes van Batho nog, in 'n meerdere of mindere mate, van toordokters gebruik. Dit is selfs waar van die opgevoede Bantoe en ook dié wat deurgaan as Christene. Ek wil graag kortliks by enkele voorbeelde van die huidige beoefening van magiese praktyke in Batho, stilstaan.

(a) Tydens hofsake:

Dit is my meegedeel dat daar altyd een of meer toordokters teen=woordig is by die plek waar sake verhoor word. So 'n toordokter sal dan gewoonlik buite die hofsaal tussen die groot aantal Bantoes, wat gewoonlik daar is, rondbeweeg om sy hulp aan diegene aan te bied wat vir een of ander rede moet voorkom. Ander toor=dokters word bv. deur 'n beskuldigde 'n dag voor die hofsitting besoek en om hulp gevra. Die beskuldigde verkry dan ook gewoon=lik die hulp van die toordokter teen betaling van 'n sekere be=drag, 'n gedeelte waarvan voor die hofsitting betaal moet word en die ander na die hofsitting indien die hof se uitspraak dan in die guns van die beskuldigde was.

---

14) Durand, J.J.F., op cit (1970) p.93

Die „hulp" wat so 'n toordokter aanbied, kan op verskillende wyses geskied. Daar is bv. die kerf van snytjies deur die toordokter op die voorkop, bors, arms of bene met 'n skerp voorwerp totdat daar bloed uitkom. Hierna word die medisyne daarin gevryf.

Dan kan 'n toordokter ook aan 'n beskuldigde 2 klippies gee. Die een klippie moet deur die beskuldigde, wanneer hy die hof=saal betree, oor sy skouer na agter gewerp word waarna hy nie weer mag omkyk nie. Die ander moet hy in sy mond steek en dit daar hou totdat die verhoor verby is. Laasgenoemde sou dan bv. verseker dat die beskuldigde die regte antwoorde sal verstrek wan=neer hy ondervra word.

'n Verdere metode wat in hierdie verband aangetref word, is dat die beskuldigde sy liggaam moet was en daarna met 'n gladde tipe medisyne moet smeer. Die idee is dan dat die beskuldigde „glad" moet wees tydens sy verhoor sodat hy kan „deurglip" (onskuldig bevind word).

(b) <u>Tydens siekte</u>:

Volgens betroubare inligting word die Tokkelossie nog byna deur al die inwoners van Batho beskou as die oorsaak van siekte. As die medisyne wat by die kliniek gekry is nie binne 3 dae help nie, dan gaan die sieke na 'n toordokter. Selfs 'n Bantoe=sersant wat verbonde is aan die S.A. Polisie en wat tans besig is om hom voor te berei om die matriek-eksamen af te lê, het aan my erken dat hy medisyne, wat hy van 'n toordokter verkry het, vir hierdie doel in sy huis aanhou. Ook wanneer 'n kind in die die nag onbeheerbaar begin huil, word dit toegeskryf aan die Tokkelossie wat teenwoordig is. In sulke gevalle sal daar dan medisyne, wat ondermeer varkvet bevat, in die huis gebrand word ten einde die Tokkelossie te verdryf.

(c) <u>Tydens eksamens</u>:

Mej. Stofberg, geestelike werkster van die N.G. Kerk onder die Bantoe, deel my mee dat die hele klas van elf Bantoemeisies, wat opgelei word as verpleegsters, voor die eind-eksamen in hul finale jaar 'n toordokter gaan besoek het ten einde hulle te

versterk vir die eksamen en te verseker dat hulle sal slaag. Bogemelde is ook waar van baie skoolgaande kinders.

(d) Tydens begrafnisse:

Na 'n begrafnis en voordat die perseel, waar die fees ge= hou word, betree word, sal al die persone wat dit bygewoon het eers hul hande met water was. Hulle doen dit om alle grond van die graf, wat vir toordoeleindes gebruik kan word, van hulle hande en van onder die naels te verwyder. Hiermee openbaar diegene wat die begrafnis bygewoon het hulle goeie gesindheid jeens die familielede van die afgestorwene.

(e) Tydens die huwelikslewe:

Hier word toordery ook in verskeie vorms en vir verskeie doel= eindes aangewend. So sal 'n man bv. van 'n toordokter gebruik maak en medisyne van hom verkry wat sal meebring dat sy vrou, wanneer hy nie by die huis is nie, altyd in haar maandelikse menstruasie-tydperk sal verkeer sodat sy nie seksuele omgang met ander mans sal hê tydens sy afwesigheid nie. Medisyne word in hierdie verband ook aangewend ten einde te verseker dat 'n man, wat by 'n ander man se vrou kuier en seksuele omgang met haar het tydens haar man se afwesigheid, daarna net nie in staat sal wees om van die betrokke huis af weg te gaan voordat die vrou se eie man terugkeer nie. Hierdie medisyne het m.a.w. ten doel dat 'n man die ander man(s), wat op hierdie gebied met sy vrou oortree, op heterdaad kan betrap.

(f) In verband met werk:

Baie inwoners van Batho maak ook van toordokters gebruik ten einde te verseker dat hulle hul werk behou, of wanneer hulle werkloos is om 'n goeie werk te bekom. Kwaadwillige toordery vind in hierdie verband ook plaas soos bv. om 'n ander Bantoe in die onguns van sy werkgewer te bring. 'n Bantoesersant het my meegedeel dat sy voorganger byvoorbeeld sy hele kantoor met medisyne behandel en bestrooi het om te verhoed dat 'n ander in sy plek aangestel sal word. Hy het my verder meegedeel dat

128/.....

die vorm waarin kwaadwillige toordery tot openbaring kom by die verskillende etniese groepe verskil. Die Sotho gee voorkeur aan die Tokkelossie; die Xhosa aan die weerlig terwyl die Zoeloe-towenaar 'n persoon laat mal word, laat doodgaan of bv. sy been laat breek.

(g) <u>In verband met sport</u>:

Die inwoners van Batho is veral lief om sokker te speel. Spelers maak dan ook dikwels van toordokters gebruik en verkry medisyne om hulle bv. in staat te stel om hul teenstanders uit te oorlê. So sal kerkgangers hul liggame dikwels met medisyne smeer ten einde hulle te beskerm teen kwade invloede van ander kerkgangers.

Afgesien van bogemelde voorbeelde, wat geensins bedoel is om 'n volledige opname van die beoefening van magiese praktyke in Batho te wees nie, kan daarop gewys word dat baie persone in Batho in die daaglikse lewe bv. krale, ens. om hul nek of gewrigte dra wat met medisyne van 'n toordokter behandel is en wat dan ten doel het om die draer daarvan te beskerm teen toordery.

Volgens Durand wil dit voorkom asof die tradisionele verskillende arbeidsvelde van die toor- en bossiedokters in die stad inmekaar begin vloei. „Die fundamentele rol van die toordokter as uit= wyser van die towenaar of heks het om begryplike redes in die stad feitlik in onbruik geraak en hy moet hom in hoofsaak beperk tot die diagnosering van bose invloede om dan die korrekte medisyne daarteen aan te beveel. Hierdie feit het aan die bossiedokter die geleentheid gegee om geleidelik die terrein van die eintlike toordokter te betree, veral omdat dit nie net die kennis van kruie was nie, maar ook 'n groot gedeelte magie wat oorspronklik die karakter van sy werk bepaal het".[15]

4. <u>Sinkretisme</u>:-

Die sinkretistiese tendens, 'n vermenging van Christelike en

---

15) Durand, J.J.F., op cit. (1970) p.93

heidense (Bantoe) godsdienselemente, 'n mengsel van 'n verworde Christelike Godsdiens en Bantoe-animisme, van nuwe Christelike idees en ou towerkuns, word by die separatistiese kerke aangetref en dan veral by die Sionistiese groepe. Sundkler skryf dan ook in hierdie verband soos volg: „It must be emphasized that in Churches of Ethiopian type responsible leaders are fighting against such ten= dencies as in their opinion degrade the Christian standard of their Church. But we emphasize also that in Ethiopian Churches - as no doubt in Mission Churches - the pull from this heathen heritage is very strong and constitutes an everpresent problem".[16)]

'n Voorbeeld van sinkretisme by die separatistiese kerke is dié wat gemaak word i.v.m. die voorvadergees en die Heilige Gees. So kan iemand, volgens Sundkler, wie se morele en sedelike lewe nie bo verdenking is nie tog nog die Heilige Gees besit al stem dit nie ooreen met die Bybelse idee van die besit van die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees word gesien as 'n krag „which is independent of most of the orthodox signs of Christian behaviour".[17)]

Wanneer Sundkler die doop by die separatistiese kerke bespreek en veral dan ook wys op die inroeping van die hulp van die ‚engel van die water' om die water, waarin die doop sal plaasvind, te reinig, kom hy tot die slotsom: „........ the water-angel in this case is the Christianized version of the ancestor-spirit in its function as a guardian of the pool".[18)]

Volgens Sundkler het die toordokter vandag 'n mededinger in die Sionistiese profeet gevind, of het, wat erger is, self in die gedaante van 'n profeet ontpop. „The pattern of heathen divining is closely followed, but it has been reshaped to suit modern conditions".[19)] So sal ons dan byvoorbeeld in hierdie kerke aantref dat siekte ge= diagnoseer word, die uitwys van mense met kwade bedoelinge en wat swart magie beoefen, die openbaring van verborge sondes in die kerk en voorspelling van algemene rampe in die wêreld.

---

16) Sundkler, B.G.M., op cit. p.240

17) Ibid. p.240

18) Ibid. p.240

19) Ibid. p.255

'n Treffende voorbeeld van sinkretisme by hierdie kerke is die voorkoms van die „anti-lightning magic". Nie alleen is die weerlig vir sekere Sionistiese leiers die draer van die profetiese roeping nie, maar dit word ook gekoppel aan magiese praktyke. „The prophet, being filled with heavenly powers transmitted by lightning, is parti= cularly fitted to help the community in warding off lightning from the kraals. Whereas the pagan heaven-doctor used charms in order to prevent lightning striking the kraal, the Zionist prophet modernizes the precautionary measures. The most effective method is the dis= play of white flags on flagpoles".[20]

5. Die breëre beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe deur die inwoners van Batho:-

Omdat die verskillende kultuuraspekte in die lewe van volke ten nouste met mekaar geïntegreer is, die mens as eenheidswese op alle terreine gelyktydig leef, die een aspek van die lewe weerklank vind in elke ander aspek, spreek dit vanself dat die ganse lewe van die Bantoe in die primitiewe sfeer deurtrek is met religieuse elemente. Die bepaling van die mate waarin sekere tradisionele instellings nog beoefen word deur die inwoners van Batho, sal vir ons onmiddellik 'n aanduiding gee in watter mate hulle hul tradisionele godsdiens beoefen. Ek wil derhalwe by enkele van die vernaamste tradisionele instellinge van die inwoners van Batho stilstaan:

(a) Inisiasie:

Omdat geestesaanbidding, offers aan die geeste en suggestiewe handelinge wat die karakter dra van 'n vrugbaarheidsritus, onder= meer 'n belangrike rol speel by die inisiasieskole, is dit belangrik om daarby stil te staan ten spyte van die feit dat dit oor die algemeen nie meer so gereeld deur die stedelike Bantoe beoefen word nie.

Die inisiasieskool kom, wat die inwoners van Batho betref, ook baie selde voor. Dit is verder opvallend dat dit meer dikwels by die Xhosa- as by die Sotho-inwoners aangetref word al= hoewel die Xhosa eintlik 'n minderheidsgroep van die inwoners

---

20) Sundkler, B.G.M., op cit.

van Batho uitmaak. Wanneer ons dit vergelyk met die bevindinge van Durand ten opsigte van die inwoners van die lokasie te Port Elizabeth, waar die Xhosa 'n meerderheidsgroep vorm, nl. dat dit 'n gebruik is wat deur die Bantoe, alhoewel in 'n gewysigde vorm, nog in ere gehou word, dan wil dit voorkom asof die Xhosa, meer as die Sotho, hegter vaskleef aan sy tradisionele gebruike. Op navraag hieroor is egter aan my meegedeel dat dit, vanweë die verskil in benadering van die inisiasieskool en uit die aard van die omstandighede, vir die Sotho moeiliker as vir die Xhosa is om hierdie gebruik in stand te hou. Die Sotho verkies om die inisiasieskool in absolute afsondering te hou wat egter, vanweë omstandighede, nie altyd moontlik is nie. Die Xhosa is weer nie soveel gesteld daarop nie en sal sommer 'n inisiasieskool in die nabyheid van die lokasie hou as dit daarop aankom.

Dit moet egter beklemtoon word dat die inisiasieskool nie net min voorkom nie, maar die aard van die seremonies 'n groot wysiging ondergaan het en ook vir die grootste gedeelte aan effektiwiteit ingeboet het. So bv. kan die jong mans nie meer in absolute afsondering gaan en daar vir 'n tydperk gehou word soos in vroeër tye nie. Die Munisipaliteit laat nie inisiasieskole op sy gronde toe nie en die omliggende boere is ook baie teësinnig hiervoor. Baie vaders van kinders in Batho het self nie 'n inisiasieskool bygewoon nie met die gevolg dat hulle ook nie omgee en toesien dat hul kinders so 'n skool bywoon nie en ook nie aan hul kinders die onderrig gee wat gewoonlik by dié skool aan kinders gegee word nie.

Die verskillende kerke in Batho is oor die algemeen gekant teen die inisiasieskool en ontmoedig hul lidmate so ver as moontlik om hul kinders daarheen te stuur.

Volgens Van Der Merwe is daar reeds verskeie pogings aangewend om die inisiasieskool te kersten met die resultaat dat dit nie orals ewe goed geslaag het nie. Drastiese veranderinge moes aangebring word, maar dit is, volgens Van Der Merwe, van belang om daarop te let dat Christene in sommige gevalle wel bereid was

132/......

om die gekerstende, drasties - veranderde inisiasieskool te aan= vaar.[21]

(b) Bogadi:

Die godsdienstige aspek van Bogadi is nie slegs daarin geleë dat die voorvaders net soveel belangstel in die ooreenkoms tussen twee families as die lewendes nie, maar dit sluit ook in die bring van offers uit die Bogadi aan die voorouergeeste, die eet van vleis op 'n rituele wyse as 'n gemeenskaplike maal met die geeste en die geloof dat die voortplantingsvermoë van die vrou gewortel is in dié van haar voorgangers.

Navorsing in Batho het aan die lig gebring dat Bogadi een van die gebruike is wat nie maklik deur die Bantoe prysgegee word nie ten spyte van die veranderende en ontwrigtende invloede van die stads= omstandighede. Getuienis dui dan ook daarop dat Bogadi nog deur al die inwoners van Batho beoefen word.

Weliswaar het Bogadi in die stad tot 'n groot mate sy karakter en effektiwiteit verloor. Dit is nou nie meer 'n ooreenkoms tussen twee groepe nie, maar 'n kontant-betaling van een persoon aan 'n ander. Vanweë die gebrek aan vee word 'n geldbedrag gegee. Dit het gekommersialiseerd geraak en is dit niks anders as 'n besigheidstransaksie nie. Met die toename van geletterdheid en skoolopleiding varieer die Bogadi wat geëis word volgens die peil van akademiese opvoeding wat die dogter geniet het. Dit hang ook verder daarvan af of die bruidegom se ouers of hyself ryk is en bv. 'n winkel besit. Dit wil egter voorkom asof die prys wat gevra word wissel van etniese groep tot etniese groep. Waar die Tswana bv. die geldbedrag wat gegee moet word bepaal volgens die waarde van 6 beeste, wat ook as die gemiddelde bedrag vir hierdie groep aanvaar kon word, eis die Suid- Sotho weer gemiddeld 'n be= drag bepaal volgens die waarde van 10 beeste. Dit dien net byge= voeg te word dat die waarde van 'n bees nie volgens markwaarde bepaal word nie. Die betrokke persone onderhandel met mekaar en

---

21) Van Der Merwe, Dr. W.J., op cit. p.156

besluit self wat die waarde van 'n bees sal wees. Gewoonlik word die waarde van 'n bees dan bepaal as R10. Bedrae wat gegee word wissel en kan selfs so veel beloop as R200.

'n Belangrike aspek in hierdie verband is dat dit dikwels aange= tref word dat die vroue, wat self ook werk, die mans help om die Bogadi te verskaf. Daardeur bereik sy verhoogde status as ge= troude vrou en behou die reg om terug te val op haar eie mense as dit nodig is. Dit werk egter eerder disintegrerend as stabiliserend in op die huweliks- en gesinslewe.

'n Verdere faktor wat disintegrerend inwerk op die huweliks- en gesinslewe is natuurlik die feit dat daar nou geld in plaas van beeste of vee gegee word. Die geld word baie maklik en ook vinnig uitgegee of gesteel sodat die sigbare teken van die kontrak spoedig verdwyn.

Die hoë prys wat gevra word is ook 'n negatiewe faktor in hierdie verband, aangesien dit 'n man in die stad lank neem om die bedrag wat geëis word bymekaar te maak en hy dus eers op 'n hoë ouderdom kan trou. Volgens 'n steekproef wat in hierdie verband gemaak is uit die huweliksregister van die N.G. Kerk was die gemiddelde ouderdom van die mans uit 14 huwelike, wat kerklik bevestig was, 34 jaar. Die gevolg is dat paartjies reeds saamwoon voor die huwelik en so buite-egtelike geboortes vermeerder.

Dit is my meegedeel dat daar in Batho, ondermeer a.g.v. die hoë prys wat vir Bogadi vereis word, 'n ou gebruik van die Bantoe weer herleef, nl. dat vroue „gesteel" word. Nog 'n rede wat hier= voor aangevoer word is dat onderhandelinge te lank duur en dat die man ongeduldig raak. Die vrou word dan „gesteel" en na die man se huis gebring. So 'n „gesteelde" vrou sal ook nie maklik weer weg= loop van die man af wat haar „gesteel" het nie, aangesien die man sy huis met medisyne van 'n toordokter behandel het en sy nie daar= teen kan handel nie. Doen sy dit wel dan staan sy gevaar om mal te word. Waar die man in die ou dae in so 'n geval, onder toesig van die Kaptein, die skuld van die ontvoering sowel as die Bogadi moes betaal, word daar vandag net die skuld van die ontvoering be= taal en geen Bogadi nie. In die stadsomstandighede is daar ook

geen Kaptein meer waarby die ouers van die vrou in so 'n geval kan gaan kla en wat op sy beurt kan toesien dat die Bogadi wel betaal word nie.

Van Der Merwe merk tereg in hierdie verband die volgende op: „Die religieuse karakter van lobola gaan ook met sy kommersiali= sasie verlore. Die gedurige verhoging van lobola en veral die feit dat vir een vrou meer as vir 'n ander gevra word op grond van akademiese kwalifikasies, is 'n verdere afwyking van die onder= liggende gedagte van ewewig van baarkrag. Daar is die neiging om die hoogste bod as lobola vir 'n vrou te aanvaar".[22)]

Die verskillende kerke in Batho handhaaf verskillende standpunte oor Bogadi. Die Roomse Kerk bv. verbied dit nie. Hulle probeer om nie in te meng met die inheemse gewoontes van die Bantoe nie solank dit nie indruis teen die kerklike etiek nie. Ander keur dit weer streng af. Sommige gebruik dit as 'n aanknopingspunt en werk algaande suiwerend daarop in. Hiervan is die N.G. Kerk 'n voorbeeld. Oor die algemeen egter kan gesê word dat die meeste kerke 'n toegeeflike houding handhaaf teenoor Bogadi. Van Der Merwe stel dit duidelik as hy in hierdie verband soos volg skryf: „Sendelinge het ongetwyfeld deur die loop van die jare tot die gevolgtrekking gekom dat lobola in 'n groot mate die huwelik stabiliseer en dat, waar geen lobola ontvang is nie, die huwelik nie as wettig beskou word nie. In 'n mate het dit egskeiding teë= gehou. Die versorging van die kinders was die verantwoordelikheid van die grootfamilie ingeval een of albei van die ouers sou wegval. Daar was egter die ongunstige sy van 'n dwanghuwelik, kommersiali= sasie, verbintenis met voorouerverering, ens. Lobola is een van die Bantoegebruike wat nie so sito-sito afgeskaf kan word nie. Dit het bepaald 'n positiewe waarde. Dit het ook 'n negatiewe sy wat nie ontken mag word nie".[23)]

(c) Huwelik:

Dit is ook interessant om in hierdie verband daarop te let dat die inwoners van Batho, en selfs kerklidmate, dit soms moeilik vind om

---

22) Van Der Merwe, W.J., op cit. p.159

23) Ibid. p.159

die versoeking te weerstaan om, tydens die huweliksluiting en vir die bestendiging van die huwelikslewe, terug te gryp na hul tradisionele geloof. So word dit dikwels aangetref dat huweliks=pare wat hul huwelik in die kerk of voor die Kommissaris laat be=vestig, eers 'n toordokter besoek en deur hom behandel word. Soms geskied hierdie besoeke in die geheim. Die doel daarvan is dan ondermeer om die bruid te versterk ten einde te kan aansluit by die man se mense, om die huwelikspaar te versterk en te beskerm teen persone wat so 'n huwelik met kwade bedoelinge sal bywoon en om die woning en perseel, waar die huwelikspaar na die huwelik gaan woon, met medisyne te behandel ten einde die Tokkelossie en ander bose geeste af te weer en weg te hou van die huis af. Volgens inligting tref ongeveer nog die helfte van alle huwelikspare hier=die tipe van voorsorgmaatreëls.

(d) Poligamie:

Ons het hier te doen met een van die diepsgewortelde Maatskaplike instellings by primitiewe volkere. Die huidige getal poligame huwelike in Batho kon, uit die aard van omstandighede, nie vasge=stel word nie. Feit is egter dat dit wel nog voorkom, maar dan moet daar onmiddellik opgemerk word dat die getal poligame huwelike met die proses van industrialisasie en verstedeliking van die Bantoe baie afgeneem het. Dit is in die nuwe omstandig=hede in die stad nie meer voordelig nie, maar, veral uit 'n ekono=miese oogpunt beskou, nadelig om 'n poligame huwelik aan te gaan. Met die toestand van losse verhoudinge, wat tot 'n groot mate in Batho aan die orde van die dag is en waarby ek reeds vroeër stilgestaan het, is die poligame huwelik, van die kant van die seksuele bevrediging van die mans gesien, ook eintlik nie meer nodig nie. Die seksuele drang en behoefte van die man na meer as een vrou word in elk geval bevredig sonder om 'n poligame huwelik aan te gaan.

Die bevindinge van my navorsing in Batho met betrekking tot die poligame huweliksvorm kom in hoofsaak neer op die volgende:[24]

---

24) Die Tomlinsonkommissie het min of meer tot dieselfde bevindinge geraak (Tomlinson-verslag Hoofstuk 40).

136/......

Poligamie word beslis nie in die kerke toegelaat nie, en al die kerke het hulle baie sterk daarteen uitgespreek. Wat die doop van eertydse heidense poligamiste betref, asook die toelating tot kerklidmaatskap, huldig die kerke egter verskillende menings. Die variasies is soos volg:-

(i) Poligamiste word gladnie gedoop nie.

(ii) Poligamiste word slegs gedoop indien hulle al hul vrouens, behalwe die eerste een, verlaat en dan kerkwettelik met die eerste in die eg verbind word. Hy moet egter steeds sorg vir die kinders wat hy by so 'n vrou gehad het. (Bv. N.G. Kerk).

(iii) Poligamiste mag gedoop word, maar mag daarna geen addisionele vrouens neem nie. 'n Verteenwoordiger van die „Bantu Baptist Church" het dit treffend gestel: „We accept him and we leave the matter to God who alone can Judge." Hierdie is ook die standpunt van die Anglikaanse Kerk.

(iv) Poligamiste mag gedoop word, maar hulle mag geen kerklike ampte beklee of weer trou voor ál hul vrouens oorlede is nie.

(v) Poligamiste se vrouens mag gedoop word, maar hulleself nie.

(vi) Die Metodiste Kerk se reëls is soos volg:

„(a) If a polygamist be converted, and put away all but his first wife, he may be baptised.

(b) In the event of the first wife being converted she may be baptised.

(c) In the event of the other wives being converted they must not be baptised, but kept on trail until they are sepa= rated from their husband.

(d) If the wives who have been separated have been con= verted they may be baptised."

(vii) Die Rooms Katolieke Kerk se standpunt in hierdie verband is die volgende:

„Whatever the social and economic significance of the distinc= tion between simultaneous and successive polygamy, our view is that, morally considered, both are reprehensible".

137/......

Wat merkwaardig is, is dat sommige van die erkende Bantoekerke so sterk teen poligamie gekant is dat hulle ten opsigte daarvan soos volg opmerk: „Polygamy should be totally exterminated and churches should not be tempted to confirm any polygamist at all", en ook: „Polygamy should be wiped out".

Die metode wat deur die meeste erkende kerke gehandhaaf word is die kategumenaatspraktyk, d.w.s. die poligamis word in die katkisasie= klas ontvang en bearbei om te sien of hy nie sy oortollige vroue sal prysgee nie, voordat hy gedoop word.[25)]

Baie van die separatistiese groepe ontvang nie net poligamiste in die boesem van die gemeentes nie, maar baie Sionistiese leiers is met meer as een vrou getroud.

In hierdie verband moet egter ook daarop gewys word dat, alhoewel poligame huwelike nie meer so dikwels in Batho voorkom nie, die dubbele huwelik meer dikwels voorkom. Dit gebeur veral wanneer 'n Bantoe van 'n Tuisland af kom om hier in die stad te werk. Baie laat hulle vroue in die Tuisland agter om vir 'n onbepaalde tyd hier te bly en te werk. Gedurende hul verblyf hier neem so 'n Bantoe dan vir hom 'n ander vrou en is dan baie keer, volgens die <u>Bogadi</u> huwelik, wettiglik met beide vroue getroud.

6. <u>Taboe:-</u>

Taboes speel, volgens Sundkler, 'n fundamentele rol veral in die Sionistiese, maar ook in die Ethiopiese kerke. „The dream and the taboo are the two back doors through which the African past enters the Church". Volgens Sundkler vind ons taboes van tabak, bier, varkvleis, hoenders, ens. Daar is ook begrafnis-taboes, soos bv. dat sekere persone nie 'n lyk mag aanraak nie, ens., asook seksuele-taboes wat bv. meebring dat vroue wat menstrueer nie nagmaal mag gebruik nie, ens.

Ten slotte wil ek beklemtoon dat bogemelde beskrywing van die be= oefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe deur die inwoners

---

25) Du Toit, H.D.A., op cit. p.150

138/......

van Batho nie slegs betrekking het op die buitekerklikes en onaktiewe kerklidmate nie, maar in 'n mindere of meerdere mate ook betrekking het op die aktiewe kerklidmate - diegene wat deurgaan as Christene. Dit geld ook nie net die eenvoudiges en ongeletterdes onder die inwoners van Batho nie, maar ook tot 'n groot mate die opgevoedes en beskaafdes.

# HOOFSTUK VI.

## DIE CHRISTELIKE IDEAAL.

### 1. Inleiding:-

Die lewe soos dit hom voordoen, is een van geweldige verskeidenheid. Nie alleen die natuur lê getuienis af van die veelheid van God se skeppinge nie, maar ook die menslike lewe vertoon, soos 'n geslypte diamant, 'n groot aantal fasette. Dink maar net vir een oomblik aan die kerklike, staatkundige, ekonomiese, sosiale, opvoedkundige en so soveel andere vorme waarin die lewe hom openbaar. Ten spyte van hier= die groot verskeidenheid hoef die een aspek nie noodwendig met die ander in botsing te kom nie, omdat hierdie verskillende fasette nie soveel waterdigte kompartemente in die lewe van die mens is nie, maar 'n diepe eenheid vorm. Al hierdie verskillende aspekte word in die mens saam= getrek tot 'n harmonieuse eenheid en hierdie saamtrekpunt van die mens noem die Bybel die hart van die mens, die sentrum en wortel van sy be= staan. Soos die hart van die mens is, so sal ook sy lewensuitinge wees. Daarom sê die Spreukedigter: „Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe" (Spr. 4:23). En daarom sê Jesus: „Want elke boom word geken aan sy eie vrugte. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n doringbos nie. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is." (Luk. 6:44, 45).

Dit is op hierdie hart van die mens, daar waar die lewe nog een en ongedeeld is, dat dit aankom. Dit is op hierdie hart wat God appelleer met Sy Evangelie en die mens oproep tot geloof en bekering. En gegryp deur die geloof word hierdie herbore hart van die mens 'n fontein van lewende water wat sy lewegewende vog laat deurvloei tot op elke akker van sy lewe. Hy word 'n priester wat in 'n proses van lewensheiliging, sy ganse lewe aan God toewy as „'n lewende, heilige en aan God welgevallig offer" (Rom. 12:1). Maar daarby word hy ook 'n profeet van Christus, op watter lewensterrein hy hom ook al mag beweeg.

Gewortel en opgebou in die geloof, moet hy 'n onbevreesde „so spreek die Here!" laat hoor, of hy nou ook al kerklik, polities, sosiaal, ekonomies, opvoedkundig of wetenskaplik besig is. In priesterlike toe=wyding, in profetiese gehoorsaamheid moet die Christen die koningskap van Christus oor elke duimbreedte van die lewe proklameer, om so self as koningskind te heers oor die sonde wat steeds dreig om op elke lewens=akker voort te woeker.

God het dus vir elke lewensterrein bepaalde beginsels neergelê. By die verkondiging van die Evangelie gaan dit dus nie bloot daarom om „siele" vir die Koninkryk van God te wen nie, maar om die ganse lewe van die mens te roep tot onderwerping aan die wil van God. Dr. Durand definieer sending dan ook treffend soos volg: „Sending is die roeping van die kerk as geheel en van elke gelowige afsonderlik om met woord en daad teenoor die nie-christelike wêreld te getuig van die versoening in Christus en sy absolute soewereiniteit oor alle terreine van die lewe op grond van Sy kruisdood en opstanding".[1)]

Christus se verlossing is dus totaal en nie beperk tot die „siel" van die mens nie. Hy eis die ganse lewe op. Die mens moet Hom in alles gehoorsaam wees. Hierdie benadering word die allesomvattende benadering genoem.

Die Christelike ideaal op grond van die Heilige Skrif is dan dat die ganse lewe van alle mense herskep moet word sodat die mens 'n lewende getuie van Christus op alle lewensterreine sal wees.

2. <u>Die godsdienstige klimaat in Batho:-</u>

Gemeet aan bogemelde ideaal, kan die inwoners van Batho in drie hoofgroepe geklassifiseer word, nl.:

(a) Die aanvaarde Christene;
(b) 'n Tussengroep; en
(c) Tradisionaliste.

Hoewel hierdie klassifikasie met veiligheid gemaak kan word, oor=vleuel hulle mekaar sodat duidelike grenslyne nie deur getalle of per=

---

1) Durand, J.J.F. Christelike Sending - Allesomvattende Roeping, p.16

sentasies daargestel kan word nie. So sal sekere elemente wat kenmerkend is van een groep soms ook in 'n mindere mate by een of albei die ander groepe aangetref word. As voorbeeld kan genoem word dat elemente van die tradisionele godsdiens van die Bantoe soms by diegene wat deurgaan as Christene sowel as by die tussengroep aangetref word, terwyl ele= mente soos wanaanpassing, geestelike koudheid en gebrek aan volle oor= gawe en toewyding tot op 'n sekere hoogte waar is van al drie die groepe, ens.

Dit kan, by wyse van 'n beeld, ook só voorgestel word: Wanneer die wind oor 'n groot dam water waai, veroorsaak dit golwe wat hoër as die „kalm" wateroppervlak is, maar tog bly die golwe nog deel van die water in die dam.

Daar is ook nie 'n bepaalde gebied in Batho bv. noord, suid, ens., wat net deur die Christene of net deur die tradisionaliste bewoon word nie, maar die verskillende groepe is dwarsdeur die betrokke lokasie ver= sprei. Tog staan die drie hoofgroepe duidelik genoeg uit om hulle te onderskei en as indelingsmaatstawwe te gebruik. Ek wil vervolgens afsondelik by elkeen van hierdie groepe stilstaan:

(a) <u>Die aanvaarde Christene</u>:

Die term „aanvaarde Christene" word hier met opset gebruik omdat ek daardeur diegene wil aandui wat deur hul lewe en optrede, bv. deur gereelde kerkgang, die indruk by andere wek dat hulle ware Christene is. Dit is egter 'n welbekende feit dat nie almal wat die indruk wek of voorgee dat hulle Christene is, dit werklik is in die Bybelse sin van die woord nie. In die engere sin van die woord sou ons dus die „aanvaarde Christen" kon onderskei van die „ware Christen", tussen Christen en Christen, maar dit is nie aan die mens gegee om hierdie onderskeid te maak nie. Alleen Hy wat die harte ken sou 'n regverdige onderskeid in hierdie ver= band kon maak. Die mens sien wat voor oë is en alleen op grond daarvan kan hy 'n oordeel vel. Met „aanvaarde Christene" word dus diegene bedoel wat op grond van hul uiterlike lewe die indruk wek dat hulle ware Christene is. Wanneer ons na Tabel C (Hoof= stuk IV) kyk, dat sien ons ook dat hierdie groep 'n minderheids=

groep vorm. Uit 'n totaal van ± 10 460 lidmate van kerke van wie die lidmatetal verkry kon word, is slegs ± 4 060 gereelde kerk= gangers.

Een met die ander kom die getuienisse van die kerke daarop neer dat die Christelike Godsdiens inderdaad 'n wonderkrag is wat diep ingegryp het in die lewens van die Bantoe op so 'n wyse dat daar, vir die ommekeer wat in hul lewens plaasgevind het, nie 'n natuur= wetenskaplike verklaring gevind kan word nie. Dit is 'n bo= natuurlike krag wat sigself in hul lewens laat geld het.

'n Stelling wat dikwels tereg gemaak word is dat die sukses van sendingwerk by verre die statistiese resultate daarvan oortref. Hierdie stelling berus op die feit dat die Christelike sending vanweë sy bonatuurlike oorsprong oor 'n krag beskik wat sy invloed by wyse van konsentriese kringe oordra van mens tot mens en van geslag tot geslag. Dit is derhalwe nie moontlik om op enige tyd= stip presies te bepaal hoe wyd die geografiese gebiedsverspreiding plaasgevind het nie, of hoe diep hierdie bonatuurlike invloed in die lewens van mense ingedring het nie. Ons moet dus die getuie= nisse van dié mense wat intiem met die Bantoe op geestelike gebied saamlewe, aanvaar as synde 'n betroubare bron om te wete te kom wat die uitwerking van die Christelike sending op die inwoners van Batho presies was.

Almal getuig dan ook dat daar 'n baie duidelike verandering en ont= wikkeling van persoonlikheid by die bekeerlinge plaasgevind het, en wel tot so 'n mate dat daar van 'n ‚nuwe skepsel' in teen= stelling met die oue gespreek kan word, 'n verandering wat hom op alle terreine van die persoonlike lewe laat geld het. In die Tomlinson-verslag word hierdie „verandering" tereg soos volg beskryf:

(i) <u>Die liggaamlike</u>.

Die Christen-Bantoe is meer gesteld op die reinheid en die gesondheid van sy liggaam, asook op ordentlike kleredrag; daar is 'n strewe na beter voeding - die liggaam word beskou

as ,'n tempel van God'. Vandaar dat die Christen-Bantoe meer hospitaal- en Blanke dokter-bewus is as die rou heiden.

(ii) Die Intellektuele.

Vanweë 'n nuwe wêreldbeskouing maak die animistiese, magiese en bygelowige opvattinge van dinge plek vir 'n meer weten=skaplike en filosofiese betragting van die lewe en die wêreld rondom. Vandaar dan ook dat by die Christen-Bantoe die drang bestaan om te leer lees en skrywe en om intellektueel sover moontlik te ontwikkel. Die Christelike sending was inder=daad die bakermat van die onderwys van die Bantoe in Suid-Afrika. Die geskiedenis van die sending en van Bantoe-onderwys in Suid-Afrika is só ineengestrengel dat hulle feit=lik sinoniem is met mekaar.

(iii) Die Morele.

Dit is veral in hierdie verband wat ál die denominasies veel tot lof van die gekerstende Bantoe spreek. Die volgende deugde word in verband met die Christen-Bantoe beklemtoon:-

'n Groter mate van altruïsme, van diens- en offervaardigheid word aan die dag gelê, asook van getrouheid, selfbeheersing en selfstandigheid. Dit is wel waar dat die Christen-Bantoe minder van 'n kommunale en meer van 'n individualisties=ingestelde mens is, maar dit beteken ook tegelykertyd dat daar by hom 'n veel groter mate van 'n verantwoordelikheids=besef bestaan, en dat hy minder van 'n minderwaardigheidsge=voel koester, omdat hy uit hoofde van die beginsels van die Christelike Godsdiens voel dat hy 'n wese met 'n besondere betekenis is. Sy belangrikheid as mens en as individu word deur die Christelike Godsdiens beklemtoon. Hy besef sy verantwoordelikheid teenoor God en mens, en trag dan om die voorskrifte en gebooie van Gods Woord uit te lewe en is der=halwe eerlik, betroubaar, respekvol teenoor ander, sober, hardwerkend, nederig, wetsgehoorsaam en minder geneig om aan opstootjies deel te neem. Die vreeskompleks waaronder

sy gemoed as heiden gebuk gegaan het vanweë sy voorvadergeeste-aanbidding en geloof in toordery het gewyk vir 'n kalme en besadigde opvatting van dinge.

In die geval van baie kerke word uit gestel dat die Bantoe wat 'n hartgrondige bekering ondergaan het, die lig en die sout van hul omgewing is, en in sulke gevalle het 'n mens dikwels met uitstaande persoonlikhede te doen. Baie van dié Bantoes met wie onderhoude gevoer was, was manne nie alleen bedeel met 'n skerpsinnige intellek nie, maar hulle was ook manne met aantreklike en imponerende persoonlikhede.

Deur baie van die kerke word dit getuig dat werkgewers uit=druklik voorkeur gee aan Bantoes wat Christene is, en voorts ge=tuig die kerke dat selfs vyande van die sending hierdie ge=tuienis aflê.

(iv) Die Gesinslewe.

Die Christelike Bantoehuisgesin vorm 'n kragkern in die Ban=toesamelewing, deurdat die omgang van lede van die huisgesin onder mekaar meer harmonieus is; dat die vrou 'n hoër status het en haarself beter kan uitlewe; dat die kinders op 'n spontane wyse gehoorsaam is; dat daar omgesien word na die belange van die kinders veral ten opsigte van hulle onderwys en opvoeding al sou dit met veel opoffering gepaard gaan; dat daar baie minder gevalle van egskeiding is; dat poligamie verdwyn; dat daar omgesien word na beter behuising en alge=mene versorging van die huisgesin; dat daar dus meer arbeid- en sorgsaamheid bestaan; dat die man sy plek volstaan met betrekking tot sy verantwoordelikhede teenoor sy gesin; dat hy as priester van sy huis ook na die geestelike belange van sy huisgesin omsien. Daarby is hulle huise baie netjieser en skoner as dié van heidense huisgesinne.

(v) Die Stam en Staatkundige lewe.

Die Christelike Godsdiens het die Kapteinstelsel, die middel=paal van die ou stamstelsel en veral dan die hoëpriesterlike status van die kaptein, aangetas. 'n Ander lojaliteit het

op hierdie punt in die plek van die oue gekom, wat meer is, in die stad het die Kapteinstelsel met sy funksies van regerende, wetgewende en regsplegende hoedanighede, heel=temal verdwyn.

Die Christene onder die Bantoe het gebots met al die heidense gebruike soos veelwywery, leviraats- en sororaats=instellings, toordery, die uitruikpraktyke, ens. Met ander woorde, die Christelike Godsdiens het 'n suiwerende uitwerking op die stamlewe gehad. Die Christelike Godsdiens met die leer van liefde vir jou naaste het meegebring dat daar 'n nouer aan=sluiting gekom het nie alleen tussen die stamme onderling nie, maar wel ook tussen die grotere etniese groepe, en les bes tussen die verskillende rasse ook. Die Christen-Bantoe is dan ook, volgens getuienis, die onderdanigste bur=gers van die Staat.

(vi) Rasseverhoudinge.

Uit hoofde van bostaande spreek dit vanself dat die kerke sal getuig dat die Christen-Bantoe saam met die Christene van ander rassegroepe die olie is wat die komplekse ratwerk van 'n veelrassige samelewing soos ons hier in Suid-Afrika het, gladder en aangenamer laat loop. Hulle is ook die sement wat die verskillende groepe aanmekaar verbind.

(vii) Christen-Bantoe vergeleke met die nie-Christen-Bantoe.

Die getuienis is eenparig dat die Christen-Bantoe beter mense is as die ongekerstende. Baie Werkgewers verkies ook eersgenoemde bo laasgenoemde.

Getuienis is eenstemmig dat Sendingwerk onder die Bantoe, veral ook uit die oogpunt van die nasionale huishouding gesien, wel die moeite werd was, is en sal wees. Die Christelike Sending lewer manne en vroue onder die Bantoe op wat bates vir hulle eie mense en vir Suid-Afrika is. Die Christen-Bantoe is die beste lid van sy volk en die beste burger van sy land.[2)]

---

2) Tomlinson-verslag, op cit., Hoofstuk 40.

(b) Die Tradisionaliste:-

Ek het reeds in 'n vorige hoofstuk daarop gewys dat die tradisio=nele geloof van die Bantoe nog steeds deur die inwoners van Batho beoefen word en ook enkele voorbeelde aangetoon. Ek wil dus hier nie weer herhaal wat reeds genoem is nie, maar slegs daarop voortbou deur te probeer aantoon wat die omvang van die beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe deur die inwoners van Batho is.

In die reeks: „Kerk en Wêreld" onder die tema van: „Die heidendom in die sendingkerk en die weerlegging daarvan"(no. 2, 1959), kom 'n studiegroep, wat 'n studie van hierdie onderwerp in opdrag van die Ring van Kroonstad gemaak het, na 18 maande van studie, ondersoek en gesprekke met lidmate oor die probleem van die heidendom in die kerk, o.a. tot die gevolgtrekking dat die diepte wat die heidendom nog in die lewens van die lidmate van die sendingkerk gewortel is, onpeilbaar is. Sommige dae verras baie van hulle 'n mens met hulle diepe insig in die Christelike geloofswaarhede, terwyl daar weer ander dae is dat dieselfde mense jou tot wanhoop drywe weens hulle vasklewing aan en geloof in die ou gebruike van die heidendom.

Voorts word gemeld dat sodra die sendeling begin stry teen hierdie dinge, daar onmiddellik reaksie en verdediging is. Dit het ook duidelik geword dat, wat die ou geslag aanbetref, die verdwyning van die heidendom 'n feitlik onmoontlike saak is.

Aan die ander kant moet daar egter in hierdie verband ook daarop gewys word dat sekere sendingkundiges van mening is, en heeltemal tereg ook, dat ons die Bantoe se optrede op hierdie gebied soms verkeerdelik interpreteer en gevolglik verkeerde gevolgtrekkings maak, nl. dat die Bantoe hul tradisionele geloof nog in groot massas aanhang en dat dit nog deel van hul daaglikse lewe vorm. 'n Voorbeeld wat dan in hierdie verband genoem word is die ver=keerde vertolking wat dikwels gegee word aan die gewoonte wat Bantoes het om hul beddens hoog van die vloer af op stene te laat staan, nl. om die tokkolossie in staat te stel om gemaklik onder

deur die bed te loop sonder om sy kop daarteen te stamp, wat natuurlik nadelige gevolge vir 'n persoon kan hê. Die eintlike rede vir hierdie gewoonte sou egter daarin geleë wees dat die Bantoes, vanweë die beperkte ruimte wat gewoonlik tot hul be= skikking is, die ruimte onder die bed as pakplek gebruik.

Bogemelde beklemtoon opnuut die gevaar dat 'n mens, vanweë ge= brekkige kennis en waarneming, haastige gevolgtrekkings kan maak waarin die een aspek verkeerdelik ten koste van die ander beklem= toon kan word. Die meeste outoriteite op hierdie gebied is dit egter eens dat die primitiewe kultuur en godsdiens van die Bantoe in die Stad nie geheel en al verdring is nie. Durand stel dit dan ook duidelik as hy sê: „Onder die dop van verwestering bly ook die ou wêreld van bygeloof, geeste en magie in een of ander vorm voortleef".[3] Met my navorsing het ek ook voldoende getuienis hiervan gevind soos breedvoerig in 'n vorige hoofstuk uiteengesit. Bedekte verering van die voorvadergeeste, toordery, ens., is selfs nie 'n onbekende verskynsel in die Christelike kerke in Batho nie.

Hierby kom natuurlik die waarheid dat die beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe aangehelp word deur die separatistiese kerke waar die skeidslyn tussen Christendom en die tradisionele godsdiens moeilik te trek is. Ons vind nl. onder hierdie kerke, soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangedui, 'n kragtige herlewing van die ou heidense gebruike en gewoontes. Dit word só vermeng met die Christelike Godsdiens dat die resul= taat nouliks of glad nie meer Christelik genoem kan word nie. Die gevolg is dat hierdie kerke nie net meer aanvaarbaar is vir baie Bantoes wat tegelyk Westers (beskaafd) wil wees en tog ook nog wil vashou aan sommige tradisionele godsdienstige gebruike nie, maar ook die oorsaak is dat sommige Bantoes met 'n Christelike agtergrond terugkeer na tradisionele godsdienstige gebruike. Vanweë die voortgesette beoefening daarvan in hierdie kerke, kan sommige Bantoes later net nie meer die roepstem weerstaan nie.

---

3) Durand, J.J.F., op cit., (1964), p.59.

'n Opgevoede Bantoe van die lokasie wat baie met hierdie kerke in aanraking kom, het dit treffend uitgedruk toe hy gesê het dat die bietjie van die Christelike Godsdiens wat hierdie kerke beoefen, bloot gedoen word om ook modern te wees.

'n Verdere argument wat aangevoer word waarom die Bantoes nog steeds vashou aan sekere elemente van die tradisionele godsdiens, is dat baie redeneer dat hul voorvaders slegs deur die beoefening van hul tradisionele godsdiens, sonder die Christelike Godsdiens, ryk was en gelukkig gelewe het. Dit sou dan vir baie voldoende rede wees om ook, net soos hul voorvaders, vas te hou aan die tradisionele geloof. Hulle assosieer dus rykdom, voorspoed en 'n gelukkige lewe met hul tradisionele godsdiens. Hul traagheid om die Christelike Godsdiens met volle oorgawe te aanvaar kan dan ook hieruit verklaar word.

Volgens vasgestel kan word het die separatistiese kerke in die gebied rondom Bloemfontein 'n groter aanhang onder die Bantoe as in die lokasie self. Die rede hiervoor is dat die Bantoe in die lokasie meer intensief deur die leraars van die erkende kerke be= arbei word as dié in die omgewing wat net periodiek deur leraars van die erkende kerke besoek word. Dit toon aan dat die invloed van die separatistiese kerke nie so groot is in gebiede waar die Bantoe intensief deur die erkende kerke bearbei word nie. Die teendeel is natuurlik ook waar, nl. dat die separatistiese kerke groot ingang tot die Bantoe vind waar erkende kerke hul roeping en plig versuim. Dit moet met spyt erken word dat bogemelde waarheid dikwels waar is van baie erkende kerke, met die gevolg dat die separatistiese kerke, wat reeds 'n groot aanhang onder die Bantoe het en steeds in populariteit onder hulle toeneem, hier= deur aangehelp word. Die erkende kerke kan dus deur hul ver= suim op hierdie gebied indirek meewerk ter bevordering van separatisme en daarmee ook die beoefening van die tradisionele gods= diens van die Bantoe.

Waar die geloof in magie by kerklidmate,wat dit nog beoefen, min of meer bedek gehou word uit vrees vir die kerklike leiding, verval

hierdie remminge by die persoon wat hom markties van die kerk losgemaak het en wat niks daarby kan verloor om in sy handelswyse teen die offisiële kerklike standpunt in te gaan nie. Die persen= tasie wat dit nog openlik beoefen is dan ook merkbaar hoër by die Bantoe-heidene as by kerklidmate.

(c) Die Tussengroep:-

Afgesien van die bogemelde twee uiterste groepe, kan ons ook in Batho 'n tussengroep onderskei wat ons weer gerieflikheidshalwe in twee groepe kan verdeel, nl. die onaktiewe kerklidmate en die parallelklas.

(i) Die onaktiewe kerklidmate:

Hierdie groep word daarin van die aanvaarde Christene onder= skei nl. dat, alhoewel hulle name ook op die lidmaatregisters van een of ander kerk verskyn en hulle wel ook gedoop is, hulle byna nooit enige kerkdiens bywoon nie, nooit enige by= drae aan hul betrokke kerk gee nie en oor die algemeen 'n on= verskillige en sondige lewe voer.

Aan die ander kant kan hierdie groep enersyds ook van die parallelklas, waarby ons later sal stilstaan, onderskei word aangesien hulle, ten spyte van hul kerklosheid en sondige lewe, nogtans sterk daarop staan dat 'n persoon wel lidmaat van een of ander kerk moet wees. Andersyds word hulle ook van die tradisionaliste daarin onderskei nl. dat, alhoewel sekere elemente van die beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe nog deur hulle beoefen word, dit egter nie meer so 'n prominenete plek in hul lewens inneem nie. Die beoefening van die tradisionele godsdiens het by hulle, deur hul geringe kennis van en kontak met die Bybel en die Christelike kerke en die eise wat dit aan 'n mens stel, verwater en verflou. In baie gevalle word die tradisionele godsdiens ook op 'n bedekte wyse deur hulle beoefen, aangesien die vrees by hulle bestaan dat hulle lidmaatskap, vanweë die algemene teenkanting van die kerke teen die tradisionele godsdiens, beëindig sal word en dit

wil hulle ten alle koste verhoed. Lidmaatskap van 'n kerk is dus vir baie nie slegs die mode nie, maar dit verleen aansien aan 'n persoon en bring hom in tel by andere. Dit word in 'n groot mate as 'n teken van beskaafdheid op prys gestel. Al wat die meeste van hierdie mense van die kerk vra is om deur die kerk begrawe te word.

Bogemelde hang saam met die gedagte waarna Durand verwys, nl. dat baie van die Bantoe die Evangelie sien as iets wat net betrekking het op die hiernamaals. Wat jou aardse bestaan betref is dit nie van beslissende betekenis nie.[4)]

'n Verdere aspek wat in hierdie verband genoem kan word is dat die kerk, volgens Durand, vir baie van hierdie mense 'n onafskeidbare deel van 'n Westerse lewenswyse is en word een of ander betrekking met 'n kerk gesien as 'n basiese norm vir beskaafdheid. Die probleem met die Christelik=heid van hierdie mense is dat dit vir 'n baie groot gedeelte aan diepte ontbreek. Dat die Christelike geloof nie maar net sekere uiterlike gedragspatrone veronderstel nie, maar 'n diepgrypende verandering teweegbring wat hom oor die hele lewenslinie laat geld, word slegs en ook nie altyd deur die klein minderheid van aktiewe kerklidmate besef nie. Vir hulle was die aanvaarding van die Christendom, of liewer die uiterlike vernis van Christelikheid wat hulle na buite wil vertoon deur hul lidmaatskap van een of ander kerk, slegs 'n tussenspel in hulle bestaan, 'n poort waardeur hulle toegang gesoek het na die Westerse wêreld. Dit hang saam met die beskouing dat die Christendom en die Westerse beskawing in die algemeen geïdentifiseer is.[5)]

(ii) <u>Die Parallelklas</u>:

Hier het ons met diesulkes te doen wat, volgens Bruwer, die uiterlike van die vreemde snoere wat tussen hulle geval het

---

4) Durand, J.J.F., op cit. (1964), p.64.

5) Durand, J.J.F., op cit. (1970), p.102.

aangegryp het maar die innerlike nie verstaan nie. „In die verterende maalstroom van verstedeliking en wanaan=passing in 'n vreemde kultuurmilieu, gaan die diepere mens=like waardes dikwels vir die Bantoe verlore. Sy eie volks=erfenis raak tot niet omdat hy nie meer binne 'n kultuur=kring beweeg nie. Nuwe waardes is daar nie, want hulle word nie begryp nie."[6]

Vilikazi beskryf hierdie mense soos volg: „They have thrown away traditional ways but have not put anything in their stead....... They are the amagxagxa who, like Bunyan's Christian, are wallowing in a confused cultural slough of despond. They have no set standards of behaviour, have not achieved any integration and their morality is convenience and/or expedience......... They are no more than pagans who have merely acquired the outward trapping of Western civilization but have missed the values inherent in the Western way of life .......... That amorphous flot=sam and jetsam of society which is neither Christian nor pagan in the sense of sharing the religious and cultural norms of either group".[7]

Waar sommige van die kerklidmate, soos reeds aangetoon, die kerk en die Christendom gebruik om toegang te verkry tot die Westerse beskawing, het daar by hierdie mense weer 'n skeiding tussen die Christendom en die Westerse beskawing plaasgevind waarby die aanvaarding van 'n Westerse lewenswyse nie nood=wendig Christen-wees impliseer nie. Die gevolg is 'n totale ignorering van die kerk. Om hierdie rede vind daar dus 'n stadige wegdrywing van die kerk af plaas.

3. Die betekenis van die verskillende kerklike denominasies vir die Bantoe-Christene van Batho.

Ek het reeds daarop gewys dat sendingwerk die moeite werd is veral vanweë die veranderinge wat daar in die lewe van 'n persoon te bespeur

---

6) Bruwer, J.P., op cit. (1961).

7) Vilikazi, A., „A Reserve from within" in „African Studies," 16,2, 1957.

is nadat hy of sy tot bekering gekom het. Dit geld ook t.o.v. Batho. Ook hier word, soos reeds vroeër breedvoerig aangetoon, ware bekeer= linge, hoewel nog in die minderheid, aangetref wat, naas die invloed wat regstreeks van die Blankes uitgegaan het, toegeskryf kan word aan die volhardende en doelgerigte arbeid van die verskillende kerklike denominasies. Die resultate van die geestelike bearbeiding van die Bantoe deur die kerke word des te meer merkwaardig as daaraan gedink word dat die Bantoe slegs 'n bietjie meer as honderd jaar gelede ruwe barbare en heidene was. Die groot getal kerke in Batho wat reeds, oor die algemeen geneem, tot 'n groot mate selfstandig, selfonder= houdend en selfuitbreidend is, is hiervan 'n bewys. Daarby moet onthou word dat die ontsluitingsproses of omvormende werking van die Evangelie 'n geleidelike (langsame) proses is.

Die kerkgeboue is gewoonlik die bymekaarkomplekke van die Bantoe. Dit is hul geestelike, maatskaplike en kulturele sentrums, Die kerk is vir die Bantoe-Christen dus veel meer as net 'n kultusgemeenskap, as 'n groep van mense wat op sekere tye byeenkom om godsdienstige hande= linge te verrig. Die kerklike gemeenskap vorm die oorkoepelende dak waaronder hy hom nie alleen sosiaal nie, maar ook bv. estetics in same= sang en koorsang uitleef.

Sundkler skryf in hierdie verband treffend soos volg: „For all these thousands, the independent Bantu Church, however weak, takes a central place in their lives and is a (temporary) home for their souls. .......The Church follows them, caring for them in the crises of life. Ill-health is rampant in the City, and Zionist prophets gather crowds in the hovels of the slum or out on the veld to pray for the sick and drive out demons. ...... And death comes to the Bantu location. It comes often. Then the Church is close at hand, and its fellowship, in a strange and bitter world, is reassuring and full of warmth".[8)]

'n Treffende voorbeeld, naas die vanselfsprekende op die geeste= like vlak, van die positiewe betekenis en invloed van die kerklike denominasies op die alledaagse lewe van die inwoners van Batho is nl.

---

8) Sundkler, B.G.M., op cit. p.85

dat, volgens 'n Bantoesersant van die S.A. Polisie, sekere kerke, bv. die „Assembly of God", hul lidmate aanspoor om gesteelde goedere terug te gee. Wanneer gesteelde goedere dan ook teruggebring word, word dit deur die betrokke predikant na die polisiestasie geneem waar daar dan ook gepleit word dat die betrokke persoon, wat die goedere gesteel het, nie in hegtenis geneem moet word nie. In baie gevalle word sulke persone dan ook tegemoet gekom. Die kerklike diens van barm= hartigheid, waarby hulpbehoewende Bantoes op materiële gebied gehelp word, is 'n verdere voorbeeld in hierdie verband.

Met bogemelde voorbeelde van die betekenis en invloed van die kerke op die lewe van die inwoners van Batho, wil ek egter met hierdie aspek volstaan, aangesien ek reeds vroeër in hierdie hoofstuk (2(a)) by die behandeling van die „aanvaarde Christene", breedvoerig stilgestaan het by die radikale verandering wat op alle terreine van die Bantoe se lewe intree by sy bekering a.g.v. kerklike bearbeiding.

4. Stremmende Faktore:-

Afgesien van die positiewe invloed van die kerke op die lewe van die inwoners van Batho, waarby ek tevore breedvoerig stilgestaan het, kan die oë egter nie gesluit word vir die skynbare onvermoë van die kerke om die grotere massas te bereik, by hul aktiwiteite te betrek en te aktiveer vir die Christendom nie. Wat meer is, terwyl die kerke enersyds hard besig is om die heidene te probeer bereik, is daar agter hul rug 'n nuwe heidedom aan die ontwikkel. Hiermee verwys ek nie slegs na die separatiestiese kerke en die herlewing van die ou heidense gebruike nie, maar ook na die geleidelike ontkersteningsproses onder die Bantoe-Christene en ander kerklidmate. Die volgende faktore werk daar= toe mee:

(a) Omstandigheids- of Primêre faktore:

In Hoofstuk IV het ek reeds verwys na 'n aantal van die belang= rikste struikelblokke wat die kerke by die bearbeiding van die inwoners van Batho ondervind, nl. Drankmisbruik; Misdaad, Bendes, Dagga en Dobbel; Onsedelikheid; Literatuur. Daar is ook op gewys dat die beoefening van die tradisionele godsdiens, uit die aard van die saak, 'n stremmende faktor in hierdie ver= band is.

154/.....

Bogemelde faktore kan gerieflikheidshalwe geklassifiseer word as omstandigheids- of primêre faktore. Omdat ek reeds breed=voerig daarby stilgestaan het, wil ek hier slegs volledigheids=halwe daarna verwys. Daar is egter twee verdere omstandigheids=faktore wat stremmend inwerk op die kerstening van die Bantoe waaraan ek nou aandag wil gee,nl. die separatistiese kerke en die verskeurdheid van die kerke:

(i) Die separatistiese kerke:-

Ek wil hier nie weer breedvoerig ingaan op die aard en die wese van hierdie kerke nie, aangesien dit reeds in die vorige hoofstukke volledig gedoen is. Hier wil ek net aan die hand van die Tomlinson-verslag samevattend wys op die nadele van hierdie kerke nie net vir die Christelike Sending nie, maar ook vir die algemene heil van die Bantoe. Die Tomlinson-verslag stel dit soos volg:
„Anti-Blanke agitasies en bevordering van kommunisme; nimmer-eindigende verdere sekte-vorming en kerklike ver=brokkeling; verswakking van die krag van die Christendom; gebrek aan kerklike dissipline; verlaging van die sede=like en godsdienstige standaarde in die geledere van die sektes; eienaardige en absurde vorms van kerklike liturgie en ritusse; 'n toestand van verwarring en verbystering in die gemoedere van die Bantoe; simonie of kommersiali=sering van die Evangelie deurdat kruise, herderstawwe, stokke, serpe, mantels en heilige water aan lidmate onder valse voorwendsels verkoop word; bedrieëry onder die dek=mantel van godsdiens deur byvoorbeeld te kollekteer vir die oprigting van kerkgeboue wat gladnie gebou of ooit opgerig sal word nie; uitbuiting en misleiding van onkundige Bantoe deurdat Blanke toesig ontbreek; verafgoding van sekte-leiers deurdat bonatuurlike magte en onfeilbaarheid aan hulle toegeskrywe word; onenigheid en verwarring onder die Bantoe (verdeel en heers); korrupte uitleg van die Bybel en verdraaiing van Bybeltekse en -waarhede; ondermyning

155/.....

van die werk van sendingbedrywende kerke deur wantroue en argwaan te saai en teenstand by die Bantoe teen hulle aan te wakker; teenkanting teen verbeterings- en ontwikkeling= skemas van die Staat".[9]

Wat die leiers van hierdie kerke betref, meld die Tomlinson-verslag soos volg: Hulle dien tot uitbuiting en korrupsie van die godsdienstige lewe van die Bantoe. Elke Jan Rap en sy maat wat maar net 'n boordjie agterstevoor aan het, kan tog nie toegelaat word om op te tree as die versorger van die siele van mense nie. Hierdie mense kan nie die Bantoe moreel, geestelik en andersins ophef nie. Water kan tog nie hoër styg as sy eie oppervlakte nie.
Hulle het geen opleiding nie; meestal 'n swak karakter; dislojaal teenoor die Staat; onkundig t.o.v. die grond= waarhede en beginsels van die Christendom; selfsugtige en persoonlike parogiale motiewe is by hulle op die spel - as gevolg waarvan hulle gekenmerk word deur afsydigheid en gebrek aan samewerking met ander erkende Bantoekerke.[10]

(ii) Die verskeidenheid en verskeurdheid van die kerke:-

Navorsing het aan die lig gebring dat die groot verskeiden= heid van Christelike kerke, waarvan byna elkeen die Christe= like Boodskap op sy eie manier verkondig, 'n faktor is wat aanleiding gee tot groot verwarring onder die inwoners van Batho. Die groot verskeidenheid van kerke en die onderlinge verskille van aksie en reaksie tussen die kerke, wat steeds met verloop van tyd verdiep en verbreed, kan deur die Bantoe nie versoen word met die feit dat daar maar net één God, één Bybel, één Christus, één Evangelieboodskap wat vertel van naasteliefde en dat almal één in Christus is, één hemel waarna almal gaan wat Hom in die geloof aanvaar, ens., is nie. Dat die wesentlike eenheid van die kerk veral 'n geestelike eenheid is, verstaan hulle nie. Die Bantoe ken,

---

9) Tomlinson-verslag, op cit. Hoofstuk 40.
10) Ibid.

wat sy tradisionele geloof betref, nie so 'n verskeidenheid nie. Waar die tradisionele geloof deur al die lede van die stam nagekom en beoefen is en dus die gemeenskap saamgebind het, het die kerke in Batho nog geensins bewys dat daar van hulle dieselfde invloed uitgaan nie. Volgens baie kenners is die Christelike kerk in sy huidige toestand van verdeeld=heid nie in staat om die Bantoe te dien nie en kan die Chris=telike Godsdiens wat deur hierdie verskeidenheid kerke gebring word nie die gewenste sanksie op die sosiale orde van die Bantoe hê nie.

Bogemelde toestand word nog vererger deur die verskeurdheid van die kerke a.g.v. interkerklike konkurrensie en wedersyd=se beswaddering waarby dan gretiglik op mekaar se eensydig=hede en verspottighede geteer word. Van der Merwe wys dan ook in hierdie verband daarop dat verskeurdheid by die sendende kerke 'n spoorslag is tot separatisme op die sendingveld en dat separatisme in die gebiede waar daar gebrekkige inter=kerklike samewerking was, meer gefloreer het as in gebiede waar daar 'n hegter eenheidstrewe tussen die sendende kerke bestaan het.[11)]

Dit is egter, soos reeds in Hoofstuk IV aangedui, prysens=waardig om te meld dat navorsing aan die lig gebring het dat die verskillende erkende kerke in Batho goed saamwerk en dat dit met die tyd verbeter. Dit kan egter ongelukkig nie van die separatistiese kerke gesê word nie. Pauw merk in hierdie verband die volgende op:

„It must be stressed, however, that these cleavages and cohesions are of a subtle nature and do not rule out easy contacts and co-operation between churches representative of widely different types. It cannot be denied, moreover, that the Bantu Christians often do not understand and appre=ciate the significance of the historical divisions between

---

11) Van Der Merwe, W.J., op cit. p.80

the different churches of European origin which are of the same type, but a new traditionalism seems to be arising in connection with the divisions between the older churches, making the disappearance of these divisions improbable".[12]

(b) Omgewings- of Sekondêre faktore:-

Naas die bogemelde omstandigheids- of primêre faktore, dien daar verder op gewys te word dat daar ook omgewings- of sekondêre faktore is wat, indien dit verbeter sou kon word, dit nie slegs die werk van die kerke oor die algemeen sal vergemaklik en be= vorder nie, maar ook die uitbreiding van die Christendom onder die inwoners van Batho geweldig ten goede sal kom. Ek wil nou kortliks, na aanleiding van my navorsing, slegs by enkele van hierdie faktore stilstaan:

(i) Oorbewoning.

Ek het reeds in Hoofstuk II breedvoerig hierby stilgestaan en ondermeer daarop gewys dat oorbewoning van wooneenhede op 'n groot skaal in Batho voorkom. Hier wil ek slegs die lig laat val op die gevolge wat oorbewoning het op die geestelike lewe van die inwoners van Batho. Oorbewoning belemmer die huweliks- en gesinslewe. Die vader en moeder deel meesal 'n slaapkamer met hul kinders en soms ook met buitestaanders,met die gevolg dat die ouers geen privaatheid kan geniet vir die bespreking van familie probleme asook hul intieme verkeer nie. Alles moet, vanweë omstandighede, in die teenwoordigheid van kinders of buitestaanders gebeur wat lei tot afstomping en vernietiging van hul selfrespek. Kinders word so ook reeds vroeg in hul lewe seksbewus en dit lei dikwels tot onsedelikheid. Die gesinslewe word ook ontwrig deur die ewige teenwoordigheid van loseerders en andere wat dieselfde wooneenheid bewoon. Hierdeur gaan die eenheid van die gesin-, die ouerlike gesag asook die opvoeding van die kinders verlore. Wanneer iemand kom

---

12) Pauw, B., Religion in a Tswana Chiefdom, p.110.

kuier is die huis nog meer vol en moet die kinders altyd na buite gaan. Hulle word dus van kleins af geleer om uithuisig te wees wat weer jeugverwildering en jeugmisdaad in die hand werk. Nou is dit 'n welbekende feit dat die gehalte van die gesinslewe die gehalte van mense wat die volk voortbring en dus ook die gehalte van die volk self bepaal. Gemeet hieraan is die gemeenskap van Batho tot 'n groot mate van 'n swak gehalte. Die probleem van oorbe= woning in Batho help beslis daartoe mee om 'n bandelose jeug en 'n ontevrede en gefrustreerde gemeenskap te skep wat, van= weë hul gemoedstoestand, baie ontoeganklik is vir kerklike en godsdienstige beïnvloeding.

(ii) Armoede en die geldjag:

Die inwoners van Batho leef nie op 'n besonder hoë peil nie. Volgens Kruger (1963) verdien verreweg die grootste persentasie (74,4%) van die inwoners van Batho onder R30 per maand.[13)] Die lae besoldiging van die Bantoe maak dit noodsaaklik dat sowel man as vrou vir die grootste deel van die dag moet werk in 'n poging om liggaam en siel aan mekaar te hou. Die kinders is dus vir die grootste gedeelte van die dag aan hul eie en andere se genade oorgelaat. Ek sien dit as een van die grondoorsake van die tsotsi-bendes. Geldelike oorwegings is dan ook een van die grootste redes waarom baie inwoners van Batho met die kerk breek of nooit aktief daarin word nie. Durand skryf in hierdie verband soos volg oor die Stadsbantoe: „Opgeneem in die stad se onverbiddelike wedywering op die arbeidsmark en in die alge= mene geldjag, word sy houding steeds meer pragmaties, indivi= dualisties en materialisties met die motto: elkeen vir hom= self. Die totaal van verwestering beteken dus vir hom slegs materiële welvaart. Dan kom nog ook die argument dat die kerke dikwels deur hul oordrewe klem op die bydraes van lidmate - alles baie keer net daarom gaan terwyl die

---

13) Kruger, P.J.H., op cit., p.109

geestelike verwaarloos word - baie Bantoes afstoot en die kerk laat verlaat.[14)]

Dit dien hier opgemerk te word dat geldelike oorwegings ook een van die redes is waarom baie Bantoes nie terugkeer na die beoefening van die tradisionele godsdiens nie. Die voor=vadergeeste eis bv. dat daar by sekere geleenthede 'n dier geslag moet word (by geboorte van 'n kind of by 'n begrafnis) en hiervoor sien hulle nie kans nie want dit kos geld.

Durand wys voorts daarop dat geld vir die Stadsbantoe die laaste steunpunt en sekerheidsgrondslag in die onstabiele stadslewe geword het.

„Daarom mag dit ons ook nie verbaas dat ons in die geldfaktor by baie van hierdie mense die knooppunt vind tussen die Westerse materialisme en die tradisionele wêreldbeeld nie. Geld is meer as 'n dooie ruilmiddel. Dit is 'n draer van krag en dan nie bloot in 'n oordragtelike sin nie. Geld as sodanig, die klinkende munt en die krakende noot, kry by uitnemendheid die trekke van 'n magiese middel".[15)]
So sal 'n mens dan ook Bantoes kry wat nooit sonder 'n muntstuk in sy sak of iewers by sy huis is nie. Die rede hiervoor volgens hulle is: geld roep geld.

(iii) Die invloed van die Blankes:

Die identifikasie van die Blankedom en Christendom het al ontsaglik skade aan die sendingsaak in Suid-Afrika gedoen. Dit het enersyds die weerstand van die Bantoe opgeroep teen die Christendom en andersyds is die onchristelike lewens=wyse van die meerderheid Blankes as die normale Christelike lewens wyse aanvaar en oorgeneem. Die Stadsbantoe staan tog immers met sy lewensontplooiing binne die direkte in=vloedsfeer van die Westerse beskawing en dit is 'n vanself=sprekendheid dat hierdie ontplooiing in dieselfde bane sal

---

14) Durand, J.J.F., op cit., (1970) p.114

15) Ibid. p.116

beweeg as die Westerse beskawing. So byvoorbeeld dra die Westerse gesin met sy onstabiele grondslag en hoë egskei= dingsyfer nie veel daartoe by om die Bantoe in sy stryd te help nie. Die gevolg is liefdelose huwelike, jeugmisdaad, ens. So kan talle voorbeelde soos kerklosheid, misdaad, oneerlikheid, onsedelikheid en alle ander onchristelikhede genoem word. Dit is 'n groot stremmende faktor in die werk van die kerke in Batho omdat sulke Blankes 'n skewe en een= sydige beeld van Westerse kultuur, waarby die Christendom ook geassosieer word, weergee. Die Bantoe redeneer dikwels ook dat die Blanke, vanweë die optrede van sekere Blankes, hom nie 'n bestaansreg gun nie. Hy kry dikwels in die daag= likse lewe net die slegste van die Blanke, die agterdeur, die gebarste koppie en die oorskiet kos, ens. Hy kan dan nie aanvaar dat die Blanke hom, wat sy geestelike lewe be= tref, die beste sal gee en dit eg met hom bedoel nie.

Die feit dat die sendingveld in Suid-Afrika tot 'n groot mate aan die drumpel van die tuisfront lê, vergemaklik aan die een kant die afstandsprobleem en skep dit ruim geleentheid vir die kersteningsproses. Aan die ander kant bring dit heelwat hindernisse mee. Wanneer Blankes en die Bantoe mekaar in die gewone gang van die lewe ontmoet, in die werk en op straat, kom daar maklik wrywing en maak dit die ker= stening van die Bantoe nie meer so romanties nie.

Naas die negatiewe gevolge wat die ontmoeting tussen die Westerse kultuur en die Bantoe kultuur gehad het, moet ons egter ook die positiewe hiervan raaksien. Dit behels o.a. die bevryding van die Bantoe uit die slawerny van 'n natuur= gebonde lewe. Hierin het die Evangelie deur middel van die sendingprediking 'n groot rol gespeel.

Die Tomlinson-verslag stel die verantwoordelikheid van die Blankes teenoor die Bantoe soos volg: „Dit is aksiomaties in die Christelike denke van Suid-Afrika dat dit deur 'n daad van die Hoër Hand so gekom het dat die Blankes hulle in Suid-Afrika moes vestig. Verder word ook aanvaar dat daar

'n geweldige verantwoordelikheid op die skouers van die Blankes gelê is. Hieruit volg ook dat die groot taak van die opheffing en ontwikkeling van die Bantoe nie as 'n pro=bleem nie maar as 'n roeping aan die Blankes opgedra is. Dit is dan die kerke se taak om gedurig die erns van hul roeping by die Blankes in te skerp.

Dit bring meteens met sig mee dat die Suid-Afrikaanse volk sal moet besluit dat nie hul persoonlike gevoelens, vooroor=dele of miskien selfsugtige motiewe nie, maar die soewereine wil van Bo die deurslaggewende norm sal wees. Geen gees van defaitisme of egoïsme kan geduld word nie. 'n Gesindheid van offervaardigheid, en toewyding aan hierdie groot taak moet voortdurend gekweek word. Dit moet aanvaar word dat 'n nasie en 'n volk 'n Goddelike skepping is - 'n gegewene wat nie geïgnoreer of as 'n middel tot 'n selfsugtige of materialistiese doel gebruik mag word nie, maar as 'n doel in homself gesien moet word. Die volkslewe van die Bantoe moet nie meer versnipper maar opgebou en verstewig word.

Die Suid-Afrikaanse Christendom sal daartoe moet kom om te beoefen wat hulle bely naamlik dat daar geen lewe is sonder 'n offer nie; geen oorwinning sonder 'n kruis; en dat 'n volk sonder 'n roeping 'n volk sonder 'n toekoms is, maar dat 'n volk wat sy roeping vervul, onvernietigbaar is, want: '....... die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.'" 16)

(iv) Gebrek aan aansluiting (aanpassing) by die Bantoekultuur:

Dikwels maak kerke in hul pogings om die Bantoe te kersten van metodes gebruik wat nie alleen die felle kritiek in sendingliteratuur verdien nie, maar wat ook, Volkekundig gesien, onvergeeflik is. Dit bring die volk wat bearbei word eerder in verset as tot bekering. Hier dink ons bv. aan die metodes wat òf 'n totale verwerping van die kultuureie

---

16) Tomlinson-verslag, op cit., Hoofstuk 40.

van die Bantoe impliseer òf die radikale verskil tussen die Christelike Openbaring en die nie-christelike godsdiens uit=wis.

Eersgenoemde metode is niks anders as 'n miskenning van die eiesoortigheid en anderswaardigheid van die volkstradisie van die Bantoe nie. Dit is 'n insleping van mense in 'n aan-hulle-vreemde-struktuur en milieu wat alleen maar ont=wortelde, wanaangepaste, gefrustreerde en opstandige mense tot gevolg kan hê. Die volksgees het hom in die geskiede=nis nog altyd verset teen vernietiging van sy tradisie en volkspersoonlikheid.

Wat laasgenoemde metode betref moet gemeld word dat die radikale andersheid van die Christelike Godsdiens onder geen omstandighede uit die oog verloor mag word nie. Die waarheid en die wese van die Woord van God en die Christelike boodskap mag nooit aangetas, geweld aangedoen word nie.

'n Middeweg tussen die bogemelde twee uiterste metodes blyk die regte te wees. Dit word o.a. gekenmerk deur Bybelse realisme en adaptasie. Eersgenoemde behels dat die heiden steeds beskou word as afval van God, mense wat in dwaling verkeer en wat die waarheid onderdruk en in 'n leuen verander het. Daarom het God vir hulle 'n onbekende God geword. Laasgenoemde weer behels dat daar aansluiting gevind word by die gewoontes en gedagtewêreld van die Bantoe.

In die breë lê die moontlikheid van aansluiting by die kul=tuureie van die Bantoe, as 'n metode van sendingaksie, na sy diepste wese opgeslote in die menswees van die Bantoe by name in die twee begrippe: die skepping na die beeld van God en op grond van die Algemene Openbaring. In verband met die eerste begrip kan ons opmerk dat die mens, hoe diep gesonke ookal, nog altyd tot God in 'n betrekking staan nl. van beeld tot oerbeeld. Kragtens sy skepping na die beeld van God is daar in elke mens 'n ideële en materiële appa=raat wat gebruik kan word (met of sonder verandering) vir sy christenmens-wees.

163/....

In verband met die tweede begrip kan opgemerk word dat die heidenmens tot 'n sekere hoogte vir God en Sy wil ken krag= tens Gods Algemene Openbaring.

Dit bring ons onmiddellik by die vier beginsels wat dit moontlik maak om, by die kerstening van die Bantoe, aan= sluiting by en toegang tot hul kultuur te vind nl.

(a) Kulturele Universalia beginsel:-

Hoewel kultuur eintlik bestaan uit 'n verskeidenheid kulture wat die lewensgestalte is van 'n verskeiden= heid volke, versprei in ruimte en mekaar opvolgend in tyd, is daar tog 'n groot ooreenstemming in algemene struktuur en vorm van die kulture van die wêreld en vermoedelik ook van alle tye. Dit geld t.o.v. die fundamentele aspekte van kultuur soos Godsdiens, ekonomiese organisasie, sosiale organisasie, ens.

Eintlik kom dit dus daarop neer dat dit in werklikheid deur middel van 'n klemverskuiwing doeltreffende aan= passing tot gevolg sal hê. Dink maar bv. aan die huweliksluiting. Vir die Bantoe gaan dit hier in die eerste plek om die baarkrag van die vrou en nie soseer om haar persoon (liefde) nie. Daarom, as 'n vrou onvrugbaar is, moet iemand anders haar plek inneem. By die Christen is dit net presies andersom. Liefde word hier voorop gestel.

(b) Die Kulturele fokus beginsel:-

Dit is 'n feit dat sekere kulturele aspekte makliker ver= ander en vinniger ontwikkel as andere. Dit is nl. dié aspekte waarin 'n volk meer belangstel, meer bespreek en waaroor hulle meer toegeeflik is t.o.v. nuwighede.

(c) Die beginsel van reïnterpretasie:-

Dit veronderstel dat nuwe gedagtes meer aanvaarbaar is vir 'n volk wanneer dit in ou vorme aangebied word.

M.a.w. nuwe patrone moet eers gewysig word om by ou, bestaan vorme te kan inpas.

(d) Die beginsel dat kultuur aangeleer word:-

Kultuur word aangeleer en nie aangebore nie. Na ge=boorte van elke kind volg hy die moeisame proses van kultivering van liggaam en gees waardeur hy aan tug, orde en reëlmaat onderwerp word. Dit is 'n gestadige kon=disioneringsproses waaraan elke nuweling onderwerp word om hom in staat te stel om allengs as mens sy plek naas andere in te neem. Bogemelde beklemtoon opnuut die noodsaaklikheid van die geestelike bearbeiding van die kind deur die kerke.

Ek wil dus hier weer herhaal wat ek reeds vroeër opge=merk het nl. dat die kerk, met die oorname van die dag=skole deur die Staat, soos ook in Batho die geval is, 'n arbeidsterrein verloor het wat moeilik deur ander terreine vervang sal kan word. Sommige van die predikante van Batho dien nog wel op die skoolkomitees, maar die direkte beheer en toesig het met die oorname grotendeels verlore gegaan.

Ek wil hier graag, ter illustrasie, wys hoe 'n heidense gebruik soos die inisiasieskool deur die kerke wat onder die Bantoe werk, aangegryp kan word en met 'n Christelike inhoud gevul kan word.

Daar is heelwat ooreenkoms tussen die inisiasieskool en die katkisasieklas. Die materiaal waarmee beide in=stellings werk, is dieselfde, nl. die jong kind wat die rypende jare bereik het. Die taak is identies, om die fisiek en psigies onvolwasse mens voor te berei vir sy posisie as mondige in die samelewing. Die inisia=sieskool het natuurlik meer die maatskaplike toerusting in die oog, terwyl die katkisasie hom rig op die kerk=lik-godsdienstige. Daarby maak albei gebruik van siel=

kundige faktore, veral van die feit dat die kind in 'n ontvanklike oorgangsfase verkeer.

Daar is nog ander analogieë wat ons kan opnoem. Die inisiasieskool laat spreuke, offerliedere en stamwette memoriseer, die katkisasie laat Bybeltekste, vrae en ge= skiedenis leer. Die eerste streef na 'n groepgees by 'n sekere skild-of leeftydsgroep; die tweede kweek die gemeenskap van die heiliges en die eenheid van die kerk van Jesus Christus. Die inisiasieskool staan vir 'n sim= boliese afsondering en die onttrekking aan die maatskappy; die katkisasie beklemtoon afsondering van 'n sondige wêreld en toewyding aan God. Ons moet dadelik byvoeg dat ten spyte van die parallellisme, beide instellings natuurlik op volkome verskillende vlakke beweeg. Feit is egter dat die inisiasieskool nie 'n kulturele gebruik is wat onderdruk of afgebreek hoef te word nie, maar beslis 'n instelling is waarvan met groot vrug gebruik gemaak kan word deur die gebruik te behou en dit geleidelik te vul met 'n Christelike inhoud. Dit word dan ook be= weer dat onsedelikheid toegeneem het waar die inisiasie= skool in verval geraak het en dat die tsotsi's ontstaan uit Bantoeseuns wat nie aan die volgende ouderdomsgroep in hul stam georiënteer geraak het nie.

Dit sal dus die taak van die kerk wees om met groot ywer die kultuur van die inwoners van Batho te bestudeer en te ken sodat hy met sorg en oorleg kan sif onder die talle kulturele aspekte ten einde te bepaal waarby hy kan aan= sluit en waarby nie.

Wat die aanpassing van die Christendom by die kultuur= eie van die Bantoe betref, wys die Tomlinson-verslag daarop dat die uitlewing van die Christelike Godsdiens nie dieselfde patroon by alle volke volg nie. Die Bantoevolk met sy verskillende kultuuragtergrond en leefwyse moet nie noodwendig in alle opsigte eers ver=

westers word ten einde 'n gekerstende volk te wees nie. Dit is dus moontlik om eventueel 'n Bantoebeskawing en 'n Bantoe-uitlewingsvorm van die Christelike Godsdiens te hê.

Dit is noodsaaklik dat, indien die Bantoe gekersten, beskaaf en ontwikkel moet word, die Blankes wat onder hulle werk intiem vertroud moet wees met die taal, ge= woontes en tradisies van die Bantoe, en nie destruktief nie maar opbouend te werk sal gaan ten opsigte van wat goed en waardevol daarin is.

Sekere ou Bantoekultuurgoedere moet uitgeskakel word, maar ander moet weer behoue bly. Die kerke sou wou sien dat die volgende sal verdwyn: Toordery; uitruikpraktyke; leuentaal; minderwaardige posisie van die vrou; oor= matige gebruik van Bantoebier en gevolglike dronkenskap; voorvadergeeste-aanbidding; heidense praktyke in ver= band met die stamskole; poligamie; leviraat- en soro= raatinstellinge in verband met die huwelik; waak by lyke; heidense begrafnisritusse en roubedryf; feeste vir die dooies; bygelowe; vrugbaarheidstoets vóór die huwelik; oordrewe en ekstatiese emosionalisme; heidense danse en daarmee gepaardgaande promiskuïteitsgebruike; doodmaak van tweelinge en van kinders wat met tande ge= bore is; seremonies wat met reënmaak- en vrugbaarheids= ritusse verbind is; migrasieneigings veral by die Bantoemans.[17)]

„Daarenteen sal hulle graag wil sien dat alles wat nie in stryd met die Christelike Godsdiens en die gewone wel= voeglikheid is nie, moet bly. Onder andere moet veral die volgende gehandhaaf en, indien moontlik, verder ontwikkel word: Handvaardighede en tuisnywerhede; taal van die Bantoe; gehoorsaamheid aan en eerbied vir ouers,

---

17) Tomlinson-verslag, op cit. Hoofstuk 40.

seniors en owerstes; liefde vir sang, ritme en musiek; lobola (indien aantal vee beperk word en voorvadergeeste-aanbidding uitgesluit word, en die huwelik ook kerklik ingeseën en offisieël geregistreer word); die kommune-gees en -gesindheid van die Bantoe; die familiesisteem en -instellinge; die versorging van wese en hulpbehoe=wendes; die godsdienssin; die stam- en kapteinstelsel ('n paar kerke is teen laasgenoemde gekant)".[18]

„'n Punt wat deur 'n hele aantal kerke sterk beklemtoon word, is dat die Bantoe self moet bepaal wat verwyder en wat gehandhaaf moet word in verband met hul ou kul=tuurgoedere en dat dit op generlei wyse van buite op hulle afgedwing moet word nie. ........ Dit sal dan die taak van veral die Bantoekerke en -owerhede wees om sulks te doen. Bowendien het die Christelike Godsdiens die uitwerking om wat vuil en sleg is te elimineer, en om wat skoon en goed is te sublimeer, sodat deur 'n proses van ontwikkeling 'n eie Christelike Bantoekultuur uiteinde=lik sal uitkristalliseer".[19]

---

18) Tomlinson-verslag, op cit. Hoofstuk 40.

19) Ibid.

# HOOFSTUK VII

## SLOT: GEVOLGTREKKINGS EN AAN=BEVELINGS.

### 1. Gevolgtrekkings:-

Die doel van hierdie studie, soos in Hoofstuk I nader omskryf, is om 'n uiteensetting te gee van die godsdiensbeoefening van die Bantoe in Batho. Dit behels, soos aangedui, die beoefening van die Christe=like Godsdiens sowel as die tradisionele godsdiens van die Bantoe deur die inwoners van Batho-lokasie.

Wat die beoefening van die Christelike Godsdiens deur die inwoners van Batho betref, en dan veral soos dit beoefen word onder leiding van die verskillende kerklike denominasies, wys alle aanduidinge daarop, soos breedvoerig in Hoofstukke IV en VI uiteengesit, dat die Christen=dom wel ingang gevind het in die harte en lewens van baie en dat die arbeid van die kerke op hierdie gebied dus nie tevergeefs was nie. Alhoewel die werk op geestelike vlak stadig vorder en die getal wat as ware Christene gereken kan word nog by verre in die minderheid is, was en sal die verkondiging van die Evangelieboodskap aan die heidene in Batho altyd die moeite werd bly. Hiervan is die Bantoes in Batho wat met volle oorgawe en toewyding die Christendom aanvaar het en wie se lewe 'n waarneembare verandering ten goede ondergaan het, voldoende be=wys.

Naas die bogemelde groep, wat 'n mens onwillekeurig tot groot dank=baarheid stem, is dit egter verontrustend dat, soos samevattend in Hoofstuk VI uiteengesit, dit by baie kerklidmate in Batho eintlik net gaan om die kerkgang, die maandelikse bydrae en ander uiterlike ver=pligtinge. Hierdie mense het, alhoewel hulle kerklik aktief meeleef, in werklikheid nog nie die Christendom in die ware sin van die woord aanvaar nie en het daar, wat hul innerlike betref, nog geen verandering of vernuwing plaasgevind nie. Hierdie groep vorm dan ook die meerder=heid van die getal gereelde kerkgangers.

Hierby moet daar ook gewys word op 'n verdere groep inwoners van Batho, soos in besonderhede bespreek in Hoofstuk VI, wat die meerder=

heid van die inwoners van Batho uitmaak. Hulle is skynbaar nog ge=heel en al onaangeraak deur die Evangelieboodskap. Lidmaatskap van die een of ander kerk word nog deur hierdie mense om persoonlike redes as noodsaaklik beskou en die meeste van hulle is selfs in die een of ander kerk gedoop, maar dit is sover as wat hul belangstelling in die Christelike Godsdiens strek. Hulle word nooit in 'n kerk gesien nie en hul lewe is, oor die algemeen geneem, een van onverskilligheid en sondigheid.

Hierdie mense is, soos aangetoon, nie slegs onaangeraak deur die Christendom nie, maar hulle het ook tot 'n groot mate die tradisionele godsdiens prys gegee. Ons moet onthou dat die Bantoe se sosiale orde gebaseer was op en bestendig gehou was deur hulle tradisionele op=vattinge en praktyke. Aangesien hierdie tradisionele geloof nou ook tot 'n groot mate verval het en die nuwe godsdiensvorme (Christendom) nog nie deurgedring het tot en deur die Bantoe geassimileer is nie, het dit tot gevolg ontankerde, ontwrigte, verwarde, onsekere, wanaan=gepaste en gefrustreerde mense. Van die gesinslewe bv. het daar weinig oorgebly en ons vind by hulle 'n nuwe sedeleer, buite-egtelike verbintenisse en kinders, 'n vrye liefde, 'n ongebonde hartstog, roekelose losbandigheid, ens., alles oorsake van 'n gebrek aan ware godsdiens. Die verderflike invloed wat hierdie mense op die hele ge=meenskap van Batho het,is maklik te verstane.

Met die verval van die verwantskapsgroepe en ook a.g.v. die heterogene samestelling van die bevolking van Batho, is daar ook geen sprake van 'n gemeenskapsopvoeding nie en ook nie van gemeenskapsbeheer nie, wat so 'n belangrike element was in die bepaling van die kind se lewenspatroon onder stamtoestande.

Hierdie ontankerde mense val ook maklik tot prooi van kwaadwillige invloede. Van der Merwe skryf in hierdie verband ondermeer soos volg:

„In die stad, waar stamlojaliteite verswak, maak die Pan-Afrikanisme, wat 'n Afrika-eenheid oor etniese grense heen beoog, sy grootste vordering. Hier waar verskillende bevolkingsgroepe met mekaar op een arbeidsmark meeding en in die daaglikse lewe dikwels deurmekaar beweeg terwyl vele wanaangepas is in 'n omgewing wat vir hulle vreemd is, loop die span=ninge tussen verskillende bevolkingsgroepe soms hoog.

170/.....

Al-Afrikanisme en Kommunisme soek dikwels om die rasse-antipatie nog verder aan te blaas. Hulle gee voor dat hulle van 'n korter en beter uitweg uit die lewensprobleme van die stadsmens as die kerk en die Bybel weet.

Veral die nie-blanke jeug en intelligentsia word geraak deur hierdie spanninge van die stad. Dit lei dikwels tot vervreemding van die kerk en antagonisme teen die Christelike godsdiens".[1)]

Dit is veral dan ook die materialistiesgesinde Bantoe, hiertoe gebring deur die invloed van die westerse ekonomiese lewe wat deurtrek is van materialisme, wat die maklikste en gerieflikste prooi word van kommunisme aangesien daar aan hom voortdurend 'n stoflike lushof voorgehou word. Met hierdie invloed, tesame met die Bantoe se nasio= nalistiese vryheidsaspirasies, wat weer aangewakker word deur die separatistiese kerke, kan die kommunisme feitlik seker wees van sy sukses.

Die talle nuwe godsdiensvorme wat in Batho sy verskyning gemaak het, en hier dink ek veral aan die separatistiese kerke, bevat glad nie die moontlikheid om die behoefte en drang na godsdiens van die Stadsbantoe te bevredig nie, want hulle is, soos aangedui, meesal nasionalisties ingestel en dien tot uitbuiting en korrupsie van die godsdienstige lewe van die Bantoe. Die gebrek aan ware geestelike belewenis en 'n geestelike lewe het veroorsaak dat sosiale verval intree, want afgesien van die feit dat ware godsdiens slegs heilsaam op die individu asook op die gemeenskap kan inwerk, bied dit ook 'n definitiewe sanksie tot regulering van so 'n gemeenskap.

Bogemelde dui enersyds op die skynbare onvermoë van die verskillende kerklike denominasies om die massas van Batho tot bekering te lei en te betrek by die kerklike lewe. Hierdie waarheid regverdig 'n selfonder= soek aan die kant van die kerke ten einde o.a. 'n herwaardering te maak van hul metodes van bearbeiding. Andersyds egter kan 'n mens ook nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat daar baie min faktore is wat werklik gunstig is vir die geestelike bearbeiding van die inwoners

---

1) Van Der Merwe, W.J., op cit., p.180

van Batho deur die kerklike denominasies. Die kerke moet oor baie struikelblokke en stremminge heen die geestelike bearbeiding van die inwoners van Batho behartig soos breedvoerig in Hoofstukke IV en VI beskryf, nl. die misbruik van sterk drank en Bantoebier, misdaad, bendes, dagga en dobbel, onsedelikheid, pornografiese literatuur, oorbewoning, armoede, die nadelige invloed van die Blankes, separa= tisme, die verskeurdheid van die kerke, gebrek aan voldoende aansluiting by die kultuureie van die Bantoe en die beoefening van die tradisionele godsdiens van die Bantoe. Indien bogemelde toestande verbeter sou kon word, sal dit beslis tot voordeel strek van die uitbreiding van die Christendom in Batho.

Wanneer 'n mens let op die aanwesigheid in Batho van die aanbidding van die voorvadergeeste en die beoefening van magie, soos breedvoerig in Hoofstukke IV en VI uiteengesit, dan moet 'n mens saam met Sundkler tot die volgende slotsom geraak: „The ancestral spirits and their cult have dwindled away in the City, driven out by the new spirits of secularism, industrialism, and western individualism. ......Magic, on the other hand, does not give away to the pressure of modernism. It is driven underground, but by this very fact - by being forbidden and driven underground - it is revitalized and it reappears in the Zionist Church".[2)]

Hier vind ons die Bantoe, soos dr. Durand tereg opmerk, op sy laaste en sterkste vesting in sy religie. Sy religieuse lewe is in 'n krisis, maar hy trag en slaag in 'n besondere mate daarin om hierdie krisis te bowe te kom deur aanpassings te maak en soms 'n merkwaardige soepelheid te openbaar. Hoewel bewus van die soms gebrekkige karakter van sy offerkultus, is daar nie 'n vermindering van sy vertroue in die beskermende mag van die voorvadergeeste te bespeur nie. Inteendeel, in 'n wêreld van tegniek, by die fabrieksmasjien en in die verkeer, word aan die voorvadergeeste magte toegesê wat hulle vantevore nie gehad het nie. Bowenal toon hy die hardnekkigheid van sy verset teen die proses van sekularisasie nie net in die handhawing van sy geloof in die wêreld van magie nie, maar ook in die uitbreiding van die omvang daarvan.[3)]

---

2) Sundkler, B.G.M., op cit. p.261

3) Durand, J.J.F., op cit. (1970) p.94.

Toordery is dan ook een van die vernaamste struikelblokke op die pad van die kerstening van die Bantoe. Selfs in die dolosse wat vir die Blanke na die ooglopendste bedrog sou lyk, word nog sterk geglo, omdat hulle dit beskou as deel van hul erfenis en as komende van die voorvaders. Ons vind hier 'n ingebore geloof in 'n bonatuurlike krag wat nie maklik weggedu sal word enkel op aandrang van die kerke nie. Slegs die wederbarende werking van die Evangelie self kan dit in die lewe van die Bantoe laat verdwyn. Toordery is dan ook een van die grootste oorsake waarom die Evangelie so stadig vorder en van die swak geestelike lewe in ons sendinggemeentes.

Ook wat die geloof in die voorvadergeeste betref, merk Durand tereg op dat die meer sluimerende aard van die geloof in die voorvader=geeste nie gesien mag word as 'n aanduiding dat die einde van hierdie geloof in sig is nie. Die voorvadergeeste word al hoe meer in verband met die wêreld van onberekenbare magte gebring wat eerder besweer moet word deur magiese middele en handelinge as wat dit deur offerandes versoen kan word.[4)]

2. <u>Aanbevelings</u>:-

(a) <u>Die huweliks- en gesinslewe van die inwoners van Batho moet ver=beter en heropgebou word</u>: Dit veronderstel dat die faktore van buite, wat bydra tot die swak toestand waarin hierdie aspekte van die lewe van die inwoners van Batho verkeer, bekamp moet word. Dit behels 'n verbetering van die algemene lewensom=standighede en sluit ondermeer in: beter tipe behuising en die uitskakeling van oorbewoning; beter besoldiging van Bantoes en die bekamping van ekonomiese agterlikheid; die beperking van loseerdery; die beperking van trekarbeiders; die verpligte registrasie van <u>bogadi</u>-huwelike; die daarstelling van voldoende ontspanningsgeriewe. (In Batho is daar byvoorbeeld geen speelpark vir die kinders nie); die etniese groepering van die inwoners van Batho; strenger beheer oor die verskaffing, gebruik en besit van sterk drank en Bantoebier; strenger optrede teen

---

4) Durand, J.J.F., op cit., (1970) p.99

alle vorme van misdaad en leeglopery; die beter beligting van strate; die bekamping van pornografiese literatuur; die beperking van die uithuisige arbeid van getroude vrouens en daarmeegepaard= gaande verwaarlosing van hul huise en kinders.

Afgesien daarvan dat elkeen van die bogemelde aspekte eintlik vir hulself spreek en ek reeds na enkeles daarvan, by die bespreking van die struikelblokke en stremminge wat die kerke ondervind m.b.t. die geestelike bearbeiding van die inwoners van Batho in Hoofstukke IV en VI, verwys het, wil ek tog graag sommige daarvan hieronder verder toelig ter stawing van my aanbeveling:

(i) Oorbewoning:-

Baie opvoedings- en sosiale probleme ontstaan hierdeur en hulle kan onder die huidige toestand van oorbewoning nie opgelos word nie. Oorbewoning is 'n verwoester van ge= sinslewe met 'n opmerklike slegte invloed op die lewens= patroon van die kinders. Ordelike huisvesting sal nie alleen behoorlike kontrole deur die owerheid vergemaklik nie, maar ook, vanweë die meer tevrede gemoedstoestand, 'n groter ingang van die Evangelie by die inwoners van Batho verseker.

(ii) Beter besoldiging van die Bantoe:-

Hierdeur sal die inwoners van Batho nie slegs beter wonings kan bekom nie, maar oor die algemeen 'n beter bestaan kan maak. Dit sal ook tot gevolg hê dat die Bantoe minder ge= frustreerd sal voel, aangesien hy met 'n beter salaris vir hom en sy gesin weer vaste eiendom ('n woning) kan aanskaf en ook sal besef dat die Blanke hom 'n bestaansreg gun. Baie vroue sal hierdeur ook nie nodig hê om te werk nie en sal goed na hul kinders en huishouding kan omsien. So sal nie alleen 'n meer rustige samelewing bewerkstellig word nie, maar sal jeugverwildering, jeugmisdaad en tsotsi-bendes bekamp word wat die verkondiging van die Evangelie beslis sal bevoordeel.

Oorweging moet in hierdie verband van die kant van die Staat daaraan gegee word om minimum salarisse vir elke tipe van werk by wetgewing vas te stel wat Blanke-werk=gewers aan Bantoe-werknemers moet betaal. Dit sal voorkom dat Bantoe-werknemers deur Blanke-werkgewers uitgebuit word.

(iii) Voldoende ontspanningsgeriewe:-

Hierdeur sal verseker word dat die Bantoe liggaamlik en geestelik bevredig word deur sy vryetydsbedrywighede. So kan nie slegs 'n gevoel van samehorigheid onder die inwoners van Batho gekweek word nie, maar wanneer ouers en kinders saam gelukkig en volkome kan ontspan, sal dit beslis bydra tot 'n gelukkige huislike lewe.

(iv) Etniese groepering:-

In Batho, wat 'n gevestigde woonbuurt is, is 'n etniese groepering prakties onmoontlik tensy die inwoners na nuwe gebiede oorgeplaas word. Dit bly egter 'n ideaal wat, indien dit bewerkstellig kan word, baie beter sal werk-nie net uit 'n administratiewe oogpunt beskou nie, maar ook gesien van die kant van die kerke. Dit sou bv. nie alleen tolke tydens eredienste uitskakel nie, maar ook 'n groter onderlinge samewerking tussen gemeentelede tot gevolg hê. Moontlike gespanne verhoudinge tussen lidmate wat die kerk=like lewe nadelig sal beïnvloed word ook so uitgeskakel.

Die kanse van 'n heterogene groep om sy eie identiteit te behou, is swakker as dié van 'n homogene volksgroep. Dit het ons in Batho ook aangetref, want sy heterogene bevolking, tesame met Westerse invloede, het tot gevolg gehad die verswakking en verval van die tradisionele stamkontrole en gebrek aan gemeenskapsanksies met die gevolg 'n reeks anti-sosiale verskynsels en optrede. Wanneer etnies gegroepeer, kan sekere eie maatskaplike sanksies des te beter tot voordeel van almal toegepas word.

(v) Die bekamping van trekarbeid:-

Dit het 'n slegte eties-sosiale nasleep beide in die stede en die tuisgebiede en is die oorsaak van baie euwels. Dit ontwrig die gesinslewe. Dit is eintlik 'n vanselfsprekende gevolg, aangesien trekarbeiders vir maande van hul families verwyder is. Die man neem bv. in die stad 'n ander vrou, terwyl sy eie gesin tuis gebrek ly.

(vi) Die verpligte registrasie van die bogadi-huwelik:-

Hierdeur sal nie alleen behoorlike kontrole deur die owerheid en die kerke uitgeoefen kan word nie, maar sal daar ook opgetree kan word teen mense wat buite-egtelik saamwoon en buite-egtelike kinders verwek. Die registrasie van bogadi-huwelike is tans nie verpligtend nie en mense kan eenvoudig, by navraag, beweer dat hulle volgens Bantoe-gebruik getroud is en dit dan só aanvaar moet word sonder enige bewyse. Die Bantoes beweer dan ook dikwels dat hulle volgens Bantoe-gebruik getroud is bloot om 'n woonplek te bekom.

(b) Spesiale sorg moet deur die kerke bestee word aan die erkende Christene en die Jeug:

Die erkende Christene moet nie ten koste van die onaktiewe lidmate en die heidene verwaarloos word nie. Hierdie aktiewe kern moet steeds die besondere aandag en bearbeiding van die kerke geniet, aangesien dit feitlik die enigste sendingspeerpunt is wat nog vandag in die stedelike lokasies oorgebly het. Die weg na die onaktiewes en heidene gaan juis deur hierdie kern.

Wat die besondere bearbeiding van die Jeug betref, moet altyd onthou word dat hulle die grootmense van môre is. Hierin moet die Staat, onder wie se beheer die dagskole staan, en die kerke saamwerk. Dit is 'n erkende feit dat die skool 'n terrein is waar die Christendom van sy grootste oorwinnings, maar ook nederlae kan behaal. Daar is geen ander terrein naas die kerk waarop daar meer vormend op die mens en sy samelewing ingewerk word as juis hier nie.

Bogemelde hang natuurlik saam met die feit dat kultuur aangeleer word en nie aangebore word nie. Die persoonlikheidsvorming ge= skied volgens lewenstandaarde en -norme wat eie is aan die volk waaraan die persoon behoort. Die lewe van die opgroeiende indivi= du word dus geskoei op die volkslees en as hy die volwasse stadium bereik het, het hy 'n volksgekondisioneerde persoonlikheid wat gefikseer en moeilik veranderbaar is.

In die lig van die bogemelde sou dit raadsaam wees dat daar van die kant van die erkende kerke 'n doelbewuste poging aangewend word, deur middel van onderhandelinge met die Staat, om weer beheer oor die dagskole te verkry. Indien dit nie bewerkstellig kan word nie, moet die nouste samewerking tussen Staat en kerk op hierdie gebied steeds gehandhaaf word.

(c) Interkerklike samewerking moet verbeter word:-

Wat die huidige toestand in Batho m.b.t. hierdie aangeleentheid betref, asook die stremmende uitwerking wat die verskeurdheid van kerke op die geestelike lewe van mense het, het ek reeds in Hoofstukke IV en VI breedvoerig behandel. Daar is nie alleen in die Heilige Skrif 'n goddelike imperatief hiervoor te vind nie, maar dit hou ook voordele in soos die volgende:

(i) Die vermyding van geestelik noodlottige konkurrensie.

(ii) Die vermyding van verwarring by bekeerlinge en heidene.

(iii) 'n Meer effektiewe getuienis na buite, bv. deur 'n ge= samentlike gemobiliseerde sendingaksie van stapel te stuur.

(iv) 'n Wedersydse verryking van mekaar deur die verskillende kerke.

(v) 'n Beter besetting van arbeidsterreine deur die ver= skillende kerke en die uitskakeling van oorvleueling.

(vi) Die beperking van separatistiese groepe. Die praktyk het bewys dat separatistiese groepe nie 'n groot aanhang vind onder Bantoes in gebiede waar interkerklike samewerking goed is nie.

Die strewe na eenheid moet egter steeds geskied met die eer= biediging van die Waarheid in Christus volgens die Skrifte waarop die kerk gegrondves is.

(d) <u>Die Bantoekerke moet meer die geleentheid gegun word om 'n eie patroon van godsdienstige en kerklike lewe te ontwikkel</u>:-

Die uitlewing van die Christelike Godsdiens volg nie dieselfde patroon by alle volke nie. Kragtens sy selfstandigheid het die Bantoekerk die prerogatief om 'n eie patroon van godsdienstige en kerklike lewe te ontwikkel wat die beste by sy bestaanswyse aanpas. Die kerk is bo alle twyfel gewortel in Jesus Christus, maar staan in verband met die bodem waarop hy lewe. So sal die liturgie van 'n kerk bv. by verskillende volkere 'n eie nuan= sering openbaar. Die Bantoe bid bv. baie meer aktief saam met die liturg as die Blanke. So sal daar onder die gebede dikwels uitdrukkings soos „au" en „amen" gehoor word wat geen bewys is van onstigtelikheid of gebrek aan eerbied nie.

'n Verdere voorbeeld in hierdie verband is dat die Bantoe 'n baie groot liefde het vir ritmiese sang en musiek. Hy dans eer= der sy godsdiens uit as om dit uit te redeneer en is lief om, wanneer daar gesing word, ritme te hou deur hande te klap. Dit is hulle manier van sing en wie dit wil verander, moet die volksaard verander. 'n Oordeelkundige aanwending hiervan hou groot moontlikhede vir die kerke in.

Die Bantoe wil nie dat daar van buite af 'n inheemse kerkvorm op hom afgedwing word nie. Die Bantoekerke wil self besluit of daar by sekere van hul tradisionele gebruike aangesluit moet word of nie. Daar is by die Bantoe 'n vrees vir die gedagte van 'n inheemse kerk omdat hulle bang is dat hulle dieselfde weg sal gaan as die separatistiese kerke. In 'n wêreld waarin alles vorentoe beur is hulle bang vir konserwatisme. Bantoegelowiges deins dan ook dikwels terug vir kervorme wat Blanke kerke, in hul oorspanne pogings tot inheemse kerkvorming, aan hulle wil opdring. As ons bv. aan hulle 'n kerkgebou wil opdring met 'n boustyl van Bantoe-motiewe, verkies hulle dikwels 'n westerse kerk met 'n toring.

(e) Die volkskultuur van die Bantoe moet meer eerbiedig word:-

Hierdie aspek het ek reeds in Hoofstuk VI breedvoerig bespreek, maar ek wil hier weer in kort die lig daarop laat val.

Dit is aan die een kant 'n onomstootlike feit dat daar nie by alle volksgebruike van die Bantoe met die verkondiging van die Evangelie aansluiting gevind kan word nie. Aan die ander kant is daar wel elemente in die kultuur van 'n volk, naas dié wat lynreg teenoor of in die plek van die Woord van God gestel word en waarby daar beslis nie aansluiting gevind mag word nie, krag= tens God se Algemene Openbaring waarby aansluiting gevind kan word en wat nie verontagsaam mag word nie. Dit kan gedoen word sonder om die Openbaring in Christus geweld aan te doen.

Indien alle aansluiting by die kultuureie van 'n Volk deur 'n kerk sondermeer verwerp word, sal die arbeid van so 'n kerk nie alleen tot 'n groot mate vrugteloos bly nie, maar dit sal ook neerkom op Europeanisering en die siening dat die Evangelie tot die Weste behoort. Dan is dit dat die heiden gefrustreerd raak omdat alles wat aan hom eie is, dit wat hy met moeite deur die eeue opgebou het, nie goed genoeg is nie. Dit kan selfs vyandskap wek. 'n Mens wen nie 'n volk deur op sy kultuur te trap nie.

179/.....

## BIBLIOGRAFIE

ASHTON, H., The Basuto, (1955).

BEATTIE, J., Other Cultures, (1964).

BRUWER, J.P., Die Bantoe van Suid-Afrika, (1963).

BRUWER, J.P.,. Die Anderswaardige Kultuurtradisie van die Bantoe, uit „Grense", 'n Simposium oor Rasse en ander Verhoudinge, Stellenbosch, (1961).

COERTZE., P.J., Inleiding tot die Algemene Volkekunde, (1960).

Die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, (1955). (TOMLINSON-VERSLAG).

DURAND, J.J.F., Christelike Sending - Allesomvattende roeping, (1964).

DURAND, J.J.F., Swartman, Stad en Toekoms, (1970).

DU TOIT, H.D.A., Die Kerstening van die Bantoe, (1967).

FEJOS, P., Magic, Witchcraft, and Medical Theory in primi= tive Cultures, in „Every man his way - Readings in Cultural Anthropology" deur A. Dundes, (1968).

GOLDENWEISER, A., Anthropology, (1937).

HANEKOM, C., Ontspanning en Vryetydsbesteding by the Bantoe van Suid-Afrika, (1958).

HERSKOVITS, M.J., Man and his Works, (1950).

HONIGMANN, J.J., The world of man, (1959).

JUNOD, H.A., The life of a South African Tribe, (1927).

KRIGE, E.J., The Social System of the Zulus, (1936).

KRUGER, P.J.H., Die lewenspatroon van die Bantoekinders in die Bantoewoonbuurt Batho - Bloemfontein, (1963).

MALEFIJT, A. DE WAAL, Religion and Culture, (1968).

OBERHOLSTER, J.J., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, (1964).

PAUW, B.A., Religion in a Tswana Chiefdom, (1960).

SCHAPERA, I., The Tswana, (1953).

SUNDKLER, B.G.M., Bantu Prophets in South Africa, (1961).

TALJAARD, J.C., Die Naturelle-Administrasie van die Stad Bloemfontein, (1953).

TEMPELS, P., Bantoe-filosofie, (1946).

VAN DER LEEUW, G., De Godsdiensten der Wereld, (1955-56).

VAN DER MERWE, W.J., Gesante om Christus wil, (1967).

VILAKAZI, A., A Reserve from Within, in „African Studies" 16, [illegible] (1957).

WETTE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

BYLAE A

## AANSOEK OM 'N KERKTERREIN BINNE 'N STEDELIKE BANTOEWOONGEBIED.

N.B. Hierdie aansoek moet in viervoud by die betrokke stedelike Plaaslike Bestuur ingedien word.

### DEEL A.
### (AANSOEK)

Die Stadsklerk,
BLOEMFONTEIN.

Meneer,

Aansoek word hiermee gedoen vir ministeriële goedkeuring kragtens artikel 42(f) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, (Wet Nr. 25 van 1945), ten einde 'n beperkte belang vir kerkdoeleindes te verkry by terrein Nr. .............. geleë binne die .............. stedelike Bantoewoongebied binne die Stadsgebied van ................ ........................... in die Landdrosdistrik van ..............

Die uwe,

...................................

Handtekening en Ampstitel van Applikant.

Datum .........................

Adres .........................

...............................

Mede onderteken deur Hoof of verantwoordelike verteenwoordiger ................................
Handtekening en Ampstitel

DATUM .........................

Adres .........................

...............................

...............................

182/......

DEEL B.

BESONDERHEDE VAN APPLIKANTEKERK

1. Volle naam van die Kerk soos in sy amptelike stukke omskryf

...............................................................

...............................................................

2. Naam en adres van die Kerk se hoofkantoor binne die Republiek van S.A. ...............................................

...............................................................

3. Het die Kerk 'n skriftelike belydenis, konfessie, stigtings=akte of konstitusie? ..................................

.................... (Indien 'n afskrif daarvan nie alreeds aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur is nie, moet dit aangeheg word.)

4. Datum van stigting van die Kerk in S.A. ......................

5. Hoeveel gevestigde gemeentes het die Kerk binne die verskillende Provinsies met:

| | Tvl. | Kaap | Natal | O.V.S. |
|---|---|---|---|---|
| (a) Goedgekeurde terreine | ...... | ...... | ...... | ........ |
| (b) Sonder terreine | | | | |

6. Noem die liggame met wie die Kerk verbintenisse het ............

...............................................................

...............................................................

---

DEEL C.

BESONDERHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE AANGEVRAAGDE TERREIN.

1. Hoeveel gedoopte bona fide lidmate bo die ouderdom van 15 jaar het die Kerk wat op die betrokke terrein bedien sal word?

...............................................................

2. Sal 'n *leraar/evangelis voltyds by die terrein in diens wees?

...............................................................

3. Meld naam, onderwys, en teologiese kwalifikasies van die *leraar/evangelis wat in beheer van die Kerk op die terrein sal wees

...............................................................

...............................................................

4. Hoelank is die Kerk in die betrokke Bantoewoongebied werksaam?

..............................................................

..............................................................

5. Noem die tydperk waarbinne u Kerk oor voldoende fondse sal be= skik om 'n gepaste kerkgebou en omheining op die aangevraagde terrein te kan oprig: ........................................

..............................................................

6. Meld die ligging van die naaste omliggende terrein wat deur dieselfde kerk ge-okkupeer word, sowel as die afstand vanaf die aangevraagde terrein en die aantal lidmate oor die ouder= dom van 15 jaar wat by elke terrein bedien word;

| | Plek | Afstand van aange= vraagde terrein. | Aantal Lidmate |
|---|---|---|---|
| (i) | ........................ | ........................ | ........................ |
| (ii) | ........................ | ........................ | ........................ |
| (iii) | ........................ | ........................ | ........................ |

Ek sertifiseer hiermee dat die inligting vervat in Dele B en C na die beste van my wete korrek is.

......................................

Handtekening en Ampstitel van applikant

DATUM ..........................

---

DEEL D.

MOET DEUR DIE PLAASLIKE BESTUUR VOLTOOI EN IN DRIEVOUD AAN DIE LANDDROS OF BANTOESAKEKOMMISSARIS GESTUUR WORD.

................................

................................

Die * BANTOESAKEKOMMISSARIS,/LANDDROS,

..........................

(1) Meld vir hoeveel kerkterreine is daar volgens die goedgekeurde aanlegplan in bogenoemde Bantoewoongebied voorsiening gemaak
..............................................................

(2) Word die terrein waarvoor aansoek gedoen word reeds deur applikantekerk geokkupeer? .......... Indien wel, meld

(a) sedert wanneer ................................ en

(b) met wie se goedkeuring ..........................

(3) Hoeveel van die kerkterreine genoem onder vraag (1) hierbo is alreeds met ministeriële goedkeuring toegeken? .............

..............................

(4) Het die applikantekerk alreeds ander kerkterreine in dieselfde etniese gebied as die terrein waarvoor nou aansoek gedoen word? ........................ Indien wel, meld hoeveel en terrein=nommers ..................................................

(5) Is daar ander kerkgenootskappe wat vanweë getal lidmate in die betrokke woongebied groter aanspraak op die betrokke perseel kan maak as die huidige applikantekerk? ......................

Indien wel, meld besonderhede ...............................

..............................................................

..............................................................

(6) Noem die tydperk waarbinne die Kerk oor voldoende fondse sal be=skik om 'n gepaste kerkgebou en omheining op die aangevraagde terrein te kan oprig ............................................

..............................................................

(7) Beveel die *Stedelike Bantoeraad/Adviserende Bantoekomitee die aansoek aan? ..............................................

'n Afskrif van die volledige voltooide konsephuurooreenkoms word hierby aangeheg vir oorweging.

Die aansoek word *aanbeveel/nie aanbeveel nie omdat ............

..................................................................

..................................................................

..................................................................

..................................................................

..................................................................

Verwysingsnommer ...........................

Datum .......................................

----------------------------------

Handtekening van verteenwoordiger van Plaaslike Bestuur.

*Skrap wat nie van toepassing is nie.

--------------------

U.O.V.S.—U.O.F.S.